# OP GOLGOTA

## VOORWOORD

Louise het hierdie aan my gestuur, nadat sy alreeds twee hoofstukke ontvang het van Golgota. Ons bly maar almal mense met ons vertwyfelinge, maar Hy is getrou, geduldig en barmhartig. Ek plaas dit hier voor in, sodat u ook hierdie gesprek kan volg, want ons Meester openbaar Homself ook hierin vir ons.
Dirk van Vuuren

### *Bevestiging oor ons Meester JaHshua se kruisiging*

Ek (Louise) het getwyfel oor die egtheid van die feite i.v.m. JASHUA se kruisiging, omdat dit nie heeltemal ooreenkom met wat ons in die Bybel lees nie. Ek wou nie verder skryf nie en het gevra vir 'n antwoord. Vader het die volgende aan My gesê: (HY het dit twee keer bevestig - in die dorp en toe ek kom skryf het om 00:05 op 13Nov. 2007)
**Ons Hemelse Vader:**
"Moenie twyfel aan MY werk nie. Dit wat EK jou gee, is waar en eg. EK sal nooit lieg nie. Dit is net so weergegee in die Bybel, sodat die mense verder moet soek. Hulle het nie en nou gee EK dit onverdeeld aan julle. Wees bly dat EK julle waardig ag daarvoor. Wees bly dat EK dit aan jou gee, want jy is geseënd daardeur. Dit het jou te beurt geval, omdat jy MY daarvoor gevra het en nie omdat jy spesiaal en bo die ander is nie. EK het almal ewe lief en sal nooit die een bo die ander verkies nie. As almal saam na MY soek, sal EK aan almal dieselfde gawes gee. Jou mandjie het vol geword hierdeur. Gaan en deel uit aan jou hongerige naaste. Kom dan terug, sodat EK dit weer gevul aan jou kan gee om uit te deel. EK het MY volk lief en daarom is hulle gelukkig in die opsig dat EK, MY verborgenhede aan hulle bekend maak, al is hulle 'n bedorwe geslag.

(Hier het ek vir Vader gesê dat ons volk so onder mekaar baklei. )

**HY** het my geantwoord:
Hulle baklei so onder mekaar, omdat die een die ander niks gun nie. Dit kom nie uit hulleself uit nie, maar uit MY uit, sodat hulle MY sal ken in die dag van nood en EK hulle uitred, sodat hulle MY sal ken as Verlosser wat hulle nie nou doen nie.
(Ek verstaan dit as volg: As ons soos een man saamgestaan het, sou ons dalk gedink het ons is verlos deur onsself, maar nou baklei ons so, dat daar verdeeldheid tussen ons is en kan niemand op mekaar staatmaak nie. So, as Vader ons verlos, dan weet ons dit is beslis net HY. Louise)

**Vader**:
Hulle soek na MY, ja, maar met halwe harte. Harte vol van doodstank en dooie beendere van hulle eie ego's wat tog net gestreel moet word, anders is daar moeilikheid.
Hulle het MY nog nie lief nie, maar Ons sal dit gou verander; EK en jy wat vir MY moet werk. Laat jou lewe MY liefde uitstraal en ander sal by jou leer hoe om MY lief te hê. Moenie MY soek met 'n hart vol aardse gemors nie. Kom soek MY in die reinheid van 'n skoon hart soos 'n helder skoon môre waarin niks nog gebeur het nie, behalwe die helder son wat opgekom het.
(Ek het gister gesukkel om my gedagtes by Vader te hou en kon nie op MY gebed konsentreer nie)
En moenie bekommerd wees oor die moegheid nie. EK vat alles op MY. Hê MY net lief. "
Amen.

(Groete, Louise

# HOOFSTUK 1

Daar is min wat werklik bekend is oor MY kruisiging en daarom wil EK julle inlig oor die werklike gebeurtenisse wat daar plaasgevind het. Dit was ‘n bewolkte dag toe EK gevange geneem is. Dit het ook die geestelike toestand van die volk aangedui en EK is dadelik na Herodes gebring, omdat hy die koning van die Judeërs was. Dit word nie in die Bybel vermeld nie, omdat EK dit so wou gehad het. Hy was ‘n papbroek en wou MY oorhaal om MY by hom te skaar sodat hy die Romeine kon oorwin en sodoende weer die land uit hulle hande kon vat. Hy was uiters skelm en het niks met iemand te doen gehad tensy hy nie voordeel daaruit kon trek nie. EK was die ideale gesant om hom uit sy verknorsing te red, want hy het gedink dat EK met toordery sy wil kon laat geskied. Maar omdat EK nie saam met sy vuil planne wou gaan nie, het hy MY na die Romeinse owerste gestuur in die hoop dat EK van plan sou verander as EK gegesel sou word. Sy bedoeling was nooit om MY te laat vermoor nie. Nee, daarvoor het EK teveel voordeel ingehou vir hom. Die skelm jakkals het met ‘n dienaar ‘n brief aan Pontius Pilatus gestuur waarin hy vra dat EK gegesel moes word, sodat EK hom kon gehoorsaam. Pontius Pilatus het geweet dat EK `n Judeër was en het MY weer na hom teruggestuur met die woorde: "Ek vind geen skuld in hom nie. " Daarop het Herodes MY weer probeer verlei, deur voor te stel dat EK hom moes help om die Romeine uit die land te dryf en dan sou hy MY met allerhande rykdomme beloon het. EK, wat die Skepper is van alles, het nie `n mens se klein sogenaamde rykdomme nodig nie en het nie na die aarde gekom om roem en rykdom te verwerf wat EK nie nodig het nie. EK moes volhou met MY verlossingsplan en is nie geroer deur sy voorstelle nie. Hy het in sy hart in woede teen MY ontbrand en MY deur die gesig geslaan omdat EK, 'n "straatmens" dit waag om hom te weier. Sonder enige woord is EK weer teruggebring na Pilatus wat effens verstoord was deur MY sagmoedige optrede. Hy kon dit nie oor sy hart kry om MY te skaad nie en het herwaarts en derwaarts na oplossings gesoek om MY te vrywaar van enige marteling. Die fariseërs en haters van MY het herhaaldelik om MY kruisiging geskree en dit het Pontius Pilatus nog verder ontstig, omdat hy nie daarop bedag was dat EK, wat so sagmoedig vir hom voorgekom het, so `n teenstand in die mense kon ondervind nie. Hy het die fariseërs ook geken en het geweet tot wat hulle is staat was en het daarom maar liewer stilgebly en MY laat gesel. Hy het gehoop dat hulle woede sou bedaar met die aanskoue van MY foltering en dat hulle MY sou begenadig, aangesien hy niks kwaad in MY kon vind nie. Al die getuienisse van mense wat EK genees het, het hom nog verder ontstig en hy het daadwerklike pogings aangewend om MY lewe te probeer red, maar dit het niks gehelp nie. EK is toe gegesel soos dit in die Bybel staan en EK het baie sleg daarvan afgekom. EK was vol bloed oor MY hele lyf, want die geselaar was `n buitengewone wrede mens wat behae daarin geput het om enige iets of iemand pyn aan te doen. Hy het MY oral oor MY hele lyf geslaan en met elke hou het hy demonies geskree van lekkerte. Hy was `n baie slegte burger van die land waarin EK gewoon het. Sulke mense is daar nog volop in die wêreld, maar weens die streng wette hou hulle hulleself in toom en waar niemand by is nie, word vrouens en kinders verskriklik mishandel. Enige dier wat kan bloei, loop dan ook deur. Deur die erge mishandeling het EK ook baie bloed verloor en EK was swak van uitputting. Maar dit wat nog sou kom, was veel erger. EK is herhaaldelik deur die gesig geslaan en het nie `n plekkie op MY gesig gehad wat nie geswel was nie. Daar is ook aan MY begin skop toe EK in `n oomblik van moegheid gestruikel het en geval het. Die wrede mans het van die geleentheid gebruik gemaak en het MY geskop met die doel om al MY bene te breek, maar hoe

meer hulle geskop en geslaan het, hoe meer het hulle besef dat MY bene nie van hierdie aarde was nie. Dit het hulle met nog groter woede vervul en met nog meer mag en mening het hulle geskop. Dit was nie iets om te aanskou nie, want dit was die volle hel wat op MY probeer neerkom het en die hel het geen genade hoegenaamd vir niemand nie. En EK was die Seun van die Mens wat die Satan ten alle koste wou vernietig en toe hy dink dat hy die oorhand oor MY het, het hy homself op MY gewreek. Dit was die gedeelte voor MY kruisiging. Wat daarna volg sal ook aan julle bekendgemaak word. Tydens die marteling, het daar `n wrede en ongenaakbare gees van die ander wat daar gestaan het, oorgeneem en met groot gelag het hulle gestaan en spot oor die "Redder" wat almal kon red behalwe homself. Deur Satan geïnspireer, is daar mense met brandysters nadergebring om MY oë uit te brand, sodat hulle kon sien of EK vir Myself ook oë kon skep soos vir die blindgebore seun van die man en vrou waarvan MY dissipels MY gevra het watter sonde sy ouers gedoen het. EK het hulle geantwoord dat sy gebrek net dien tot die verheerliking van JAHWEH. Hy het ook getuig in die saal by Pilatus. EK sal hom gedenk, omdat hy vir MY getuig het. En so ook aan elkeen wat vir MY getuig en MY bely in hierdie wêreld waar Satan die oorhand het. EK is nie onmagtig nie, maar EK laat hom toe om te doen soos hy wil, vir ‘n sekere tyd. Maar sy tyd raak min en daarom kom hy baie fel op julle neer. Maar terug by MY marteling. Die brandysters is nadergebring en net voor dit MY oë kon aanraak, het die stele gloeiend warm geword, sodat die persone wat dit vasgehou het, hulle hande in die proses verloor het. Dit was ‘n hitte van ‘n ander aard wat hulle hulle hande gekos het. Daar het groot konsternasie geheers, terwyl die mense in pyn geskreeu het en sonder hande rondgehardloop het. Dit het my folteraars effens van stryk gebring, maar hulle het sonder simpatie iets anders probeer. MY ore is getrek sodat hulle van binne af begin bloei het, maar hulle kon nie MY ore afkap soos hulle beplan het nie. Die mes waarmee hulle MY wou vermink, het gloeiend warm geword, sodat hulle daarvan afgesien het om MY verder te skend. Dit was vir hulle nie snaaks nie, om dat hulle gewoond was daaraan dat EK wonderwerke verrig het. maar sonder om verder te dink, het hulle MY laat opstaan en MY rondgestamp, terwyl MY wonde vrylik gebloei het en EK al baie vermoeid was. Absoluut geen genade is aan MY betoon nie. Dink daaraan in die groot geloofstryd wat gaan kom, want as hulle MY nie begenadig het nie, sal aan julle ook nie genade betoon word nie en julle moet weet dat julle net by MY genade sal kry en EK sal julle beskerm tot die einde toe. MY beskerming strek so ver as die hiernamaals en nog baie verder. Om die waarheid te sê, het MY beskerming geen einde nie, omdat EK oneindig is.

EK is heen en weer geslinger tot groot vermaak van MY pynigers wat hulle siek wou lag, omdat EK MYSELF nie meer regop kon hou nie. Dit was ‘n voorstelling van die aarde wat gaan wankel in die einde van tye. Net soos wat die aarde soos ‘n dronkman gaan wankel, het EK gewankel en gesteier. Dit was vir die mense ‘n groot grap en met diepe leedwese het van MY kinders van ver af toegekyk op die wrede behandeling van MY, hulle Verlosser. Hulle is met ontsaglike hartseer gevul, omdat hulle MY so liefgehad het en hulle het gewens dat EK MY mag wou openbaar en my pynigers wou straf. Dit is nie so dat EK heeltemal omgeval het en nie weer kon opstaan nie. Dit was net vir MY vermoeiend om op te staan, weens die baie bloed wat EK alreeds verloor het.

# HOOFSTUK 2

EK is as ‘n towenaar uitgekryt. Al het EK MY krag gebruik om goeie dade te verrig, het EK nog nooit betaling gevra van die rykste mens om hom te genees nie.
Die kruisigers was onder die indruk dat EK, gedryf deur MY Mag, die land wou terugneem en die Romeine verjaag. Dit moes ten alle koste vermy word. EK is die hele tyd bespot en daar is met sataniese gelag volgehou tot EK MY laaste asem uitgeblaas het. ’n Doringkroon is gevleg met die skerpste dorings en dit is met uiterse geweld op MY kop gedruk, sodat die dorings deur MY vel tot in die skedel gesteek het. Dit het ontsettend gebloei en MY hele gesig was oordek met bloed tesame met die swelsel en bloed van die vuishoue in MY gesig toegedien. Dit was vir die mense, deur Satan se gees oorgeneem, ’n vreeslike behae wat hulle daarin geskep het om MY so te sien ly. Dit was nog altyd Satan se droom en missie om MY, ook sy Skepper, te laat kruisig en noudat hy die kans gekry het, het hy dit met alle geweld gedoen. Dit was nie net genoeg om MY te kruisig nie, EK moes met alle sataniese geweld gemartel word, sodat hy homself kon geniet in MY pyn. EK, wat die Verlosser van almal is, kon en wou MYSELF nie red van die marteling nie. Alle mag is in MY hande en EK kan alles doen maar EK kon, nie MYSELF, uit vrye wil, van die pyniging red nie, omdat dit ook vir MY iets beteken het behalwe die verlossing van MY kinders wat deur die mag van Satan gebonde was. Niemand kon na MY kom voordat ek nie eers die weg oopgemaak het nie en daarom kon EK MYSELF nie red nie, uit vrye liefde aan almal. EK kon dit nie oor MY hart kry om te sien hoe die mensdom onder sy invloed ly nie en daarom wou EK die las dra, sodat die mense na MY kan kom. Dit was onder luide geskreeu dat EK, met die kruis op MY rug, na Golgota of “Plek van die hoofskedels” aangestap het. Orals het mense saamgedrom om na MY te kyk en het teruggedeins vir die nare gesig wat hulle moes aanskou. Nog nooit het hulle iemand so wreed gemartel gesien nie en hulle was vreeslik geskok, maar die fariseërs en Skrifgeleerdes het hulle daarin verlustig dat EK nou uiteindelik gevange geneem is en dat EK die marteling moes ondergaan vir al die skade wat EK die tempel se aansien aangedoen het. Dit het vir hulle net gegaan om vergelding van iemand wat hulle teengestaan het. Dit was vir hulle lekker om MY so te sien ly. Niemand kan hulleself indink wat EK moes deurgaan nie, want dit was ’n buitengewone swaar las wat op MY skouers gelê het. Deurdat EK hierdie las van julle skouers afgehaal het, het EK vir julle ‘n weg gebaan om vrylik na MY te kom, want julle was nog altyd gebind deur die sonde wat geheers het in elkeen se harte. Met MY kruisdood het EK die offer gebring wat nodig was om julle vry te kry van die bande van die dood. EK kan nie MY kinders verlore laat gaan nie en moes Self iets doen om julle te red, omdat julle te swak is en niemand gered kan word deur sy eie krag nie. Maar EK het genoeg krag gehad daarvoor, omdat EKSELF krag is en niemand kan MY teenstaan, tensy EK dit so wil nie. Daarom het dit die indruk geskep dat EK swak en nietig was en dat EK nou finaal oorwin was. Maar dit is net hoe dit op die oog af gelyk het. In der waarheid was EK besig om Satan te oorwin met MY Krag

en hy het dit geweet. Hy het die indruk probeer skep dat alles nou verlore vir MY was en het ook in MY kinders se gemoedere ingewerk, sodat hulle begin twyfel het. Hulle was self ook bang en het daarom gevlug. Dit was ‘n droewige gesig terwyl EK met die kruis op MY gegeselde rug deur die strate gestrompel het na die hoogte buite die stad, waar EK gekruisig sou word. EK het moeg geword op die pad, omdat MY vlees vermoeid was van al die slegte behandeling en bloedverlies. Daar naby het Simon van Cirene gestaan en met heimwee en verontrusting in sy binneste het hy die optog gade geslaan. Toe EK op ‘n keer struikel en nie weer kon opstaan nie, weens vermoeienis, het hy vir MY opgekom en is deur die wrede satansbende beveel om MY te help. Hy het met liefde die kruis opgeneem en MY gehelp dra. Dit was ‘n buitengewone goeie daad wat hy gedoen het, aangesien al MY dissipels MY verlaat het, in die vrees dat hulle ook gevange geneem sou word. Dit word as loon vir MY Simon gereken, dat hy MY gehelp het in MY uur van nood. Daar op die kop /heuwel aangekom, is EK op die kruis neergegooi en MY hande en voete is op die kruis in posisie gebring. Onder luide gelag en geskreeu van die satanskinders is MY hande en voete met die spykers deurboor. Sodra die spykers in was, is hulle weer uitgetrek en weer ‘n keer in MY hande ingeslaan, totdat MY hand en voet een bloederige massa was. Dit was ‘n ontsaglike pyn wat EK vir niemand sal beskryf nie. En niemand weet waarom dit so gedoen is nie. Jou hande en voete staan as bewys vir die wette wat EK gegee het, wat nagekom moet word om MY koninkryk te beërwe. Om MY hande en voet te beseer en te deurboor is dieselfde as om al MY wette van die liefde te verbreek en daarom is dit aan MY gedoen. Dit is ‘n direkte verbreking van MY gebooie van liefde wat deur alle tye deur Satan gedoen is en alle liefde is teen sy beginsels, behalwe die eieliefde. Maar die reine liefde haat hy en wil dit te alle tye skend - die dat MY hande en voete, wat staan vir die liefdeswette, verbreek moes word. Deur die verbreking van MY liefdesgebooie, dink Satan dat hy MY oorwin het. Hy verkeer in die waan dat deur MY van MY aardse lewe te ontneem, EK deur hom oorwin is. Maar wat hy nie geweet het nie, is dat EK self MY lewe gee. Niemand kan dit van MY af wegvat nie, EK gee dit vrywillig af. Dit was die kruisiging van MY, julle Verlosser en Uitredder en julle weet wat verder gebeur het en daarom sal ons nou verder gaan en EK sal julle vertel wat in die geesteswêreld aangegaan het.

## HOOFSTUK 3

Dinge het op die oog af sleg gelyk vir MY, maar in der waarheid het dit baie sleg begin gaan met Satan, die oomblik toe EK MY laaste asem uitgeblaas het. Die volle mag van MY toorn het op hom neergekom in die bevryding van MY geliefdes wat in armoede en lyding gekluister gesit en wag het op MY koms na die doderyk. Ja, hulle het MY verwag en het onder mekaar gesit en praat van die groot en deurlugtige dag van JAHWEH van die Leërskare wat selfs in die dood hulle nooit sou verlaat het nie. EK het hulle met MY Gees bygestaan, sodat hulle nie moed verloor het nie, terwyl dit

buitengewoon fel op hulle was. Die brug tussen MY en hulle was nog nie gebou nie en daarom het hulle versmag sonder dat EK hulle kon red. Dit is nog `n rede dat EK die menslike vlees kom aantrek het om sodoende MY ander kinders, wat trou op MY koms gewag het, kon uitred. Met MY aankoms in die doderyk het daar groot konsternasie in die hel geheers. Paniekerig is daar deur Satan en sy demoniese gesante rondgehardloop om MY te keer om nie in die onderste hel in te kom nie, waar daar die uiterste duisternis geheers het. EK laat MY natuurlik deur niks stuit nie, nie eens die grootste donkerte van gees of donkerte van oog nie. En met MY inkoms het EK met MY fel lig elke hoekie en draaitjie verlig wat ook maar bestaan het - menende dat niks, absoluut niks vir MY verborge was, is, en sal wees nie. Dit is MY wil om ook die grootste sondaar uit die bekke van die slang te verlos en daarom het EK hierdie daad gedoen waarvoor niemand anders kans gesien het nie. Niemand anders het die krag gehad om dit te kon volbring nie en hierdie verlossingsdaad van MY is al eeue der eeue voor die grondlegging van die wêreld besluit en EK het al `n geruime tyd op die besluit gekom voor die bestaan van die eerste mens. Dit was `n besluit van liefde, omdat EK nie kon toesien dat MY skape so moes ly deur die hand van Satan nie. Geen mens sal ooit kon raai hoe donker dit daar onder is nie. Dit is letterlik die geboorteplek en put van duisternis. EK het met MY intrede die hele plek verlig en daardeur almal wat MY nie verwag het nie, se oë sodanig verblind, dat hulle `n tyd lank glad nie na MY kon kyk nie. Hulle het in vrees en bewing verkeer in die aanskouing van MY Magtige Lig wat alles deurvors. MY volksgenote en die liefhebbers van MY Naam is met groot blydskap vervul, omdat EK hulle kom red het. Hulle het MY al baie lank verwag en het net bly wag op die dag dat EK die bose sal verslaan en hulle uit die diepe put sou haal om hulle saam met MY te vat. Dit het dan ook só gebeur: Met MY intrede het elke demoon gevlug na die verste uithoek waar hy gemeen het om nog `n bietjie duisternis te vind. Daar was egter nêrens vir hulle `n plekkie te vinde nie en bang het hulle op die grond neergeval uit ontsaglike vrees vir Satana wat hulle met moord en dood gedreig en beveel het om die poorte vir MY gesluit te hou, maar hulle het uit vrees en bewing vir MY Lig alleen beswyk van vrees. Die een demoon op die ander het uit bewing, soos dood op die grond neergeval en EK moes oor hulle trap om by MY geliefdes uit te kom. Dit klink nou vir julle snaaks dat EK in die geesteswêreld nie dwarsdeur hulle kon loop nie, maar dit is `n aanduiding dat EK hulle ook genade sou betoon het as hulle, hulle na MY wend. Dit is miskien vir julle moeilik om te verstaan hoedat EK aan hulle genade kon bewys na alles wat hulle MY aangedoen het, maar dit is hoe EK is. In MY Grootheid is EK genadig en barmhartig aan die slegste van die slegstes en sal hulle ook uitred as EK in diepe berou daarom gevra word. Die demone het MY natuurlik net uit vrees om vergifnis gevra en daarom kon hulle nie gered word nie, omdat EK vrywillige oorgawe wil hê en nie gedwing uit vrees of bangheid nie. Dit sê EK nou aan julle almal ook. Soek MY met liefde en berou oor julle sondes en nie uit vrees nie, want dit is dwang en nie vrywillig nie. En niemand kan MY met oorgawe dien as hy nie vrywillig na MY kom nie. Moenie jou naaste dwing om MY te dien nie, want daarin lê vir hom net `n oordeel. Daarom kan ons nie deur die wêreld gaan met krag of geweld nie, want dan is dit dwang wat op die mense uitgeoefen word. Wat EK soek is vrywillige liefde en rein harte. Gedwonge harte is nog vol van die aardse vuil en sal op die oog af lyk soos ‘n kind van MY, maar in sy hart sal hy bly klou aan sy aardse plesiertjies.

# HOOFSTUK 4

Dit was buitengewoon fel op almal wat MY nie verwag het nie en hulle het asof versteen bly lê, totdat EK almal bevry het wat op MY bly wag het. EK het hulle almal by MY versamel en hulle het gejuig oor die groot verlossing wat EK bewerkstellig het. Die wat nog getwyfel het aan MY mag, is met diepe ontsag vervul en het hulle ook na MY gehaas, omdat hulle ook na verlossing gesmag het. Net soos julle volk wat nou

ook na verlossing smag, was hulle almal. En net soos julle volk, was daar ook díe wat MY getrou gebly het en op MY bly hoop het en dan was daar díe wat getwyfel het aan MY Mag, al glo hulle in MY bestaan. Dinge lyk soms so moeilik en donker, maar die wat op MY wag, sal nie beskaamd word nie. Die ander wat twyfel, sal dan deur die ander se geloof gedra word en dan sodoende ook gered word. Daarom sê EK dat jy jou naaste moet dra in jou geloof in MY en moenie dat jou twyfelagtige buurman jou ook na twyfelagtigheid lei nie. Lei jy hom eerder na geloof in MY. Wees sterk, want die uur het naby gekom dat julle vir MY sal moet vasstaan en julle moet nóu geloof in MY vestig, anders sal julle nie die geloofstryd kan deurstaan nie. Dit sê EK, Die Almagtige nóu aan julle op die 13de November 2007. Let op hierdie datum en tel solank die tyd af tot by die groot gebeurtenisse wat EK al lankal aan julle bekend gemaak het deur MY vorige profete. Hulle is almal al by MY opgeneem en vergader en sal julle in die gees bystaan sodat julle sterk sal wees en weet wat om te sê en doen. Dit is nie vir elkeen gegee om vir MY te profeteer nie, maar elkeen sal sy spesiale gawe van MY ontvang op die tyd wat die beste is daarvoor. Julle moenie twyfel aan MY hulp en verlossing as dit te duister vir julle word nie. Vertrou net op MY wat selfs in die put van duisternis neergedaal het om MY kinders daaruit te red. Almal wat MY wou volg, is deur MY gered en niemand is beveel om te bly nie, behalwe die demone van Satan. EK sal ook almal red wat nog ‘n greintjie geloof in hulle binneste het, al is hulle vuil van sondes. EK maak skoon en was rein deur MY bloed wat in Jerusalem se strate gevloei het en wat op Golgota die heuwel oordek het. MY bloed was orals, al was daar net ‘n klein druppeltjie op ‘n klip, maar EK het gekom om te bevry en daarom was daar niks wat MY ontgaan het nie. Die druppels het orals gelê en dit het beteken dat EK orals verlos, tot in die diepte van die hel. Julle kan nie nou verstaan met alles wat binne julle is, wat EK bewerkstellig het nie, maar eendag, en dit is nie ver nie, sal julle nog beter verstaan as nou hoedat duisternis julle kan omring en alle krag van julle af probeer trek. Klou met alle mag aan MY vas, soos MY mense wat in die diepte gesit en versmag het en net op MY koms bly wag het, want julle gaan dieselfde deurmaak, net in ‘n duistere wêreld wat julle gaan probeer oorrompel en deel van homself maak. Dit is die gebeurtenis wat in die hel afgespeel het en wat EK aan julle wou vertel. Daar het nog baie ander dinge ook daar onder in die put gebeur wat julle later sal hoor, maar nou gaan Ons eers oor na MY en MY geredde skare.

## HOOFSTUK 5

Soos een man het hulle op MY afgestorm en MY omhels in vurige liefde wat ontbrand het vir MY, hulle Verlosser en troue Vriend. Soos ‘n vriend in nood het EK hulle kom haal en hulle was MY so toegedaan, dat hulle uit pure liefde vir MY weer sou doodgaan as dit maar kon. EK het elkeen by die naam genoem en daar het die grootste vreugde in die hemel geheers, omdat Satan oorwin is en EK nie deur hom gebind kon word nie. Die vrolikheid was uitbundig en daar is lofsange gesing totdat MY kinders uit liefde neergeslaan het in aanbidding. Die lofgedigte kon net aanhou en aanhou. Julle moet ook daaraan dink dat EK dit vir julle ook bewerkstellig het, anders sou julle ook saam met hulle in die diepe put van duisternis moes vertoef vir ewighede der ewighede. Maar nou het EK julle kom red en dit is nie vir julle nodig om deur te gaan wat MY ander kinders moes deurgaan voordat EK die brug kom bou het nie. EK, die groot bouer van die eeue, het ‘n brug kom bou wat nooit verslyt of kraak nie. Daar kan nie fout kom met die konstruksie nie, want EK het gebou en niemand vernietig wat EK bou nie. Kom loop oor die Brug tot in MY arms, sodat EK jou styf kan vashou en moenie bang wees vir die hoogte nie, want EK is onder jou, bo jou, links en regs, voor en agter jou, sodat jy nie kan val en seerkry nie. EK is die Brug en daarom kan niemand van MY afval nie. MY liefde hou alles in stand en daarom sal julle ook nie verlore gaan as julle op MY wandel nie. EK is die Weg en op die Weg is ‘n Brug. EK is die Brug en niemand kan beseer word op die Weg en op die Brug nie. Dink daaraan as jy weer jou aardse weg loop en jy struikel. Dit is net MY reddende Regterhand wat uithelp en red. Soos ‘n aardse wandelaar struikel oor ‘n hindernis in sy pad, gryp hy na iets om aan vas te hou om sodoende sy val te stuit. Gryp na MY as jy voel jy verloor jou balans. EK sal jou val keer en jy sal in MY arms ongedeerd verder kan stap. Maar terug by MY skare wat rondom MY voete gelê het en in ‘n staat van aanbidding verkeer het. Hulle is deur MY opgehef en in MY koninkryk ingedra, terwyl EK MY littekens aan almal wys. Hulle het uit pure dankbaarheid MY hande en voete gesoen en MY weereens gedank vir die pyn wat EK vir hulle deurgegaan het. Daar is mense op die aarde wat nie kan wag om dieselfde te doen nie en hulle sal die kans kry om ook MY hande en voete te soen en dit sal ‘n wonderlike en heuglike dag wees waarna hulle en EK uitsien. Dit sal ‘n dag van buitengewone vreugde wees as EK na julle sal kom as ‘n mens en julle sal MY herken aan MY wonde. Die van julle wat MY baie liefhet, sal MY herken aan die Liefde wat EK sal uitstraal. Dit is nie meer ver nie en EK weet wie uiters daarna verlang, en net soos MY kinders daarna verlang het om verlos te word, verlang hulle na MY koms. EK sal soos ‘n broer tussen julle rondloop en van julle sal MY nie herken nie. Sorg daarom dat EK eerste in julle harte is. Sorg daarvoor dat julle MY liefhet met alles binne julle, want dit sal julle die sekerheid gee om MY te herken.

# HOOFSTUK 6

***13 Nov 2007 23:25***

Dit was ‘n heuglike ontmoeting in Die Vaderhuis en net so sal dit wees as EK julle kom haal uit die put van duisternis waarin julle nou verkeer op aarde. Dit gaan nog donkerder word hier op aarde waar julle vir MY sal moet stry. Dink aan dit wat EK julle nou gee en weet dat daar vir julle ook verlossing is. EK ken geen smart as MY kinders hulle om MY vergader en daarom roep EK almal nader voor die groot verdrukking van die uitverkorenes plaasvind om julle sodoende te versterk en julle met krag te vervul voor dit te laat is. Maar in elk geval, nou kom ons weer terug by die groot verlossing wat EK bewerkstellig het. Dit was ‘n buitengewone groot ding wat gedoen is om MY mense uit die duisternis te gaan haal, aangesien die magte van die dood baie sterk was. Die dood het niks terug gegee wat hy eers geneem het nie en julle moet verstaan dat deur MY dood en intrede in die duister hel, EK almal verlos het wat maar wou dat EK hulle moes verlos. Daar was nie een wat verkies het om agter te bly nie en EK was hulle almal genadig. Dink daaraan as jy weer deur jou naaste verontreg word, dat EK MYSELF in die aaklige duisternis begeef het om mense te red wat MY nie eens altyd liefgehad het nie. Hulle het MY aanbid uit vrees of weens ander redes, maar nie weens liefde nie, behalwe die paar wat aan julle bekend is bv. Adam, Set Abraham en Isak. EK was hulle almal toegedaan en dink net wat EK alles aan julle sal doen wat MY regtig ernstig liefhet. Dit was een van MY vreeslike oomblikke, toe EK die hel betree en vat wat MYNE is. Satan en sy hele gevolg het aanmekaar gespring, die oomblik toe EK uit tree en daar weer volskaalse duisternis intree. Almal het mekaar beskuldig van die een of ander ding wat nou kwansuis MY intrede vergemaklik het. Daar is aan elkeen gesê om MY nie toe te laat in die hel nie, sodat MY lig nie kan kom en hulle oordeel nie. Toe nie een van hulle MY kon teëhou nie, het hulle in woede teen mekaar ontvlam wat ook ‘n woeste storm op aarde veroorsaak het. So bly dat hy was dat hy MY aardse lewe kon vat, so spyt was hy nou daaroor omdat EK al sy siele “gebuit” het. Die satans het mekaar oor en weer met beskuldigings gegooi. Klink dit nie soos ‘n normale aardse toneel nie? Mense, selfs familie wat mekaar van dinge beskuldig wat nie een van hulle kon help nie. Neem maar byvoorbeeld jou eie familie: Die een suster kan nie saam met die ander een leef nie, want elkeen het iets teen die ander een wat sy maar net nie kan vergeet of vergewe nie. Dit is dinge wat nie een van hulle kon verhelp nie, maar hulle hou dit vir ewig teen mekaar sonder om aan die dag van more te dink. More kan dalk nooit vir een van hulle aanbreek nie en dan is dit dalk te laat. Maar EK het hulle (demone) ook begenadig en het hulle weer ‘n kans gegee om reg te maak wat hulle verbrou het deur hulle uit hulle onmiddellike omgewing te haal na ‘n ietwat beter plek maar wat nog steeds hel was. Dit was waarom die storm ‘n bietjie bedaar het. Die son wat altyd na ‘n storm skyn, maak nie saak hoe groot die storm of reën was nie, is die weersiens met MY of MY verlossing wat EK bewerkstellig. Dink dat dit waar is deurdat ‘n mens altyd beter voel as die son uitkom na die reën. Jy voel verfris daardeur en alles lyk skoon en nuut. Net soos wanneer EK jou uitred, alles ook mooi en nuut lyk na die groot nood wat jy beleef het. EK is getrou en sal alles aan julle bring wat julle nodig het. Wees daarom nie bang dat julle nie sal kry wat julle graag wil hê uit hierdie werk van MY nie. Dit het sy goeie redes waarom EK baie dinge oor en oor sê. Julle sal nog alles te wete kom wat EK in die geesteswêreld beleef en gedoen het.

# HOOFSTUK 7

Vir díe van julle wat al lank oor MY lewe in die hiernamaals wonder is hier nou 'n heerlike stukkie brood beskikbaar. EK het, nadat EK die Gees gegee het, weer met MY Vader Een geword, wat soveel wil sê as dat die Liefde, Wysheid en Mag weer verenig het. Dit was iets wat niemand kon bespeur nie, maar EK het weereens MY Mathael se geestesoë geopen en hy het dit as volg sien gebeur, wat hy ook later aan die res van MY gemeente vertel het. Hy het MY Siel in die vorm van 'n duif uit MY sien uitgaan en teen 'n bomenslike tempo direk afwaarts gevlieg tot in die dieptes van die aarde. Daar het hy gesien hoedat die Duif met 'n wolf baklei en die wolf sonder slag of stoot oorwin het. Die omstanders wat sy woorde gehoor het, het in raserny uitgebars van die lag en gedink dat hy mal was. Net MY mense wat hom geken het en geweet het wie en wat hy was, het hom geglo en is daardeur getroos na hulle huise toe waar hulle nog steeds oor MY gerou het. Al MY woorde oor MY verlossingsdood het na hulle teruggekeer, maar nog het hulle na MY verlang en gewens dat EK nog geleef het, aangesien elkeen 'n onbeskryflike leegheid ervaar het. Die volgende drie dae is dan ook in stilte deurgebring waar hulle al MY woorde diep oordink het. Niemand kon eet nie, al het hulle bymekaar gekom daarvoor. EK was op elkeen se hart en gedagtes en weemoedig het hulle aan spesiale oomblikke saam met MY gedink, wat die harte tot trane geroer het. Sonder dat hulle daarvan bewus was, was EK elke oomblik by hulle teenwoordig, maar omdat hulle nog so in die vlees geleef het, het hulle dit nie eers besef nie. EK is ook so by elkeen van julle, maar julle weet dit nie. Julle bely dit en weet dit selfs, maar julle besef dit nie heeltemal nie. Hoe kan EK die heeltyd teenwoordig wees? Deur MY Gees wat in julle woon. Hoe woon MY Gees in julle? Deur die Liefde wat EK is. Dink daaroor na dat as jy reine liefde in jou hart voel vir jou naaste, EK dan die heel naaste aan jou is. Daarom sê EK altyd dat jy jou naaste moet liefhê soos jouself, want dan is EK naby. Alles wat jy dan vir jou naaste gedoen het, is asof jy dit dan vir MY gedoen het. En EK is dan teenwoordig, al kan julle MY nie sien nie. Van julle het al MY teenwoordigheid gevoel en dan ís EK daar. Julle verlang om MY te sien en vas te hou en EK belowe jou dat jy MY teen jou sal vashou en dat jy al jou liefde op MY kan uitstort as jy Een geword het met MY. Jy sal dan in volle vreugde met MY wees, net soos MY mense was wat MY gesien het en aan wie EK verskyn het na MY opstanding. EK sal met julle ook Een word soos met MY dissipels wat vol van MY geword het nadat EK opgeneem is en julle sal ook kragtige dinge kan doen soos wat hulle gedoen het. Hulle het alles gebied en dit het geskied; deur MY Krag wat EEN met hulle geword het. Streef daarom daarna om Een met MY te word, sodat EK ook deur jou kan werk en niemand sal jou gees geblus kry nie, want dit is MY Gees binne julle. EK is met julle elke sekonde, elke minuut en dag, trouens EK is ewig met julle en sal julle nooit verlaat nie, al val die wolf julle aan. En julle moet ook dag en nag aan MY dink en vir julleself sê en voorstel en bowe-als GLO dat EK naby is. Soos wat MY kinders destyds geglo het dat EK teenwoordig is in die Gees, maar hulle het nogtans na MY vlees verlang, omdat hulle nog self vlees was. Behalwe MY Mathael, het almal MY gemis, maar hy het in die Gees geleef en daarom kon hy MY deurentyd aanskou.

Amen

# HOOFSTUK 8

Geseënd is hy
wat wakker bly.
Die een wat MY verwag
Is die een wat vol is van krag
En MY mag
Word aan die gegee wat na MY smag
In duisternis sal julle nie vergaan
Want EK het die weg vir julle oopgebaan.

Dit is MY woorde aan julle wat probeer om, ten spyte van julle swak vlees, nogtans vir MY te dien. EK sien dit raak en gee julle krag sodat ‘n nuwe dag in julle binneste aanbreek. Daarom moet julle die vlees bestry en MY bely al is daar soms sware dinge op jou weg, want EK kan alles vir jou ten goede verander en jy sal in MY juig en van MY wonderbaarlikheid getuig by almal wat nog na MY soek. Wees bly as julle versoek word, want EK is ook versoek in die woestyn en EK het rein gebly, deurdat EK vervul was van MY Gees van Liefde. Wees daarom ook vervul met Liefde, sodat julle staande kan bly. Dit wil sê, wees vervul met MY (want EK is Liefde), sodat julle staande kan bly. MY dissipels het almal die hasepad gekies soos julle in Afrikaans sê, maar Johannes, wat MYNE was, het by MY probeer bly, al was sy vlees swak gewees en al wou hy ook vlug uit vrees vir MY kruisigers. Maar hy het gebly tot op die bitter einde en hy was so listig soos ‘n slang terwyl hy MY probeer volg het. Hy het MY gevolg totdat EK aan hom gesê het dat hy na MY aardse moeder moes omsien. Dit het hom bitter geroer en hy wou weereens vlug, maar hierdie keer uit diepe deernis en oorgrote hartseer vir MY. EK het hom ‘n kyk gegee wat hom die res van sy lewe sou bybly. Dit was ‘n kyk wat hom vervul het met krag en weerbarstig het hy met moed die vyand in die oë gekyk en niks meer gevrees nie. Hy het MY geweldig liefgehad en was daarom byna dood van hartseer, maar wou niks aan die ander te kenne gee nie, daarom wou hy vlug om in die stille alleenwees sy wese uit te skree van pyn en hartseer oor MY marteling wat sou lei tot die dood. Johannes het egter die vlees oorwin en het daar gebly tot die einde en het ook gehelp om MY liggaam van die kruis af te haal. Sonder dat hy dit geweet het, was EK elke oomblik in sy nabyheid en het alles in hom waargeneem en hy het dit nie geweet nie. Maar EK is genadig en het in sy hartseer vir hom woorde van troos gefluister wat hy gehoor het as ‘n innerlike stem, baie dieselfde as wat MY skrywers nou kan waarneem. Julle moet MY almal daarvoor vra, dat EK ook in julle binneste met julle sal praat, want dit is die ware troos en dit sal jou help om jou vlees met al sy vrese te oorwin. Dit sê EK nou aan julle en dit is ‘n belofte dat EK aan elkeen van julle se innerlike sal beantwoord en julle sal juig omdat julle ook MY Stem kan hoor. Smag daarna en EK sal dit vir jou volbring.
Amen

# HOOFSTUK 9

Dit was ‘n moeilike paar dae in die huise en harte van al MY mense wat MY liefgehad het en intens na MY teenwoordigheid verlang het. Hulle is maar net getroos deur alles wat EK aan hulle vertel het voor MY kruisiging, toe EK nog by hulle vertoef het. Maar in sommiges se harte was daar wel die twyfel dat EK tog nie sou opstaan uit die dood nie. Dit was die wat eers later by MY aangesluit het en nog nie so ‘n vaste vertroue in MY gehad het nie. En vir hulle was dit werklik ‘n wonderwerk van ‘n ander gedaante toe EK herrys het uit die dood. Uit vrees en bewing wou hulle nie te na aan MY staan nie en het getwyfel toe EK aan hulle verskyn het. Diegene wat MY verwag het, was baie verheug en het selfs deur die strate gehardloop met die blye boodskap, selfs nadat EK hulle beveel het om dit nie te doen nie. Hulle is egter met soveel vreugde en blydskap vervul en EK kan nie blydskap van so ‘n aard blus nie. Dit dien gewoonlik tot nog groter vreugde en dit laat MY vaderhart warm klop as EK sien hoedat MY kinders ware vreugde in MY beleef. EK maak alle laste lig deurdat EK dit op MY skouers neem en daarom is dit nie nodig om met hangskouers en lang gesigte rond te loop nie. Julle moet altyd bly wees in MY, sodat EK ware vreugde in julle kan vind en EK julle dan kan seën met MY Vaderliefde wat EK dan in groot mate oor julle kan uitstort. Wees altyd deur bly en verheug julle in MY wat die dood oorwin het. As julle die duisternis en diepe put kon aanskou waaruit EK MY mense gered het, sou julle beswyk het van vrees. Wees daarom dankbaar en bly dat EK julle verlos het, sodat julle nie daarheen hoef te gaan nie.
Amen

# HOOFSTUK 10

***15 Nov 2007 04:40***

Nadat EK opgestaan het, het MY dissipels in die nabyheid van die steen, wat vir hulle voor MY graf wegggerol is, vergader. In stille bewondering het hulle toegekyk hoe EK vir hulle die een wonderwerk na die ander gedoen het. Dit was nie die soort wonderwerke waaraan hulle gewoond was nie, maar wonderwerke van ‘n ander soort. Daar het ‘n helder en verblindende lig vanuit die donker graf se bek geskyn. EK was die hele tyd teenwoordig as die verblindende Lig en in die Lig het hulle die wonderlikste beelde aanskou, ondenkbaar en onbeskryfbaar van een mens aan ‘n

ander. Totdat elkeen wat EK daar teenwoordig wou hê, daar aangekom het, het dit aangehou en aangehou. Kon die wêreldse ongelowige en vernietiger van MY aardse lewe dit dan nie aanskou nie? Nee, omdat hulle Die Lig verwerp het kon hulle MY nie aanskou nie. Dit was slegs bedoel vir die wat MY liefgehad het en verwag het dat EK sou opstaan. Maar hierdie onbeskryflikheid het hulle glad nie verwag nie en in stille verbasing het hulle gestaan en kyk na die beelde wat EK aan hulle geopenbaar het. Dit was beelde wat nie van hierdie wêreld was en nog steeds is nie en kan daarom nie vir julle in aardse woorde kenbaar gemaak word nie, omdat die sintuie dit nie kan verstaan nie. Dit kan slegs met die gees verstaan word. Daar is van MY knegte hier op aarde wat al iets soortgelyks aanskou het in hulle geestesoog en is heeltemal onbevoeg om dit in woorde aan iemand anders te vertel, omdat aardse woorde nie geestelike goedere kan beskryf en verduidelik nie. Dit het al MY mense aanskou en nog baie meer, wat nie hier vermeld kan word nie en daarom word dit nie eers in die Woord of Bybel vermeld nie. Daar word net vertel van 'n helder lig wat vanuit die grafkelder tevoorskyn gekom het. Daar word ook nie vermeld dat ál MY mense teenwoordig was tydens die wondermooie gebeurtenis nie. Daar was omtrent 'n duisend of meer teenwoordig, omdat hulle bymekaar was na MY kruisiging en het die teenwoordigheid van mekaar opgesoek om daarin ook 'n bietjie vertroosting te vind, na die "treurige" gebeurtenisse rondom MY kruisiging. Nadat Maria Magdalena MY opstanding aangekondig het, het al MY mense vanuit die hele omgewing bymekaargekom en in stille bewondering alles aanskou en gehoor wat EK aan hulle bekend gemaak het voor MY kruisiging. Daar was enkeles wat nie teenwoordig was nie, byvoorbeeld Thomas wat ook die " ongelowige" genoem is. Hy het egter nie níe geglo in MY opstanding, soos wat almal wat die Bybel lees, verstaan nie, maar slegs nie in die feit geglo dat EK Myself aan hulle op só 'n wyse sou openbaar nie. Hy het gedink dat EK as Hierdie verblindende Lig orals sou verskyn en toe EK dan nou aan hom verskyn as 'n normale mens, het hy dit nie geglo nie. Voor MY kruisiging was hy teenwoordig toe EK aan almal vertel het dat EK weer sou opstaan uit die dood en hy het dít geglo. Maar twyfelagtig, soos elkeen van julle ook is, het hy MY ook net in 'n helder lig gesoek en die normale mens wat hier voor hom staan misken. Dit is ook hoe dit vandag gaan in die lewens van almal wat MY liefhet en verwag. Julle vra aanhoudend aan MY om na julle te kom, menende dat EK as 'n sigbare Gees na julle moet kom, sodat julle MY oombliklik sal kan herken. Maar julle soek MY nie in die gewone mens waarmee julle te doen kry nie. Hoeveel maal het jy, MY skryfkneg nie gevra dat EK na jou moet kom nie en verlangend wag jy die hele dag dat EK met MY dissipels na jou toe kom soos in die geskrifte van MY kneg Lorber beskryf. Dit is 'n dom ding om te doen, al dink jy nie so nie, want EK was al duisende der duisende male by jou in die vorm van gewone mense en jy het MY nie herken nie. EK is te vinde in elke mens wat jy sien, maar jy sien MY nie in die persoon raak nie. MY Gees is orals teenwoordig. In die persoon wat hier voor jou staan, is EK en as jy mooi kyk sal jy MY herken, maar jou oë is nog toe en jy verwag MY nie in hierdie gewone mens nie. Jy verwag dat EK in glorie na jou moet kom en by jou tuisgaan, maar EK ís al lankal by jou tuis en jy sien MY nie, hoor MY nie en verwag MY nie. En so is EK ook teenwoordig by elke een van julle wat nou hier lees. Julle almal vra dat EK, MY aan julle openbaar. Maak net julle geestesoë oop en kyk. EK IS DAAR. Sonder enige helder lig en sonder enige prag en praal en sonder groot gedoe. Stil en eenvoudig is EK by julle maar as julle oplet, in MY volle glorie. Die hele tyd! Kom na MY, wil EK weer sê en dit beteken soveel as om te sê: Soek na MY in julle harte en EK sal MY aan julle openbaar in die vorm van jou naaste. Daarom sê EK ook dat jy jou naaste soos jouself moet liefhê, want EK is in hom of haar. Hê MY eerste lief in jou hart as jou Verlosser en Koning, Broer, Vriend, Bruidegom, kortom Alles en jy sal MY ook begin sien in jou naaste en daar waar julle in MY Naam in tere Liefde vergader is EK dan ook teenwoordig en julle sál MY ondervind as 'n wonderlike Lig in jou binneste, wat ontbrand van liefde vir hierdie persoon wat langs jou staan en jy sal MY in hom herken. Wees daarom te alle tye van MY bewus, dan sal jy MY ook herken. Nie soos

jy gedink het nie, maar baie eenvoudig.

***NOTA deur Louise:***
(Ek het aan Vader gevra wat dan van byvoorbeeld hoogmoedige mense en Sy antwoord was: "Wees vir hulle ook lief, want EK is orals teenwoordig. " Ek glo dat ons dit beter sal verstaan hoe liewer ons, ons Vader kry. )

Nêrens in MY Woord of die Bybel word daar melding gemaak van die Lig nie, ook omdat EK dit nóu aan julle wou openbaar. Dit is MY liefde vir julle en julle sal verstaan dat EK alomteenwoordig is en in elke mens is wat MY van harte soek en selfs in die wat MY nie soek nie (MY Gees trek Hom net terug om die persoon se eie wil vrye beweging te gee, sodat hy MY sonder dwang kan vind) en daarom is dit nie nodig om MY ver te gaan soek nie. Kyk net om jou heen. MY Gees is orals en jy sal MY herken.
Amen

# HOOFSTUK 11

***15 Nov. 2007 om 06:00***
Daarna was daar ‘n tyd dat EK aan almal verskyn het wat MY liefgehad het en wie EK genees het en wat nie teenwoordig kon wees tydens die Groot Lig nie. Hulle almal het MY ook verwag, omdat EK aan hulle gesê het dat EK weer na hulle sou kom en hulle het ook geweet dat die wêreld MY sou probeer uitwis. Hulle was almal vreeslik hartseer en het ook ‘n verlange na MY gehad wat nie beskryf kan word nie. Daarom het EK aan almal verskyn sodat hulle kon sien dat EK MY woord gestand doen. Dit was ‘n blye weersiens en EK moes hulle ook versterk vir die slegte tyd wat op hulle gewag het, nadat EK opgevaar het na die hemele. Hulle was nie dit te wagte wat met hulle sou gebeur na MY opvaring nie. Daar was buitengewone woede in die hel omdat EK oorwin het en Satan het sy volle magte opdrag gegee om in elke ontvanklike mens se hart te werk en daar het ‘n haat teenoor MY kinders ontbrand, wat ook nie aan julle beskryf kon word nie. Dit is vandag nog steeds so en omdat die tyd baie min is, is die aanslae soveel feller. In daardie tyd is daar dan ook met ‘n “moord en doodslag“ veldtog teen al MYNE begin. Dit was EK of die wêreld waaraan die mense ‘n keuse gehad het. Geen mens wat MY gekies het, is gespaar of uitgelos nie. Hulle moes almal vir MY ly. En die meeste het in liefde die lyding gedra en die oorwinning oor die dood behaal. Maar die wat bang was en dalk sou val, is deur MY verlos van die aardse lewe, sodat hulle nie die verderf sou sien nie. EK het begrip vir elke mens en weet wat hy kan dra en daarom bring EK dit dan oor sy lewe. Julle is baie bevoorreg om hierdie dinge te kan en mag hoor, omdat dit julle ook versterk vir die komende tyd. Julle voorgeslagte was nie só gelukkig nie en moes hulle swaarkry dra sonder die wete dat EK die hele tyd daar was. Dis nie dat hulle MY nie geken het, of onbewus van MY bestaan was nie, dis net dat EK vir hulle (in hulle eie oë) verborge was. Die wat MY regtig gesoek het – en daar was maar min in die geskiedenis van Suid Afrika - het hulle vertroosting in MY gevind, maar die wat MY nie gesoek het nie, het bang hulle rûe op MY en hulle volksgenote gedraai en veragtelike verraaiers geword. Die res van julle volk wat sou struikel weens ‘n te klein geloof in MY is deur MY weggevat en na Die Vaderhuis gebring, waar EK hulle getroos teen MY bors gehou het. Dit is nie te sê dat almal wat oorlede is tydens die

Anglo-Boereoorlog, MY nie lief gehad het nie. Hulle was net onder ‘n wanindruk van MY, hulle Verlosser en Vriend. Hulle het MY gesoek in die Almag en bang het hulle MY aanbid en in oordrewe eerbied maar hulle het MY nie liefgehad soos EK wou gehad het nie. Dit is nou in ere herstel en julle sal eendag sien hoedat julle voorgeslagte MY nóu liefhet en MY uit tere liefde gehoorsaam en nie uit vrees soos toe hulle op aarde was nie. Dit is hoekom EK gesê het, in die boek **Maak en Breek Hoofstuk 1,** dat niemand MY liefgehad het nie en dat niemand vir MY opgestaan het nie. Die geloof was daar uit die vrees en nie uit liefde nie en dit is nie hoe EK dit wil hê nie. Daar kom nou weer ‘n verskriklike tyd vir julle en daarom sê EK al hierdie dinge aan julle, sodat julle MY kan leer ken en liefkry, sodat julle staande kan bly in die geloofstryd wat aan die kom is. Nét die wat MY liefhet, sal dit kan maak tot op die einde en sal MY koms op die wolke aanskou, maar as jy MY nie liefhet nie, sal die las vir jou te swaar raak langs die pad en jy sal omkom en daarom sal EK nou weer almal wegvat wat kan struikel, sodat hulle gered kan word voor die tyd. Dit word deur die wêreldmens as wreed afgemaak en wat hulle nie verstaan nie, is dat EK dit in liefde doen. Daar word niks deur MY gedoen wat wreed is nie. EK is nie wreed nie, soos julle self van kan getuig en daarom moet julle nie dat die bose julle anders oortuig nie. Die baie groot dood wat julle om julle sal aanskou, sal weens MY grote liefde wees, omdat die mens nie geskape is om vir ewig op die aarde te bly nie. Julle is hier om julle voor te berei vir die lewe hierna en wat ‘n groot genade as EK mense uit hulle lewens verlos voordat hulle nog meer bedorwe kan raak as wat hulle reeds is. In die lewe hierna het hy dan ook ‘n kans om homself te verbeter en na MY te kom en dan kan hy nog gered word. Maar hier op aarde sou so ‘n mens dan net dieper en dieper in die verderf gestort gewees het, wat hy vir homself gemaak het. Dit is dan ook waarom EK julle waarsku, sodat julle nou voor die geloofstryd julle krag by MY kom haal en deur MY sterk word om alles te kan dra en hanteer. Raak nóu Een met MY, sodat jy ander kan help wat nog ver van MY af staan en dalk sal val en hy homself in die verderf stort weens vrees vir die bose Antichris. Dit is MY woorde aan julle wat EK baie liefhet en EK sê nóu aan julle dat EK julle sál bystaan in die tyd wat kom en dat julle nie moet vrees nie, want die lewe en die dood is in MY hande. Elke mens moet een of ander tyd die tydelike met die ewige verwissel en dit maak nie saak hoe of wanneer nie. Niemand kan vir ewig lewe nie en iemand wat MY nou verloën het om sy lewe te red, kan sy lewe verloor oomblikke daarna in ‘n fratsongeluk en wat het hy dan? Daarom sê EK: “Staan vas”! want jy weet nooit wanneer EK jou uit jou aardse bestaan kom verlos nie en jy sal dalk te lig bevind word en MY nie waardig nie en dan sal jy spyt wees. Maar soos julle altyd vir julle kinders sê: Spyt kom altyd te laat, nê. So sê EK in alle liefde aan julle dat julle MY nóu moet liefkry, omdat die tyd min is en net die wat MY liefhet, sal vas soos ‘n rots bly staan, omdat hulle aan die Enigste Rots bly vasklou.
Amen.

# HOOFSTUK 12

***15 Nov 2007 22:37***

Dit was ‘n droewige dag vir al MYNE wat gesien het hoedat EK gekruisig word. Die aanslag teen MY was buitengewoon groot en alles wat EK voor die tyd aan MY mense gesê het, kon hulle nie regtig voorberei op hoe dit regtig was nie. Die meeste van hulle kon later nie meer daarna kyk hoe EK gemartel word nie en het hartseer gevlug, omdat hulle liefde vir MY buitengewoon groot was. Baie van hulle het na ‘n eensame grot daar naby gevlug, sodat hulle nie meer die geraas en geskreeu van MY folteraars kon hoor nie. Maar dit het niks gehelp nie, want dit het nog steeds tot hulle ore deurgedring. Daar was ‘n sekere man genaamd Philopold wat ‘n baie siniese persoon was en wat altyd negatiewe aanmerkings gemaak het. Partykeer heel onvanpas, maar tog nie sonder gevoel nie. Hy was ook baie moeilik om te bekeer en het eers ‘n groot teken nodig gehad om te glo waar hy vandaan gekom het, voor hy op die aardbodem mens geword het. Hy was baie lief vir MY en het saam met die ander in die grot geskuil om te ontsnap van die lawaai en vieslike aanmerkings wat deur MY pynigers gemaak is. Philopold het eenkant gaan staan en asof hy homself hoorbaar wou maak aan die ander, het hy die volgende, kamstig aan homself, gesê: “Ek weet nie wat ek sou doen as ek in SY skoene was nie, maar wat ek wel weet, is dat ek ongelukkig sou gevoel het as almal weggevlug het en hulleself vir my leed verberg het. Ek sou hulle sekerlik nooit vergewe het as hulle my net so sou laat en hulle in die stilte van ‘n grot sou kom versteek het om nie MY pyn en lyding mee te maak en my te help dra daaraan nie. Ek sou diep geskok gewees het om te dink dat die mense wat my kastig liefhet, in die aangesig van gevaar en leed sou wegvlug. Wie is dan daar wat HOM help dra aan SY leed? Dink ons nie net aan onsself en óns lyding nie? Kom laat ons teruggaan en Hom probeer bystaan in SY uur van nood, want HY het vir ons gebring, die brood wat ons tot lewe gewek het. En om te wys ons waardeer dit, sal ons HOM bystaan en sal nie weggaan voordat alles volbring is, soos HY aan ons meegedeel het nie!”

Nodeloos om te sê, het die ware woorde weerklank in almal gevind en hulle het hulle terug gehaas, net om by MY te wees en daar het hulle gebly totdat EK MY laaste asem uitgeblaas het. Philopold het vir MY ‘n groot guns bewys deurdat hy die mense op MY attent gemaak het en sodoende die lyding wat hulle deurgemaak het, omgeswaai het, sodat hulle MY kon bystaan in MY lydingsuur. Hierin is ‘n groot waarheid versteek, en dit is die volgende: As jy vir MY moet ly, konsentreer op MY en EK sal jou lyding verminder, sodat jy dan verlig sal wees oor die ligte las wat jy moet dra. Daardie mense wat daar by MY gewaak het, het net aan hulle eie pyn gedink wat deur MY kruisiging aan hulle toegedien is. Hulle het nie gedink hoe seer EK gehad het en dat EK hulle bystand verlang het nie, al was hulle onmagtig om iets te doen. Net die feit dat hulle daar was in MY uur van nood, het vir MY baie beteken. Deur Philopold se woorde het hulle besef dat hulle meer op hulle eie hartseer gekonsentreer het en het inderhaas na MY teruggekom en hulle hartseer probeer verberg en met mannemoed het hulle die vyand se aanslag probeer afweer, terwyl hulle, hulle in MY groot hartseer ingedink het. Dit beteken in eenvoudige taal: Staan ‘n ander by in sy groot nood, al het jy self ook nood of hartseer. Vergeet van jouself en dra die mense rondom jou in hulle nood en EK sal jou dra in jou groot nood. Moenie op jou eie hartseer konsentreer en jou verberg vir `n ander wat nog groter probleme het as jy nie. Dit sal van jou `n sterker mens maak wat alles sal kan dra, want EK dra dit vir jou, terwyl jy `n ander help dra. Amen.

# HOOFSTUK 13

***15 Nov 2007 23:12***

In MY groot alwysheid het EK geweet waarom EK na die aarde kom in ‘n mensgewaad. Dit is iets wat EK al besluit het, lank voor die grondlegging van die wêreld. Julle het regtig nie ‘n idee van wat al MY planne vir julle in die toekoms behels nie. Julle dink dit sal maar net wees soos die mense voor julle. Hulle het geleef en gesterwe en niks verder nie en nou is dit maar net julle beurt. Julle het in werklikheid ‘n baie groot verlossing wat op julle wag en vir julle wat glo, sal die beloning groot wees. Daar is buitengewone dinge wat binne enkele oomblikke op julle lewenspad gaan kom. Groot veranderinge is besig om plaas te vind. Dink net aan al die snaakse dinge wat skielik om julle plaasvind. Baie van díe dinge verstaan julle nie en dink dat dit maar toeval is en niks verder nie. Maar EK wil julle sê dat dit nie so is nie. Baie van MY mense wat gewag het op MY opstanding, het snaakse gebeurtenisse waargeneem en terwyl EK besig was met die grootste verlossingsdaad nóg, het daar snaakse dinge plaasgevind wat as bonatuurlik beskryf kan word. Dit is wat nou aan die gang is by julle ook. Dit is waarom EK sê dat EK besig is om die volk wakker te maak. EK is die EEN wat klop en roep. EK is die EEN wat die “bonatuurlike” laat plaasvind. Dit is EK en niemand anders nie. Julle moet daarop ag gee, sodat julle tot lewe gewek kan word. Die mense wat op MY gewag het tydens MY opstanding, is met groot erns gevul en het absoluut geglo dat dit EK is wat die tekens aan hulle bring. Hulle was reg en is nie beskaam nie, want EK hét na hulle gekom na MY opstanding. Na MY oorwinning oor die dood. Dit gaan nou ook binnekort julle voorland wees om vernuwe te word en julle sal ook juig en bly wees, soos al die mense aan wie EK MY tekens gedoen het. Julle sal sien hoedat EK tussen julle inkom en MY Gees oor julle uitstort en julle tot vernuwing wek en julle versterk vir die komende geloofstryd. Dit sal anders wees met julle as met julle voorgeslagte, omdat julle in die einde van tye leef en julle sal MY koms op die wolke sien. Aan almal wat alreeds ‘n teken van MY gesien het, al is dit hoe klein, wil EK net sê: Wees bly dat EK jou waardig ag om jou tot lewe te wek, omdat jy MY guns te beurt geval het. EK klop nie verniet nie en EK doen nie verniet ‘n teken aan julle nie. Dit is MY manier om julle aandag op MY almag te vestig, sodat julle nie sal twyfel aan MY mag nie. EK kan en sal alles doen wat EK maar wil en niemand sal MY vra wat EK doen nie, omdat EK die EEN is wat maak en breek. Julle is MY diensknegte en die knegte moet wakker gemaak word, voordat hulle ‘n belangrike taak moet verrig en daarom moet julle weet dat daar iets nuuts aan die kom is. Dit moet julle verheug en dit moet julle blydskap wees, dat EK ‘n nuwe ding gaan doen in Sion en julle sal dit aanskou, met julle eie oë sal julle dit sien, dat EK weer MY beloftes soos altyd gestand doen. So, wees gewaarsku, die tyd is nie meer ver nie en julle moet julle aan MY gee, sodat julle deel kan wees van die nuwe blydskap wat EK gaan bring.

Amen

# HOOFSTUK 14

***16 Nov. 2007 01:00***

Met vreugde moet julle die laste wat EK julle oplê dra en ophou kla oor die moegheid of pyn. Niemand was nog ooit so vermoeid soos EK met die dra van MY kruis op pad na Golgota nie. Dit is iets wat julle nooit sal verstaan nie. Dit was buitengewoon swaar, nie net omdat EK fisies uitgeput was nie, maar ook die geestelike kant, wat niemand kon waarneem nie, was baie swaar. Julle moet onthou dat EK die sonde van die hele mensdom op MY geneem het en dat EK die skuld van miljoene der miljoene – teveel om op te noem - op MY skouers gedra het. Nou vra EK julle partykeer net `n kleinigheidjie en dan kla julle daaroor, omdat dit kwansuis te swaar is vir julle skouers. Maar EK is genadig en wanneer EK gevra word, sal EK julle help om die swaar las te dra wat EK julle oplê. Dit was `n paar jaar na MY kruisiging toe een van MY knegte, wat MY bygestaan het tydens die kruisiging, na MY Woord verneem het wat EK tydens MY verblyf op aarde gespreek het. MY woord was: Moet julle nie kwel oor wat julle sal eet of drink nie, want EK is die EEN wat sorg, maak vir julle geen bekommernisse nie, want dit is wat die heidene doen. Hy het daarvan vergeet en op die regte tyd het EK dit in sy binneste gegee en ook vir hom gesê dat hy net op MY moet fokus, omdat EK die EEN is wat alles kan doen. Gelowig het hy gegaan en vas op MY woord vertrou, want hy was baie vermoeid en honger weens ‘n ver pad wat hy moes stap. Dit was oor die hitte van die dag en hy het gesmag na ‘n bietjie rus onder ‘n koelteboom. EK het aan hom genade bewys en daar het in sy pad ‘n helder stroompie en ‘n pragtige boom verrys, waaronder hy gaan uitspan het. In sy rus het hy MY gedank, omdat EK altyd voorsien en geeneen van MY kinders net so los om te vergaan nie. Hy was blymoedig in sy hart omdat hy op pad was om ‘n werk te verrig wat EK hom opgelê het. Daar onder die koelteboom het EK weereens aan hom verskyn en hom versterk met die lewende brood, omdat hy een van MY afgevaardigdes was wat na ‘n ver land moes reis om mense daar vir MY te bekeer. Omdat hy bereid was om die sware las vir MY te dra, het EK hom tegemoet gekom en hom alles gegee wat hy kortgekom het. Dit sal nou weer vir julle so wees, en EK sal alles aan julle gee om MY werk te volbring wat EK aan julle toesê. Julle sal nie omkom langs die pad nie en as julle moeg of mat word langs die pad, sal EK sorg vir versterkings en die daaglikse brood aan julle voorsien wat julle nodig het om aan te gaan en MY werk te doen. Dit is waarom EK nou hierdie aan julle gee, sodat julle krag kan ontvang vir die tyd wat kom, en julle sal nie moeg word nie, want EK sal julle nooit verlaat nie. EK is met julle, al gaan julle soms op ’n weg wat duister en gevaarlik is, EK bly by julle. Daar is niemand wat julle kan skend op die pad nie, want EK beskerm julle, EK red julle uit en daar is niemand wat julle uit MY hand kan wegruk nie. Dit spreek EK, julle Vader en ELOHIM wat julle dra soos kleintjies op die pad. Al dink jy jy stap alleen, is EK met jou en sal jou nooit verlaat nie. Roep MY net aan en EK sal jou uitred, want jy is kosbaar in MY oë en laat niemand vir jou iets anders vertel nie, want Die Groot EK IS het dit gespreek. Dink daaroor na, as jy soos MY kneg, weer op ‘n verlate pad in die hitte moet stap en dink dat daar nie uitredding is nie. EK is naby en julle weet al die dinge, maar EK herinner julle soos wat EK MY kneg herinner het in sy aardse nood. Die groot nood is vir julle ook voor die deur en daarom moet julle al MY Woorde diep in julle binneste bêre, sodat julle daaraan kan dink in die tyd wat sal kom, wat buitengewoon swaar sal wees met nood en dood op

almal se paaie. Net soos wat MY kneg aangestap het in vurige hitte, sal julle moet aanstap tot julle julle weg en werk voltooi het. Maar hou net aan MY woorde van liefde vas en EK sal getrou soos EK is, MY woord aan julle gestand doen en julle uitred. Roep MY net aan en EK is daar om julle te help. Sit spreek EK, JAHWEH van die Hoogte aan julle, MY getroue knegte en dienaresse.
Amen

# HOOFSTUK 15

***18 Nov. 2007 05:19***

Selfs MY dissipels was maar kleingelowig gewees terwyl EK op aarde was. In hulle groot ywer vir MY het hulle dikwels maar net probeer om die vlees te behaag, al was hulle baie lief vir MY gewees. Hulle groot liefde vir MY ten spyt, het hulle MY baie bedroef deurdat hulle nie na MY stem in hulle binnekant geluister het nie. Dit was dan ook so toe EK gevange geneem is. Petrus was die enigste een wat darem probeer het om MY te verdedig, maar die ander het, so gou as moontlik, hulleself probeer red, omdat hulle eerder die liggaam wou behaag in plaas van vir MY. Dit is ‘n werklike werk om te probeer om die liggaam te oorwin met al sy behoeftes en luste. Vat nou maar in vandag se tyd hoeveel lekkernye daar op die mark is om die mens gelukkig te hou en die kinders uit die “kwaad“ uit. Sjokolade is seker die produk wat die meeste gekoop word vir kinders en selfs grootmense kan nie genoeg kry van díe euwel nie. Daar is baie van julle wat nou geskok regop gaan sit en wonder watse boosheid skuil dan nou in so iets onskuldig.
Dit, MY liewe kinders is nie die punt nie. Wat die punt is, is die feit dat die mens nie leer om sy liggaam in toom te hou en aan homself lekker dinge te weier nie. Almal sal iets doen wat lekker is en dit is nie op sigself sleg of boos nie, maar die boosheid kom in deurdat die mens so verknog raak daaraan om sy liggaam te bederf, dat hy baie vleeslik raak en uit voeling raak met sy geestelike kant. Dit is nie genoeg om af en toe aan MY te dink nie, dit is ‘n voltydse werk in die verloëning van jou vlees. Die vlees is baie sterk in die opsig dat dit altyd probeer om die gees dood te druk en dáarin lê die boosheid. So, pasop dat julle nie julle liggame teveel bederf nie, sodat julle siele en julle geestelike sy daardeur afgeskeep word nie, want dit is wat die wêreldling doen en daarom gaan dit so in die wêreld soos wat dit reeds in die hel ook gaan. Julle besef dit nie, maar oral om julle is slegte geeste teenwoordig en wat elke beweging van julle dophou en die geringste wat julle doen om die vlees meer te behaag as die gees, neem hulle hulle kans waar en spring op julle soos verskeurende jakkalse op ‘n klein lammetjie. Wees daarom eenvoudig in julle leefwyse, in wat julle eet en drink en moenie teveel slaap nie, want dan belemmer julle ook MY werking. Hoeveel kere het EK nie almal van julle wat hier lees, vroeg in die more wakker gemaak nie, sodat julle MY kan begin dien, want EK weet wat vir julle voorlê in die dag wat besig is om te ontwaak, maar julle slaap verder en dan wil julle lang trane kom huil, omdat die dag so vrot verloop. Maar EK wou julle versterk het, voordat die son opgekom het en julle moed gegee het vir die aardse take wat julle moes verrig. Dit is ‘n feit en almal wat wil, kan MY hierin toets of EK getrou sal wees aan MY woorde wat EK gespreek het en julle kan MY maar toets of EK julle nie krag sal gee vir die dag nie. Julle sal sien dat julle baie varser voel, omdat julle MY eerste vroeg in die oggend kom opsoek het. Daarom sê Dawid ook in Psalms dat hy sy Maker vroeg in die more soek, sodat EK hom krag kan gee vir sy swaar amp wat hy moes uitvoer. Dit is nie omdat EK julle nie plesier gun, dat EK julle al hierdie dinge sê nie, maar omdat EK julle die ware plesier in die lewe hierna wil gee wat nooit ophou nie en deur die liggaam te behaag, sal jy nie ware plesier in MY

teenwoordigheid kan beërwe nie en jy sal bitter spyt wees dat jy nie maar na MY geluister het nie, as jy sien hoedat jou medemens alles beërf en die beste plesier mag ontvang. Julle almal is MY uitverkorenes en daarom wil EK julle aanspoor om julle liggame af te lê, sodat EK julle kan gebruik in die groot geloofstryd wat kom. Oorwin die liggaam, wat ‘n groot hindernis en struikelblok in jou geestelike ontwikkeling is. Dit is al wat EK oor hierdie onderwerp wil sê.
Amen

# HOOFSTUK 16

***18 Nov. 2007 06:01***

Dit was in ‘n sekere opsig die grootste woorde wat ooit gespreek is. EK het, toe EK aan die kruis gehang het baie dinge gesê wat nie opgeteken is in die Woord wat julle vandag ken as die Bybel nie. Dit was omdat dit verwarring sou veroorsaak in siele wat nog nie gereed is daarvoor nie, maar julle wat alreeds van MY vorige skrywers se werk gelees het, sal nou volkome verstaan wat EK bedoel het toe EK die volgende woorde geuiter het. EK het gesê dat EK hiermee alles volbring wat EK maar kon, om al die onvolledige sieledeeltjies te kon red en dat EK hiermee (MY kruisiging) bedoel om ‘n oordeel oor satan te vel wat in ewigheid nooit teruggetrek kan word nie. Dit was dan ook die onbekende woorde wat EK op die kruis gesê het. Die wat daar rondgestaan het, het nie ‘n idee gehad wat EK bedoel het nie, want hulle was nog heeltemal vervul met die gees van satan. Maar MYNE het dit verstaan en hulle was bly, ten spyte van al die hartseer, dat EK Satan oorwin het en dat EK nou die sieledeeltjies kon bevry wat in MY liggaam was. Al MY sieledeeltjies is vergeestelik met MY opstanding en kon daardeur nie weer in die verderf gaan nie. In elkeen van julle is daar van MY sieledeeltjies wat vergeestelik het teenwoordig en daarom voel julle die aantrekking na MY. Julle voel ‘n smagting na MY baie diep in julle wesens en dit is wat julle die eerste keer op MY attent gemaak het. Dit is MY vergeestelike sieledeeltjies wat julle vervul met ‘n verlange na MY, sonder dat julle MY eerste gesien het. Die van julle wat nie nou verstaan nie, sal kortliks verduidelik word.
Met MY geboorte op aarde het EK ook ‘n liggaam gehad soos julle, met behoeftes en luste wat EK moes beheer en oorwin. EK het vroeg in MY kinderlewe MY liggaam heeltemal oorwin en het nie toegegee aan al die sinlikheid van die jeug nie. Daardeur het EK Een geword met MY Vader (Liefde) en kon dan ook doen wat EK wou. Daarom kon EK op ‘n jeugdige ouderdom wonderwerke verrig en geestelike dinge sien en ervaar, want EK was nie “`n mens meer in die ware sin van die woord nie”. EK was al ‘n voltooide wese waarin MY Gees die oorhand gehad het. EK het MYSELF láat kruisig en is nie magteloos gewees in MY gevangeneming nie, maar het MY laat welgeval in al die handelinge, omdat EK geweet het watter groot invloed dit sou hê op al MY geskapenes. Dit het die groot oorwinning gebring, waarvan talle profete lank voor MY aardse bestaan geprofeteer het. Maar in sy ywer on MY te martel en te vang het satan skoon vergeet wie EK was en wat EK kon doen. Hy het net daarop gefokus om MY te pynig weens jaloesie en afguns, haat, nyd en talle helse oorweginge. Maar EK was, is en sal altyd slimmer en wyser wees as hy en daarom het EK MYSELF in sy hande oorgegee sodat hy MY kon pynig. Dit was ‘n wonderlike manier om die sieledeeltjies in MY liggaam te laat afsien van die liggaamlike sy en hulle te laat oorgaan in die geestelike sfeer. Dit was die eintlike oorwinning oor Satan, omdat EK julle en almal wat vanuit MY gaan, ‘n definitiewe

“hupstoot” gegee het in MY rigting, sodat julle al van vroeg af in julle lewe begin wonder het en ‘n verlange in julleself gekoester het na MY. Dit het julle ‘n sekere versekering gegee in die rigting van die geestelike. Dit is waarom julle volk MY, van altyd nog, gedien het. Maak nie saak of dit uit ‘n te groot eerbied was, of uit ware liefde nie. Die feit bly staan, julle het MY erken as Die Enigste en Eerste en dit was omdat MY Geestelike deeltjies in julle almal teenwoordig was en is en nog sal wees in julle nageslagte. Dit is die groot genade wat deur MY bewys is, deurdat EK MYSELF laat pynig het, sodat julle gered kon word. Daar is baie mense wat ook MY sieledeeltjies in hulle teenwoordig het en wat gesoek het na MY, maar wat die soeke na MY opgegee het, omdat hulle eers die liggaam wou behaag, daarom moet julle nie dink dat mense wat in die bose vasgevang sit, nie MY deeltjies in hulle het nie. Hulle het, maar wil nie van die groot genade gebruik maak nie. Dit is ‘n groot jammerte, omdat hulle dan hulle kans wat EK aan hulle gegee het, verspeel en dit dan nooit weer sal terugkry nie. Maar die van julle wat dit benut, sal ryklik geseënd wees daardeur, omdat julle ag gegee het op MY roep binne julle. Die smagting en verwondering oor ‘n Skepper en Groter Hand oor julle lewens is te wyte aan MY vergeestelike deeltjies binne-in julle en daarom soek julle na iets groters as julle bestaan. As daar ‘n man is wat na MY soek en hy vind MY, sal die deeltjies van MY binne hom MY herken en hy sal dan weet dat EK Dit is waarna hy gesoek het en bly sal hy dan na MY begin vra en meer van MY wil weet. Hy sal dan begin om ‘n lewe in MY te leef en sal sy liggaam begin aflê met al sy luste en begeertes. Die van julle wat alreeds begin het om af te sny van die wêreld, moet weet dat julle net moet aanhou en EK sal EEN met julle word, sodat julle nie meer deur die bose oorwin kan word nie. Dit is dan MY onbekende woorde aan die kruis en die betekenis daarvan, wat nog baie meer beteken as wat julle kan verstaan, maar julle sal dit heeltemal verstaan sodra julle met MY verenig is.
Amen

# HOOFSTUK 17

***19 Nov. 2007 00:56***

Dink aan MY in die tyd wat kom, want daar kom ‘n tyd van beproewinge vir julle elkeen. Maar julle moet weet dat EK elke oomblik digby julle is en dat EK julle smart ken. Dit sal nie vir julle lekker wees nie, maar EK weet waarom EK die dinge oor julle bring. Julle moet MY nou al vir krag vra en EK sal julle versterk en julle sal laste dra

wat nooit moontlik kan wees sonder MY hulp nie, want EK gee julle krag. EK is met julle om julle te vertroos in julle smart en versugtinge. Dink nie dat EK dan ver van julle af is nie, want dit is ‘n leuen van satan om julle sover te kry om MY te versaak. Dit was vir MY ‘n ongelooflike las op MY skouers wat EK moes dra en EK het daarvan geweet nog voor MY geboorte. Dit het MY nogtans nie laat afsien van MY planne nie, al het EK geweet wat EK sal moes deurgaan. Dit was dan ook waarom EK in die tuin van Getsemané gaan bid het vir krag om alles deur te voer tot op die einde. EK weet dat dit vir julle moeilik te begrype is waarom EK bloed gesweet het, terwyl EK tog Een was met MY Vader (die liefde) en daarom gaan EK dit nou aan julle verduidelik. Met MY menswording hier op aarde was EK net so ‘n mens soos julle gewees en EK moes baie hard aan Myself werk om die Geestelike wedergeboorte te bereik en in die proses moes EK al die aardse dinge aflê om Een te kon word met MY liefde (Vader) Dit is dan ook waarom EK nie soos ander kinders gespeel en uitbundig gelag het nie. EK het wel gespeel, ja maar op ‘n ander manier. MY speletjies het daaruit bestaan dat EK altyd iemand iets daaruit geleer het. EK het nooit gespeel omdat speel, speel is nie. Dit het altyd ‘n doel gehad en almal wat by MY was, was daarmee tevrede dat EK ‘n klein grootmens tussen hulle was wat hulle ook selfs baie belangrike lesse geleer het. Maar toe EK volwasse na liggaam geword het, was ook MY speletjies op ‘n einde en EK het ernstig begin om die mense om MY op te lei met lesse wat hulle nodig gehad het vir die ontwikkeling van hulle siele. Een van die lesse was om nooit jou liggaam bo jou gees te stel nie en daarom was MY aardse gesin ook net van die nodigste voorsien. Alles ekstra is oorbodig en sonder nut vir die siel. Julle daarenteen sorg baie goed vir julle liggame en skeep die siel baie af. Wat sal julle doen as EK julle al die lyding wys wat nog op julle pad vir julle wag? Julle sê almal dat julle sal bid en smeek om genade. Nou, dit is wat EK ook gedoen het in die tuin van Getsemanè.
Al was EK Een met MY Vader, het EK nog steeds ‘n baie swaar las gehad wat op MY gerus het en dit het MY tog ook bang gemaak, aangesien EK ‘n vleeslike liggaam gehad het, wat ook pyn kon voel en omdat EK die lyding as ‘n mens wou dra, het EK nie van MY goddelike eienskappe gebruik gemaak nie, sodat julle nie eendag aan MY kan sê dat MY Goddelike eienskappe MY in staat gestel het om vir julle te ly nie, en wanneer julle moet ly, weet EK dan presies hoe julle voel, omdat EK dit self deurgemaak het. Maar al verskil is dan dat EK met MY Goddelike eienskappe júlle lyding dra en julle in staat stel om aan te gaan sonder om moeg en mat te word. Is dit nie onbaatsugtige liefde van MY kant af nie? Wie van julle is bereid om die skuld van sy naaste se skouers af te haal, sodat hy ‘n bietjie kan asemskep en uitrus? EK weet van bitter min en EK ken harte! Niemand kan vir MY lieg nie, want EK weet alles! Dink daarom na voor julle net sommer verby MY kruisiging blaai, want EK het baie bloed gesweet ter wille van julle, want EK kon MYSELF verlos het as EK wou, maar EK wou dit doen ter wille van MY uitverkorenes.
Dit is dan waarom EK bloed gesweet het en letterlik begin bloei het, nog voor die marteling begin het. Dit is ook daarom dat julle MY altyd moet gedenk, omdat EK die enigste is wat SY lewe afgelê het vir die skape en julle is MY Skape.
Amen.

## HOOFSTUK 18

***19 Nov. 2007 01:31***

Nadat EK neergedaal het in die diep donker put van die hel, is EK herhaaldelik

gekeer om in te gaan, maar niks kon MY keer nie. Nie eers die ontsaglike duister poorte nie, want EK het alles met MY lig verlig en die poorte is deur MY helder LIG tot niet gemaak. Die gevreesde hekke wat uit sterk materiaal gemaak was, is ook sonder slag of stoot tot niet gemaak. Kortom, daar was niks wat MY kon teëhou of probeer teëhou nie. Dit was ‘n geweldige nederlaag vir Satan en hy was woedend soos wat niemand hulle kon voorstel nie, omdat sulke groot woede nie hier op aarde toegelaat word nie. In sy ywer om MY te dood, het hy nooit daaraan gedink dat EK ook sal neerdaal in die put van die dood nie en dit het hom verbaas en onkant gevang dat EK daar gearriveer het. Dadelik is alle hekke oopgemaak, sodat MY siele wat daar versmag het, verlos kon word en daar was ‘n groot gejuig toe MY mense MY en MY LIG gewaar. In hulle groot blydskap het hulle lofliedere gesing wat Satan nog meer woedend gemaak het, aangesien hy net altyd die eer vir homself wil hê en daarom sê EK dat julle hoogmoed ver uit julle siele moet verban, omdat dit ‘n eienskap van satan is. Dit het EK ook oorwin en kon daarom Een word met MY Vader wat alles in alles is. Julle kan julle nie voorstel hoe verbly MY mense was om MY daar te sien nie en het dadelik in MY arms gespring en gevra dat EK hulle dadelik moes wegvat. Maar die demone het hulleself bearbei om die siele binne te hou, maar het oombliklik uit vrees en ontsag op die grond neergeval en daar bly lê. Dit was so donker soos daar nog nooit ‘n donkerte geheers het nie maar EK het alles kom verlig met MY LIG. Dit sal ook so wees in julle harte en in elkeen se hart wat vol doodsbeendere en stank is – EK sal daarin kom en alles reinig met MY helder LIG, sodat geen ingang vir MY gesluit sal bly nie en daardie persoon se liggaam sal miskien nie baie hou van MY intrede nie, omdat dit ook vir hom pynlik kan wees, maar sy siel sal daaroor juig en bly wees. Dit beteken dieselfde as dat EK, wanneer EK in iemand se lewe inkom, hy alle bande met sy liggaam moet verbreek en net in die gees leef. En EK sal kom en die mooi in hom uithaal en dit na vore bring, sodat almal kan sien dat EK MY intrede in hom gemaak het. Wat betref die moderne skrifgeleerdes en fariseërs, julle moet julle witgepleisterde grate van binne af skoonmaak, sodat dit gereinig kan word, anders sal julle saam met die hoere en die diewe en leuenaars die verderf beërf. Moet liewer nie teveel nuttelose Bybelstudie doen nie, want daarin word hoogmoed gekweek, omdat mense met mekaar stry oor dinge wat hulle self nie eers verstaan nie en dan kan hulle ook nie MY ware woorde herken wat vanuit MY uitgaan nie en daarom sal hulle altyd stry, omdat hulle die laaste sê wil hê en dit nie aan MY oorlaat om die laaste sê te hê nie. Omdat die ego nog te groot is en nie wil toelaat dat EK werk nie, kan hulle ook nie MY stem herken nie, al is hulle ook MY skape. Daarom sê EK, wees nederig, sodat jy nie die poorte in jou hart vir MY gesluit sal hou nie en as EK besluit EK kom in, sal dit vir jou ook buitengewoon vernederend wees en baie pynlik vir die ego soos dit vir die satan was toe EK sy “heiligdom“ betree het. Wees daarom gewaarsku - baie studering gee ‘n te groot kop oor al die nuttelose kennis. Wat EK aan MY beminde in sy slaap gee, sal hy dan werklik verstaan met sy hele hart en nie soos die ywerige Bybelstudent wat dink hy verstaan alles nie. As EK met MY groot Wysheid kom, sal jy tot skande gemaak word as EK jou beveel om jou onnoselheid voor almal te bewys. Wees daarom gewaarsku - vergeet van jouself en soek net na MY en EK sal alles aan jou bekend maak wat jy nie verstaan nie en nog vele meer. Dit sê die Ewige Wysheid uit ELOHIM.
Amen

# HOOFSTUK 19

***19 Nov. 2007 02:04***

Weereens wil EK julle vertel van MY verlossingsdaad aan die kruis sodat julle dit baie goed kan begryp. EK, as Skepper en Vader kon nie toesien hoedat die kinders wat EK liefhet, sommer almal in die verderf gestort word nie. EK het nie geskep om verlore te gaan nie, maar om te red en daarom het EK besluit dat EK MYSELF sal opoffer vir MY kinders vir wie EK baie lief is. Dit is ‘n groot daad van verlossing, omdat EK Almagtig is en MY nie hoef te bemoei met julle mense nie, maar EK het julle geskape en julle kom uit MY en daarom wou EK julle red. Daar is baie mense wat nie MY kruisdood verstaan nie en weet nie hoekom EK moes betaal vir sondes wat “nie so erg“ is nie. Julle het nie ‘n idee van die groot sonde wat julle begaan het, nog lank voor julle aardse bestaan nie. Ja, julle is al geskape lank voor die aarde haar eerste lig gesien het. In feite het EK julle geskape voor die materie bestaan het. Julle was almal engele wat vanuit MY uitgegaan het en wat in harmonie met MY geleef het, nog voordat Lucifer MY uitgedaag het en hom bo MY probeer verhef het in sy hoogmoed teenoor MY. Hy was een van MY hoofengele wat langs MY was en wat saam met MY besluite geneem het, al het EK die laaste sê gehad. Hy was ook MY musiekengel en was baie mooi van aansien en hy het dit geweet. Aan die begin was hy baie lief vir MY en het MY met liefde gedien, maar hoe meer verantwoordelikheid EK hom gegee het, hoe meer het hy van homself begin dink. Hy het ‘n invloed op baie van die ander engele gehad wat MY nie kon aanskou nie, omdat EK te vreeslik is, selfs vir die engele om te aanskou. Satan het MY probeer afmaak as onregverdig en hy het aan die ander engele begin vertel dat EK niks sonder hom kon doen nie. Ook het hy aan hulle gesê dat hy die een was wat alles geskep het, wat ‘n vieslike leuen was. Omdat Satan baie mooi en vol krag was, het baie engele hom begin volg en dit was soos muitery in MY ryk. Hy is toe saam met sy volgers uit die hemel gewerp, waar hy moes smag in die duisternis sonder MY krag wat EK van hom onttrek het. Hy moes self besef dat EK die EEN is wat die krag besit en dat hy nie sonder MY kan klaarkom nie. Die ander engele het ‘n sekere hoeveelheid genade van MY gekry, omdat hulle blind was in hulle navolging van Satan. EK het hulle in miljoene deeltjies opgebreek, sodat hulle weer hulle weg na MY kon terugvind. Elke deeltjie is vasgevang in die skepping en daarom moes EK die materie skep om as “tronk” te dien vir hierdie sieledeeltjies. Dit is die skepping wat jy rondom jou sien, in die mineraleryk planteryk, diereryk en dan finaal in die laaste fase, die mens. In elke klip, boom, dier of mens sien jy van die sieledeeltjies van die gevalle engele en hulle moet weer met MY verenig word. Dit is waarom daar babas gebore word op aarde - dit is siele wat weer na talle duisende jare weer bymekaar gekom het om weer ‘n mensesiel te vorm. Julle sal miskien nie nou volkome verstaan nie, maar onthou net dit: julle was almal daardie engele wat agter Satan aangeloop het en MY versaak het en nou het EK julle weer ‘n kans gegee om weer met MY een te word, sodat julle weer by MY kan kom woon. Dit noem ons die groot oersonde. Dit is vir daardie ongelooflike groot sonde teenoor MY dat EK bereid was om die prys te betaal en EK het hom betaal met MY kruisiging. Daarom hoef julle nie nou te boet vir die groot oersonde nie. Al wat EK van julle vra is: Kom vra MY om vergifnis vir jou oersonde en wees net vir MY lief, want EK het al klaar die prys betaal, sodat Satan jou nie kan opeis nie.
Amen.

# HOOFSTUK 20

***20 Nov. 2007 02:04***

Geen dood of lewe kan julle van MY skei nie en dit moet julle nou begin glo. Julle is nog so twyfelagtig en die geringste laat julle uitbars in koue sweet van vrees. Moenie dink dat EK ver is nie, EK is baie naby en almal wat na MY soek moet MY nie vêr, asof buite homself, soek nie. Dit is ‘n misverstand wat tot baie groot hartseer kan lei, want julle soek MY nie binne julle nie, maar daar doer tussen die sterre en daar is EK nie. EK is slegs in julle harte. EK het mos gesê dat MY GEES in elke een van julle is, maar HOM net verberg in díe wat MY nie wil soek nie. Maar in die van julle wat MY soek, is EK baie naby. EK het julle nie ‘n Gees van vreesagtigheid gegee nie en daarom beveel EK julle dat julle NIE moet vrees nie. Net voor MY gevangeneming het EK in die tuin van Getsemené gaan bid en EK het gesê dat EK benoud is tot die dood toe. Benoud - nie bang nie en daarin lê ‘n groot verskil. Die benoudheid wat in MY geheers het, was as gevolg van die wete dat EK en MY Vader sou skei vir ‘n wyle en nie vir die dood nie. Ook nie vir die marteling wat sou volg nie. Dit was vir MY ondenkbaar om te dink dat EK (Wysheid) sou moes skei van MY Vader (Liefde) en dit het die benoudheid veroorsaak. Dit was ook waarom EK gevra het of die beker by MY verby kon gaan. Die bitter beker van die skeiding. Mense is lief daarvoor om aan te haal dat EK dan self bang was vir die marteling en dood wat sou volg en daarin voel hulle geregverdig in hulle vrees, maar dit is heeltemal verkeerd. Dink nou daaraan vir ‘n oomblik en verbeel jou dat EK MY hele skepping verlaat het. Voel jy nie ‘n mate van benoudheid nie? Selfs díe van julle wat MY nog nie eens liefhet met ‘n baie diep liefde nie, sal benoud voel as hulle baie diep gaan nadink. In ‘n oogwink sal daar niks oorbly nie, as EK MYSELF van julle onttrek en MYSELF vir almal verberg. Daar is ‘n paar wat verstaan wat EK hiermee probeer sê en dit sal vir hulle ‘n doodsangs meebring om van MY geskei te wees en as EK MYSELF vir iemand verberg, sal niemand MY vind nie, want EK is vêr en naby tegelyk. EK is daar waar EK in liefde aangeroep word en gevra word om te bly, vir ewig. En dan is EK net so vêr verwyderd van iemand wat MY nie liefhet nie. Vra maar vir iemand wat vasgevang was in byvoorbeeld rook. Hoe vêr voel EK nie vir so ‘n persoon nie, maar tog is EK naby, as hy MY vra om hom by te staan as hy wil ophou daarmee. As hy regtig wil ophou en as hy MY in diepe liefde kom vra, sal EK hom bystaan en hom uitred van die verpestelike verslawing. Hier is ook ‘n paar mense wat MY soek met halwe harte. Dit beteken dat hulle iets half bo MY stel. EK is níe daarmee tevrede nie, want dit beteken dat EK gedeel word met ander dinge en dit wil EK nie hê nie. Stel jou maar net ‘n bruid en bruidegom voor. Die tweetjies is pasgetroud en nog skaars bymekaar, dan lui die telefoon en dit is vriende wat wil kom kuier. Gaan die bruid nie verstoot voel as die bruidegom hulle dan verwelkom nie? Sy wou graag vir hulle eerste huweliksnag alleen gewees het saam met haar man. Dit is ‘n rein jaloesie en heeltemal verstaanbaar. Net so voel EK oor julle. EK wil alleen in julle harte wees waar EK die Enigste is en daardie plekkie wil EK met niks en niemand deel nie. Julle klou vas aan julle aardse goed sonder om dit te besef en dan huil julle as EK nie ten volle by julle is nie. EK is by julle hoe julle na MY soek. As iemand diep na MY soek, is EK nader aan hom as aan die een wat MY af en toe soek net wanneer hy MY nodig het. Laat staan julle aardse dinge wat EK enige oomblik van julle kan wegneem, of wat EK enige oomblik aan julle kan teruggee. Dit alles lê in MY hande en julle moenie daaraan verknog raak nie, want dan wil EK afsny, wat enige verwydering veroorsaak tussen MY en julle. Julle weet nie watter groot benoudheid EK terwille van julle verdra het nie - die verwydering tussen MY en MY VADER. Moenie dat EK van julle verwyderd raak as gevolg van die aardse wat jy wil aanhang

nie. EK soek vurige harte wat vir MY wil werk in hierdie tyd wat kom. EK soek Paulusse en Petrusse en nie Judasse nie. Moenie MY verloën ter wille van aardse gewin nie. Julle wat MY alreeds ken en al gesmaak het dat EK goed en lief is, sal weet dat dit wat EK nou hier sê, waar en reg is. Daar is teveel om te verloor deurdat julle MY verloor, want dit kan nooit weer terug gevind word nie, terwyl EK alle aardse verlore dinge weer eensklaps aan julle kan teruggee. Dink daaraan en deursoek jou hart en kyk of daar nie iets is wat verwydering tussen MY en jou veroorsaak nie. Want dit sal jou baie bitter te staan kom in die tyd wat EK kom om met elkeen af te reken. Wees bly as EK jou getrou gevind het in MY diens en liefde. Dit is ‘n baie belangrike aspek van julle geestelike lewe en veral die mans onder julle is die skuldiges. Daar is nog die manlike trots in julle en julle voel julle moet nog sorg vir julle gesinne. Dit is ‘n mooi eienskap, want EK het die man die broodwinner gemaak, maar in die proses van versorging vergeet julle partykeer dat EK die eintlike broodwinner is en dat alles wat julle kry om te doen, eerstens van MY uitgaan voor julle dit kry om te doen. Wees MY maar net indagtig en hê MY net eers lief, voordat jy aan die werk spring en van MY vergeet, want jou liefde vir MY is die eintlike versorging van jou gesin en nie jou harde handearbeid nie. Dit het eerstens uit MY Hand uit gegaan na jou om jou gesin te voed, maar EK wil eerste geken word en in liefde wil EK hê dat julle MY moet gedenk en nie vrees en soos ‘n mislukking voel as EK julle so ‘n bietjie toets en die werk minder word nie. EK het julle die vrou as steunpilaar gegee in die huwelik en hoe is dit dan dat sy verstaan as EK die geldjies ‘n bietjie terughou, maar nie jy nie? Al jou werk kom uit MY uit en daarom is dit nodig om eerstens jou hart uit te stort voor MY sodat EK jou kan vul met al MY seëninge en jy jou gesin eerstens met MY Gees voed, voordat jy hulle met die aardse voed. Wy eerstens jou tyd en gedagtes aan MY en dan sal EK jou seën, sodat jou gesin gelukkig kan wees in MY. En jy, as jy sien hoe gelukkig jou gesin is met MY in julle teenwoordigheid, sal jy bly wees dat EK julle alles is, want uit MY is alles en sal alles kom en niemand kan van jou af wegvat wat EK aan jou gee nie. Dit geld vir enige aardse besitting - ook grond. En EK weet hoe bitter graag van julle wil boer in hierdie stormagtige tye in julle land, maar wees nie bevrees nie, want EK gee alle dinge op die regte tyd, maar EK vereis eers liefde in julle harte vir MY. Sonder om iets terug te verwag, moet julle MY liefhê en gaan leer by die vrouens, want hulle word baie deur MY gebruik in die laaste tyd. Dink nie dat ‘n vrou net stil en stemmig moet wees om MY welgevallig te wees nie. As ‘n vrou MY liefhet eerder as ‘n man, sal EK haar vervul met MY Gees en sy sal dan vir MY arbei. Vrouens het ook nie manlike trots nie en daarom is hulle makliker bruikbaar vir MY. Teveel trots is nie ‘n goeie ding nie en dit maak ook dat julle mans MY nie vind nie, omdat julle nie ten volle op MY vertrou nie. Doen jouself ‘n guns (en jou familie) en kom na MY toe met al jou probleme en EK sal voorsien wat jy nodig het, sonder dat jy ‘n steek hoef te doen. Sonder dat jy met jou manlike ego moet gaan soek vir werk. Dit sal natuurlik nog steeds nodig wees vir jou om jou werk te verrig, maar wat EK wil hê, is dat jy moet besef dat EK eers die werk moet seën en dat alles vanuit MY kom. Sware tye word dan ook op jou pad gebring, sodat julle kan besef dat alles uit MY kom en niks omdat jy so goed voorsien aan jou gesin nie. Wees eerstens met MY Een en dan sal alles vir julle duidelik gemaak word. Die strewe moet heel eerste na MY wees. Dit is so en julle moet ook onthou dat EK ook as ‘n man op aarde geloop het en EK wat nie handearbeid verrig het nie, het die beste vir almal gesorg wat by MY was. Kry MY in jou lewe en dan sal EK ook so vir jou en jou gesin sorg.
Amen

# HOOFSTUK 21

***20 Nov. 2007 3:18***

Dit was nou ‘n les vir die manne en nou kom hier een vir die vroue. Julle weet dat EK die Een is wat maak en breek, nê? Nou waarom vrees julle so maklik? Julle dink dat EK julle verlaat het, as EK julle gebede nie dadelik verhoor nie. Leer by MY en wees nie kleingelowig nie. As julle MY iets vra, moet julle wag op MY antwoord en nie vrees nie, want dit is net wat die bose wil hê. Dan saai hy twyfel in julle harte en dan kan EK nie doen wat EK moet nie. As julle twyfel, gebeur daar iets in julle siele wat MY werking keer of terughou en dit veroorsaak ‘n bose kringloop, omdat julle dan nog meer twyfel as EK nie dadelik doen wat julle MY vra nie. Julle is ‘n baie bevoorregte geslag, omdat EK baie lief is vir julle en julle al MY verborgenhede bekend maak. Dit is in hierdie tyd dat EK julle vrouens baie meer wil gebruik as die mans en dit is nie te sê dat julle verhewe bo hulle is nie, maar net in die feit dat julle siele nie so vol trots is soos hulle s’n nie en dit maak julle meer ontvanklik as die mans. Maar as daar ‘n man is wat nie vol trots is nie, sal EK hom ook gebruik, omdat EK geen onderskeid hoegenaamd maak tussen man en vrou in die verkondiging van MY woord nie. Julle is vir MY baie kosbaar en EK hou daarvan om te sien hoe julle besig is om te ontwaak. Al wat EK van julle vra is geloof, sodat EK meer aktief in julle kan werk en julle MY Gees kan ontvang. Dink nie dat dit net mans is wat vir MY moet gaan arbeid verrig nie. Julle is nie kwytgeskeld daarvan nie. EN daarom moet julle ook julle geloof en liefde in MY regkry, want EK wil julle almal gebruik. Dit is `n baie donker tyd in die skepping van die aarde en daar is een verlossingsperiode al amper verby en daar is nog duisende siele wat nog gered moet word en daarom wil EK elke mens wat bereid is om vir MY te help, weens liefde vir MY en vir sy naaste, gebruik. Kom soek julle antwoorde by MY en nie eers by julle mans nie, omdat hulle ook foute kan maak. Moenie op jou man staatmaak om geestelike besluite vir jou te neem nie. As EK jou roep, dan roep EK jou en niemand het `n hoër gesag as EK nie – selfs nie eers jou man aan wie EK jou toevertrou het nie. Hy is jou maat en jou broodwinner, jou ander helfte en liefde, MAAR EK is jou Skepper, Besorger, Hulp, Vertrooster en EK gee al die antwoorde, nie `n mens nie. Dink daarom nie dat sy woord wet is nie, maar MY Woord. EK wil nie onmin in huwelike saai nie. EK het al MY mense lief, maar julle is almal siele wat net van MY afhanklik is vir julle Geestelike groei. Niemand kan vir jou ook groei nie - selfs nie eers jou man nie. Dit is jou eie verantwoordelikheid en jy sal alleen voor MY kom staan en jy kan MY nie antwoord dat jy gehoorsaam was aan jou man nie. Wat geestelike dinge aanbetref, is EK die EEN wat uitdeel en nie `n man nie. Dink daaraan as julle weer iets geesteliks beleef en kom vra MY vir die antwoord. Jou man is maar net `n mens, met foute van `n mens en daarom kan hy nie vir jou intree nie. EK het elke mens `n vrye wil gegee en waarom is dit dat EK die vrye wil respekteer en nie die mans nie?. Waarom is daar mans wat hulle vrouens verbied om van MY Lewende Brood te eet? Jy as vrou moet al jou probleme met MY eerste kom deel en EK sal jou probleme maak en breek, want dit is EK en nie `n mens wat maak en breek. Dra jou man op wat jou nie wil

toelaat om MY Brood te eet nie en EK sal jou help. Dit is die probleem in vandag se tyd - daar is soveel eieliefde, dat niemand MY stem meer kan herken nie en daarom stry en baklei almal oor hulle eie leerstellings en wil nie een sy vrou toelaat om MY Woord aan te hoor nie omdat sy, sy woord moet hoor. Hoeveel maal het EK gesê dat daar baie verkeerde leerstellings uit die Bybel uitkom? Hier kom EK in die vorm van nuwe openbarings na julle en julle is te trots om te erken dat julle almal foute begaan het met julle eie goed wat julle uit die Bybel uitgehaal het. Almal wat MY Lewende Brood geëet het, lees nog steeds die Bybel en vind dat hulle alles nóu eers regtig met hulle harte verstaan en dit verbly hulle harte, omdat hulle MY Gees vir die eerste keer regtig sien werk. Dit is nie `n verstandelose gestryery oor dinge wat hulle nie verstaan nie, almal verstaan dit nou goed en eendragtig stem hulle saam, omdat EK hulle harte verander het, deurdat hulle MY Brood geëet het. EK het julle almal bale lief, man en vrou, maar as daar `n vrou tussen baie mense is wat MY liefhet in haar hart met opregtheid en daar is nie een man wat aan daardie standaarde voldoen nie, sal sy die een wees met wie EK eerste sal praat en deur wie EK sal werk. Staan daar dan nog iemand op, man of vrou, sal EK met hom/haar ook spreek. EK maak hoegenaamd geen onderskeid nie. EK weet dat daar van julle is wat nou weer gaan sê dat `n vrou stil moet wees en nie lering mag gee nie. Goed, dan sê EK: Waarom het julle mans MY dan nie kans gegee om deur julle te werk nie? Mag EK nie doen wat EK wil nie? Sal julle vir MY kom sê met wie moet EK werk en deur wie? Wie is so vermetel om MY te probeer voorsê wat en hoe EK te werk moet gaan. En aan die kleingelowiges wat hier onder julle sit en nie weet wat EK bedoel nie, wil EK sê. Hou op om na jou broer te luister wat jou aan sy kant wil kry met sy leerstelling en kom soek MY op. EK sal vir jou al die riglyne gee, omdat EK die enigste is wat alles weet. Moet nie dat iemand vir jou die "ware weg" kom leer nie. EK sal jou in die ware Woord inwy, maar jy moet MY kom vra en niemand anders nie, omdat EK dit onvervals aan jou sal gee. Dink nie dat ‘n ander een alles weet, net omdat hy MY liefhet nie, maar die wat MY liefhet, weet baie meer, omdat EK dit aan hom bekend maak in die stilte van sy hart. Julle moet weet dat EK julle almal liefhet, maar EK is nie waar mense mekaar wil opvreet en verpletter met MY Woorde nie. EK is nie daar waar mense oor MY Woorde sit en stry nie - let op na jou hart - voel jy MY werking tussen ‘n gestryery? Voel jy vol liefde en rustig in jou hart as daar oor MY woord baklei word? MY skrywers bring die Woord onvervals na julle en julle wil dit nie hê nie, maar julle luister na ander se leerstellings en raak deurmekaar en verward daaroor, maar kom soek MY Aangesig op en EK sal jou die waarheid leer. Onvervals, rein en skoon en jy sal sommer weet dat dit MY GEES is wat praat, omdat EK net liefde is. MY stem is sag en jy sal daarna kan luister, sonder om bevrees of beangs te wees. MY skrywers en die mense wat MY liefhet, se harte sal blink en nie hulle aangesigte nie. Julle moet MY onbeskaamd kom vra vir die waarheid en net soos wat EK dit aan MY dissipels gegee het 2000 jaar gelede, sal EK dit aan julle gee. Daar kan nie veranderings intree nie, omdat dit EK is wat spreek. Let net na jou hart op, kom soek na MY en EK SAL jou die onvervalste waarheid ingee. MY kinders waarvoor EK so lief is, vir julle het EK gesterf, sodat julle die ewige lewe kan beërf en soek daarna en nie na ‘n klomp ydele leerstellings van mense nie. Daar is baie vertalingsfoute in die Bybel en daar is ook veranderings op julle van toepassing, omdat julle in ‘n ander era leef, maar die basiese stelling in die Bybel het onveranderd gebly en dit is: Wees vir MY lief met jou hele hart en siel en alles binne jou en wees vir jou naaste lief soos wat jy jouself liefhet. Die ander dinge wat julle moet weet, sal deur MY GEES in julle harte ingegee word. MAAR die voorwaarde daarvoor is LIEFDE, punt. Die wat MY liefhet, sal alreeds verstaan wat EK hier sê.

Amen

# HOOFSTUK 22

***20 Nov. 2007 21:43***

Wees getrou op julle poste as EK julle kom haal. Salig is die een wat getrou bevind word tydens MY wederkoms. Dit is baie belangrik, aangesien julle nie weet wat `n tyd van groot ellende op julle wag nie. Met MY kruisiging het daar die volgende gebeurtenis plaasgevind. `n Man genaamd Cyrenius was `n owerste oor die hele landstreek waar EK MY aardse lewe deurgebring het en hy was ook die helper wat MY en MY aardse gesin uit ontsaglike gevaar gehelp het, toe EK as baba deur die koning van die Judeërs gejag is. Cyrenius was baie getrou in sy werk wat hy baie noukeurig uitgevoer het en sonder om te huiwer sou hy enige misdadiger uitgelewer het aan die gereg, maar hy het MY herken as Die Meester en het sy aardse werk agtertoe geskuif en MY beskerm, ten spyte van die slegte gerugte wat daar oor ons versprei is. Hy het ons op die hande gedra in die tyd wat ons by hom deurgebring het en al was hy `n Romein met afgodiese beelde in sy huis, het hy hom aan MY oorgegee en ten volle in MY begin glo. Deels omdat hy die wonderwerke gesien het wat EK verrig het en deels omdat hy `n sagmoedige, regverdige man was wat MY baie liefgekry het. EK was as baba in sy huis en hy het MY gekoester en teen sy bors gedruk terwyl hy liefdeswoordjies in MY oor gefluister het. Enigiemand wat nog babas in die huis het, sal verstaan wat `n uitwerking `n baba op jou het as jy hom eers vashou en hy na jou staar met onskuldige sagte baba-ogies. Dit was ook die uitwerking wat EK op hom gehad het, aangesien hy ook nog nie kinders gehad het op daardie stadium nie. Maar afgesien van MY onskuldigheid, het EK `n ontsettende mag gehad wat ongekend is aan `n baba. EK was baba en GOD tegelyk, omdat MY Vader deur MY kon werk van MY geboorte af. Dit is iets wat onmoontlik was en nou nog is in `n gewone mens. Maar EK het `n missie gehad om te vervul en daarom was EK die uitsondering. Cyrenius het nooit van MY vergeet nadat ons van hom af weg is nie en altyd aan MY gedink in sy hart. Daar was `n tyd wat hy ons gladnie gesien het nie en hy het geweet dat EK intussen moes grootword. Maar soos julle weet, het EK al in die verlede gesê dat EK by elkeen is wat MY in sy hart liefhet en daarom het EK ook in sy drome aan hom verskyn en aan hom lering gegee, wat hy dadelik weer vergeet het nadat hy wakker geword het - soos sommiges van julle ook van kan getuig. Maar in die tyd wat daarna sou kom, het hy wel weer kontak met MY gemaak deur MY bestiering en hy het MY weereens met ope arms ontvang en kon weereens nie genoeg van MY kry nie. Nou kom ons by MY kruisiging. Dit was die gewoonte in

daardie tyd dat ‘n owerste deur sy knegte of onderdane, amper soos die koning self behandel is. Cyrenius was nie ‘n man wat gehou het van eerbetoon nie, maar moes noodgedwonge in die pos wat hy beklee het, die leiding neem en respek afdwing. Hy was dan ook ‘n baie streng, maar regverdige man. Na MY kruisiging was hy net soos al die ander by wie hy kom tuisgaan het vir daardie tyd baie hartseer en verward omdat hulle almal gewoond was dat EK nie deur enige mag oorwin kon word nie. Die felheid van MY marteling en kruisiging het nie een van hulle verwag nie, al het EK dit hoeveel kere aan hulle vertel. Cyrenius was buitengewoon bedroef en het uitgestap om in afsondering te wees, waar hy met baie hartstog na MY geroep het. EK was en is oral en het hom gehoor terwyl hy in leed en hartseer na MY smag. Daarom het EK hom ook eenkant laat gaan, sodat EK iets aan hom alleen kon openbaar. EK het aan hom gewys hoedat EK die Satan oorwin het en in sy geestesoog het hy MY gesien met MY Lig wat MY omstraal en waar EK in die diepste put van die hel neergedaal het om MYNE daaruit te kom verlos. Beurend van vreugde het hy probeer om MY aan te raak en is deur MY aangeraak terwyl hy in vreugde uitgeroep het: "My verlosser leef, my Verlosser leef werklik. HY leef, HY leef", het hy geroep en direk terug na die huis gegaan waar hy dit aan almal vertel het. Niemand was so entoesiasties soos hy nie, omdat hulle nog onder die indruk van die sware mishandelde liggaam was wat hulle ure tevore van die kruis afgehaal het. Niemand het lus gevoel vir `n ou man se seniele woorde nie, aangesien hy al bejaard was en almal gedink het dat hy mal geword het van die groot skok van MY kruisiging, want hulle het geweet hoe lief hy MY gehad het. Maar salig onbewus van hulle gedagtes het hy net voortgeskreeu van blydskap en almal was geïrriteerd met die "seniele ou man". Afgesien daarvan, was hulle baie lief vir hom en het hom probeer kalmeer, maar hy wou niks weet nie en het aan almal gesê om bly te wees, want hulle Meester leef. Dit was `n buitengewone verhaal van getrouheid, omdat hy na MY gesoek het, al het hy ook MY verskeurde liggaam gesien. Hy het nie moed opgegee en gedink dat EK wel dood was nie. Sulke geloof het EK net by hom gevind en daarom het EK net aan hom gewys waar EK was. Sou al MY ander volgelinge ook soos hy geglo het, sou EK dieselfde aan hulle gewys het, maar hulle het net aan MY liggaam gedink wat onherkenbaar vermink was en geen lewe daarin gesien nie, al het hulle MY mag geken. En dit wil EK ook aan julle, MY kinders, leer. Wees getrou in julle geloof in MY, want EK kan wonders doen waar EK geloof vind, maar daar waar EK duister ongeloof vind, kan EK niemand dwing nie en dan bly MY MAG ook uit. Dink daaraan, want die tyd het gekom waar julle net op julle geloof en liefde vir MY moet staatmaak, omdat elke aardse hulpmiddel tot niks sal uitloop. EK wil aan julle ook wonderlike dinge openbaar, sodat julle nie hoef te vrees nie, maar sonder geloof en liefde vir MY, sal EK nie in julle kan werk nie en julle sal net soos MY ander volgelinge in die diepste duister en hartseer vasgevang sit, dit terwyl EK die heeltyd naby is en as gevolg van julle kleingelowigheid julle nie kan help nie. Dit is baie belangrike woorde aan julle, MY diensknegte wat MY Woord moet volbring in hierdie eindtyd. Kyk net na MY werking onder julle en julle volksgenote en julle sal moet erken dat EK besig is onder julle en dít is al klaar `n bewys dat hierdie die einde van tye is.
Amen

# HOOFSTUK 23

***22 Nov. 2007 05:52***
Elke een van julle wat nou hier lees, het een of ander tyd in julle lewens dat julle vir MY moet getuig voor `n hele klomp ander mense. Baie keer is julle bang, omdat dit nie altyd mense is wat MY Woord sommer so aanvaar nie. Dan ondervind julle teenstand en bietjie vyandskap, omdat hulle nie glo wat jy sê nie. Maar EK wil julle net sê dat julle moed moet hou en nie terugstaan of stilbly nie, omdat EK eerste kom en nie die mense se wil of besluite nie. In MY tyd op aarde was dit dan ook so dat MY dissipels vir MY moes getuig en mense in MY Naam vergader en van MY vertel. Hulle het ook teenstand ondervind en het ook sleg gevoel, maar hulle het MY by hulle gehad in vlees en bloed op daardie stadium en kon hulle lot by MY kom bekla, maar julle het MY net in GEES by julle en voel daarom dat julle sonder herder is, wat natuurlik nie waar is nie. Julle het MY in MY volle glorie by julle en EK is elke oomblik van die lewe by julle. Julle kan MY net nie sien nie en daarom dink julle dat julle verlate is en soms ook verstoot, wat natuurlik so ver verwyderd van die waarheid is, dat julle nie eers kan raai hoe naby EK werklik is nie.
EK sê weer aan julle wat MY Woord aan ander moet bring - wees nie bevrees nie, want EK is met julle. EK ken julle doen en late. EK is bewus van elke woord wat aan julle gesê word - ook agter julle rûe. Dit is nie altyd lekker om die uitgeworpene te wees nie, maar jy word deur MY aanvaar en wat kan dan nou groter wees as EK en daarom moet julle juig, want dit is vir julle die teken dat julle op die regte pad is, want hulle het eers die Meester gehaat en daarom sal hulle julle ook haat en bestry. Wees ook nie bevrees oor die dinge wat oor julle gesê word wat julle weet wat nie waar is nie. EK skryf alles op wat teen MYNE onderneem word en dit sal hulle, wat onnodig leuens vertel, `n oordeel op die hals bring, omdat hulle MY belieg en teen MY stry en hulle weet dit nie. Hulle dink gewoonlik – net soos Paulus - dat hulle MY `n guns bewys. Maar omdat hulle nie na MY stem luister wat ook met hulle praat nie, verstaan hulle niks nie. Hulle sal eendag hulle fout agterkom en dan kan dit dalk te laat wees. Julle moet daardie mense wat hulle teen julle verhef en julle probeer vasvang in MY Woorde, net aan MY opdra, sodat EK in hulle kan werk en hulle oë kan oopmaak, sodat hulle sal verstaan wie dit is wat met hulle praat. Die tyd is so min en julle het regtig nie `n benul van wat alles met julle gaan gebeur nie en daarom kom EK nou weereens in die vorm van openbaringe aan almal wat MY ken en ook nie ken nie, want EK wil almal red. EK is die Skepper van die hele heelal en wil graag MY volk red uit die kloue van Satan, maar hulle laat MY nie toe nie, omdat hulle te trots is en kom dan met felheid op MY verkondigers van MY Woord af. Dink nie daaraan dat EK behae daarin skep om julle te laat ly nie - dit is net dat julle vir MY moet stry, omdat EK getroue helpers nodig het om die oes van die land af te haal. Die oes is maar skraal en MY arbeiders moet oral ingaan om maar `n enkele koringkorrel van die land af te gaan haal. EK sal nie één koringkorrel laat verlore gaan nie en dikwels lyk dit so donker op die pad wat jy moet stap om die enigste korringkorrel te gaan haal, dat jy amper wil moed verloor en dit maar los omdat daar so baie hindernisse in jou pad gegooi word, maar wees daarvan verseker dat EK die heeltyd by jou is om jou van krag te voorsien en jou te dra waar jy nie oor kan kom nie. Dit is MY woorde van troos aan julle wat vir MY moet arbei en wees vol moed, want MY koms is nie meer ver nie en julle sal almal in prag en glorie weggeneem word, waar julle vir ewig aan MY Vaderbors sal rus en niemand sal julle uit MY arms kan wegruk nie. Want EK het julle lief met `n volkome liefde en sal julle nooit los nie. Julle is MY mond en MY hande wat vir MY werk en wat EK nodig het om die mense te bearbei in die laaste en ook felste tyd wat gaan kom. Moenie dink dat julle alleen gelaat word nie, omdat EK met MY hele engeleskaar die hele tyd naby is om julle van alles te voorsien wat julle nodig het. As julle oë kan oopgaan, sou julle niks meer vrees nie en met nuwe moed en ywer sou julle voortstry, maar nou sien julle net wat voor oë is en kwel julle julle oor alles wat nie vir julle reg verloop nie.
Dit is die manier van Satan om mense teen MYNE en MY Helpende Hand op te sweep en `n gees van vyandigheid op te wek, sodat hulle ore dan toe is vir MY

Woord en MY werking. Julle moet net aanhou om vir MY te stry en EK sal julle bevry van alles en julle help dra aan julle laste. Wees maar net geduldig en dra alles met blymoedigheid, want EK, JaHshua, kom julle een van die dae haal en julle sal dan bly wees oor die pad wat julle moes stap. Dit is `n eer om vir MY te ly en dit moet julle vreugde wees, omdat dit julle reinig van alle sonde en smet en ook nader aan MY Vaderbors bring, sodat EK julle met MY Liefde kan omring en vashou en lei. Laat net als aan MY oor en weet dat EK julle grootste vyande kan verander in stryders wat in MY Naam sal stry. Julle moet net sorg dat die liefde in julle harte nie jeens hulle verkoel nie en julle self die prooi van Satan word nie, want sy grootste wapen is liefdeloosheid teenoor ander en `n eieliefde wat eie aan hom is. Moenie jouself bo ander verhef nie, al het jy kennis en wysheid van MY ontvang - onthou dis MY Kennis en MY Wysheid wat EK aan julle gegee het en EK kan dit ook terugneem as EK sien jy is dit nie waardig nie. Beskou eerder die ander mens as `n siek persoon wat genesing nodig het en jy sal dan met nuwe ywer en simpatie aan hulle werk en vir hulle bid. Dit is reine woorde wat EK aan julle, MY stryders in hierdie tyd bring en wees vol moed - EK het die bose reeds oorwin en julle moet net vir MY die laaste paar koringkorreltjies in die skuur bymekaar bring. Werk sonder om te rus, want julle kan dalk net oorval word deur die duisternis as julle vir een oomblik ophou om MY Woord te bring en dit sal verskriklik wees om deur die bose oorwin te word weens julle eie luiheid. Dit sê EK aan almal wat nou al vir MY stry en wat ook nog in die toekoms vir MY sal opstaan. Dit is Waarheid en geen leuen nie, want dit kom uit MY eie mond, gebring aan julle deur MY skryfkneg wat ook bang is en vol twyfel of EK met haar is.
Julle moet ook weet dat sy en al MY ander skryfknegte ook baie teenstand ondervind, omdat alles wat neergeskryf word as hulle eie werk aanskou word deur díe wat nog blind is en dan word dit op hulle uitgehaal as daar dinge is wat op die tone van mense en die bose trap. Die mense wil nie op hulle eie foute gewys word nie en sal daarom ook hulle rûe op MY skryfknegte draai uit selfbeskerming en eieliefde. Maar wees nie bevrees nie, want EK is by hulle en elkeen wat MY Woord volbring. Dit is MY liefde vir julle en wees getrou, want EK kom gou om julle te bevry van die wêreld en sy laste. Dit is vir julle al klaar volbring, al dink julle nie so nie en elkeen se pad is vir hom alreeds voor sy geboorte oopgebaan. Wees net vir MY lief en EK, Die Enigste Ware Liefde, sal julle dra.
Amen

# HOOFSTUK 24

***22 Nov. 2007 06:43***

Daar was net een man wat MY tydens MY kruisiging gevolg het en dit was MY Johannes. Al MY ander dissipels het gevlug toe hulle Herder geslaan is en daarom het EK gesê dat die skape sal vlug as Die Herder geslaan word. Johannes het MY tot op die einde gevolg, omdat hy MY bo alles liefgehad het en nie `n duit omgegee het vir sy eie lewe nie. Hy was ook bang en het gesorg dat hy op `n veilige afstand bly, maar het al hoe nader gekom, en het so naby gekom as wat hy toegelaat is deur MY kruisigers en pynigers. EK wil hê dat julle ook in die aangesig van gevaar by MY sal bly. Omdat EK die dood oorwin het, sal julle niks hoef te vrees nie, want wat kan julle verloor? Gaan julle dood, is julle nog steeds in MY Hande en bly julle in julle aardse liggame is julle ook in MY Hande en wat is die verskil? Die liggaamlike dood bring julle net gouer voor MY aangesig, waar julle MY kan sien en vir elkeen wat MY liefhet bo alles, sal dit net `n plesier wees. Maar moenie dink dat julle nou moet gaan soek om doodgemaak te word ter wille van MY nie, omdat dit dan onverskillig is en aan selfmoord grens. Julle sal almal deur MY gelei word in die tyd wat kom en EK sal julle uit groot gevare uit red en bevry van die drukkende hand wat julle dood wil druk. Johannes moes ook versigtig wees in sy volging van MY en kon daarom ook nie openlik tot heel voor bars nie, maar EK het hom genoeg laat sien en hoor, sodat hy aan die ander kon gaan vertel wat presies gebeur het. Dit was vir hom ook angsvol en hy het met diepe berou gestaan en toekyk hoedat EK gegesel en gemartel is en hulpeloos het hy ook op ‘n stadium gevlug om weer later terug te keer om MY, sy Meester, te kom bystaan. EK was elke oomblik by hom, al het dit nie so gelyk nie en het hom deur alles gedra, terwyl hy gedink het dat hy MY dra deur sy bystand. En dit is wat EK van julle ook vra - dra MY in julle harte en EK sal julle dra sonder dat julle daarvan weet. Julle sal net ondervind hoedat EK julle krag gee om verder te gaan, al is die pad hoe donker en steil en met dorings besaai. MY Liefde aan julle en julle liefde aan MY sal die pad vergemaklik en verkort en met groot verbasing sal julle agterkom dat die pad ten einde geloop het as EK julle kom haal. Met vreugde sal julle dan juig en jubel en saam met MY gaan na die mees wonderlike plek waarvan julle nie nou eers bewus is nie. As julle nou moet weet wat EK aan julle gee, wat selfs net ‘n bietjie vir MY gely het, sal julle alles met oorgawe doen en nie omgee of julle ook dieselfde lot as EK beërf vir julle getuienis op aarde nie. Julle sal nie omgee wát hulle met julle aardse liggame maak nie en daarom sê EK weereens aan julle dat julle álles in die stryd moet werp, sodat EK julle met vreugde kan kom haal. En wees getrou in alles wat EK aan julle toevertrou het en vrees nie die dood nie, sodat julle nie sal val nie. EK het uit die dood herrys om almal wat in MY glo te kom red en verlos van sondebande en daarom moet julle nie bang wees as julle aardse lewens op die weegskaal geplaas word nie. Baie sal sterf ter wille van MY, maar daar sal ook ‘n getroue oorblyfsel wees wat EK op die wolke sal kom haal en wat die nuwe aarde sal beërwe. Dink nie dat díe wat sterf, nie getrou bevind is nie en daarom moes sterf nie, maar dit is hoe hulle met MY ooreengekom het, nog voor hulle aardse bestaan en sal ook hulle loon ontvang, want almal wat vir MY ly, word ryklik beloon en sal nooit deur MY verlaat word nie. Julle almal wat MY Woord bring en lees sal alles deurgaan in MY Naam en MY volle beskerming geniet, want EK is in volle beheer, al lewer hulle julle uit aan die marteling en pyniging van julle liggame. Terwyl julle gemartel word, sal EK kom en julle versterk en julle sal MY en MY engele sien wat julle beskerm teen die bose magte en wat julle pyn verlig. Dit is dan ook waarom baie mense wat vir MY gemartel is, dit alles kon deurstaan sonder dat hulle MY

verloën het. EK het aan hulle verskyn en hulle kon MY sien terwyl die bose hulle aan hulle vergryp het.
Maar sonder om aan die bose oor te gee, het hulle gejuig en MY Naam geloof, tot groot frustrasie van die bose mense wat hulle gepynig het. Maar hoe meer hulle geslaan of gepynig of selfs gestenig is, hoe meer het hulle hulle aan MY oorgegee en EK het hulle in MY Vaderarms weggedra na veiligheid en rus waar hulle vandag nog is en julle bystaan en ondersteun, al is julle nie eers daarvan bewus nie. Hulle sal dit ook weer vir MY kom doen, as hulle die geleentheid kry en sal weer alles op die spel plaas, omdat hulle al weet wat die uiteinde is. Die loon is so groot omdat hulle MY beërf en sodoende ALLES beërf, want EK is alles. Julle sal nog juig te midde van groot gevaar en ten spyte van aardse omstandighede wat nie ten gunste van julle is nie, sal julle jubel en gelukkig wees. Die ongelowiges sal na julle kyk en met verbasing hulle koppe skud, omdat hulle nie kan verstaan dat julle gelukkig is in díe slegte omstandighede nie. En daardeur (deur julle lyding met blydskap) sal daar ook van hulle gered word wat nie sal kan glo dat daar nog geluk kan wees in `n slegte tyd nie. Maar EK is julle Rotsvesting wat julle sal bewaar en beskerm, al dreig die vyand met die dood. Al maak hulle julle liggame dood, is julle nog steeds gered deur MY, omdat Satan nie `n houvas op julle siele kan hê nie. Een ding moet julle ook onthou en dit is dat, al ly jy nie vir MY nie, jy nog steeds sal moet sterf op die tyd dat EK dit bepaal het en as jy jou eie lewe probeer red te tyde van die groot verdrukking, jy nog steeds sal moet sterf en voor MY te staan kom, al is dit nie dadelik en deur groot lyding vir MY nie. Almal, groot en klein sal voor MY verskyn en EK sal hom aan sy dade ken en hy sal geweeg word daaraan. En groot sal wees die teleurstelling as hy sien wat hy verbeur het, deurdat hy sy eie lewe probeer red het en MY verloën het. Maar aan die van julle wat nou al besluit het om MY te dien en sy aardse lewe as niks te reken, wil EK sê: EK sal julle nooit verlaat nie. EK beskerm julle, al word julle liggame geslaan ter wille van MY, julle siele sal hulle nie kan skaad of vat nie. En wat meer is, is dat jou lyding vir jou tot kroon en sieraad sal word, deurdat jy ander tot inkeer sal bring en hulle sal as jou handewerk gereken word en jy sal beloon word, omdat EK hulle sal red omdat jy nie weens selfsug ingegee het nie. Wees daarom nie bevrees nie, want EK neem alle lyding op MY skouers, wat julle almal gelyk kan dra en julle sal EK in MY arms neem wat groot genoeg is om almal tegelyk vas te hou. Gee julle net aan MY oor en EK sal julle dra en Huistoe neem op die regte tydstip vir julle bepaal. Alle lof en alle eer kom aan MY toe en neem geen lof van mense aan nie, al ly julle ook hoe. Onthou dat EK die EEN is wat julle die krag skenk om vir MY te ly en aan te hou totdat julle tyd volbring is.
Al MY Liefde aan julle MY kinders wat ryklik beloon sal word vir alles wat julle ter wille van MY verloor.
Amen

# HOOFSTUK 25

***22 Nov. 2007 23:21***

Geeneen wat die dood vrees kan gered word in die geloofstryd wat sal kom nie en daarom sal EK sekere dinge doen om julle van julle doodsvrees af te laat sien. Van MY knegte weet al wat hulle gaan trotseer in die komende tyd en dit is vir hulle `n swaar las wat op hulle skouers lê, maar EK het dit aan hulle bekend gemaak, sodat hulle solank hulle krag van MY kan kom vra en sodoende met `n lied in die hart sal dra wat nou te swaar lyk. Hulle sien ook nie daarna uit dat dit moet gebeur nie, maar weet ook dat EK `n doel het met alles en dat EK dit vir hulle ten goede sal laat meewerk. Elkeen wat na MY soek in alle erns sal op so `n wyse deur MY gereinig word van alle sonde en vrese wat hy besit en waarvan hy nie eers altyd bewus is nie. Julle moet egter moed hou, omdat EK julle deur alles dra en julle nooit sal laat gaan om julle weg in alle eensaamheid te gaan nie. Weet dat EK altyd met julle sal wees, al is dit in die diepste van donker nagte en weet ook dat julle daaroor sal jubel en juig as julle sien hoedat EK julle hartseer in volle vreugde sal omskep. Min mense het nie `n vrees vir die dood nie en sal baat daarby vind om deur MY gewys te word dat hulle vrese ongegrond is, omdat daar lewe is na die dood. Die dood lyk vir julle altyd

skrikwekkend, maar weet dat EK die dood oorwin het. EK is die Meester oor die dood ook en julle moenie dat die bose julle ander dinge kom wysmaak nie. Julle sal bly wees as EK julle met `n lewende getuienis kom wys dat die dood nie meer `n angel het nie. Sonder dat julle dit weet is die groot oorsaak van julle vrees vir die komende tyd, dat julle doodgemaak sal word en daarom is dit noodsaaklik dat EK julle kom wys dat daar niks te vrese is nie. Deels om julle te versterk vir die tyd wat kom en ook om julle geloof in MY so sterk soos `n rots te maak. Diegene wat alreeds weet wat hulle te wagte staan, is baie bevoorreg aangesien daar ander is wat nog nie weet nie en wat baie geskok gaan wees as dit hulle beurt is om gereinig te word. Maar julle moet net besef dat alles in MY Hande is en daarom wil EK julle wys, want julle sal moet ly vir MY en as julle `n vrees vir die dood het, sal julle nie bly staan tot die einde nie. Dit is ongelukkig hoe dit sal moet wees, omdat die bose nie tevrede sal wees voor hy julle doodgemaak het nie, maar wees gerus en weet dat EK in volle beheer is en niks julle sal oorkom as dit nie MY wil is nie. EK sal julle uit groot gevare uitred en daar sal die wees wat vir MY sal sterf omdat Satan julle haat. Maar niks wat hy teen julle sal onderneem, sal julle skaad nie en met `n geruste hart sal julle julle weg kan gaan op aarde, al sal dit die felste stryd op aarde wees wat nog ooit geheers het. EK is Die Enigste en Eerste en Laaste en MY Woord is wet en as EK besluit dat EK `n ding wil doen, sal niemand MY keer nie. Net soos die woorde wat MY skryfknegte neerpen, waar sal word en tot vervulling gaan, sal ook elke ander woord wat EK spreek ook in vervulling gaan, omdat EK die EEN is wat maak en breek en nie Satan nie en geen mens het mag oor MY Woorde nie. Al probeer hulle ook wát om MY knegte te probeer stil, daar sal nie `n enkele ding gebeur wat hulle tot stilte sal bring nie, want EK wil dat hulle skryf en vir MY moet getuig en so sal ook elke ander werk wat EK iemand opdra om vir MY te doen, ook gedoen word, al probeer die bose dit stopsit. EK is die Almagtige en niemand kan dit bestry nie - nie eers die engel van die duisternis nie. Weet julle dat EK opgestaan het uit die dood na MY kruisiging? Julle sê almal ja! Nou waarom is julle bang vir die dood?
Geen lewe of dood kan julle van MY skei nie en daarom is dit `n ongegronde vrees wat uit julle uitgehaal moet word. Dit sal net tot reiniging vir julle dien en daarna sal julle dankbaar wees dat EK julle gereinig het daarvan. Die bose weet dat elke mens die dood vrees en sal daarom altyd die dood gebruik om die mense tot oorgawe te dwing. Julle sal ook in sulke situasies kom en weet dan net dat EK in beheer is. As dit nie jou tyd is nie, sal niks jou oorkom nie en as dit jou tyd is, sal EK sigbaar aan jou verskyn en jou weereens versterk en in MY arms sal EK jou wegdra sonder dat die bose `n vinger op jou kan sit. Maar julle moet eers berus by dit wat EK julle wil leer. En dink nie dat julle dit nie nodig het nie, want EK weet wat julle nodig het en wat nie! Wees maar net nie bevrees nie en wankel nie in jou geloof nie, want EK ís by jou om jou te vertroos en te versterk vir jou lyding. EK sal ook jou lyding verkort as EK sien dat jy jouself heeltemal oorgegee het aan MY en voor jy dit weet, het EK jou lyding in die grootste vreugde omskep, omdat jy MY bo alles en almal gestel het.
Vrees nie die bose nie, want dit is dooie dreigemente wat EK nie sal laat geskied as dit nie MY wil is nie. Kom vra maar net vir MY om jou teen die bose te beskerm en EK dan het dit al klaar gedoen voor jy MY nog gevra het.
EK het julle lief en doen nie iets om julle te pynig om MY plesier te verskaf nie. Alles wat EK julle aandoen is net `n reinigingsmiddel om julle suiwer voor MY te kan bring. Dink daaraan as dit jou beurt is om gereinig te word en wees nie bevrees nie - EK is met jou en dra jou deur dit alles sonder dat jy die sware las self hoef te dra, want alles word deur MY gedoen net uit liefde vir julle, MY skepsels, wat MY kinders moet word.
Amen.

# HOOFSTUK 26

***23 Nov. 2007 06:15***

Daar is sekere dinge wat EK nie laat bekend maak het deur MY skrywers wat saam met MY geleef het op aarde nie en wat nie opgeteken staan in die Boek van die Lewe nie. EK het MY redes waarom dit versluier moes bly tot op die dag dat EK besluit het om dit te openbaar. Die dag het dan ook nou aangebreek en daarom sal hier nou baie versluierde wyshede openbaargemaak word deur MY skryfknegte. Julle is gou om hulle van valsheid te beskuldig, net omdat dit nie die Bybel voorkom nie en soek dan die fout by hulle, maar EK sê aan julle: Moenie `n oordeel fel voordat jy nie eers dubbeld seker gemaak het die antwoord wat jy ontvang het, kom werklik van MY af nie. EK sal MYSELF nie weerspreek nie en sal daarom ook nie vir die een so sê en die ander anders nie. Wees tevrede met wat EK aan julle gee as Lewensbrood en hou op om vir MY te sê wat julle wil eet en wat nie. Dit is `n baie dom ding om te doen, aangesien EK dalk net al MY Lewensbrood van julle sal onttrek en julle dan `n geestelike duisternis in julle siele sal beleef waaruit julle moeilik sal kom. Dit is nie die werk van MY skryfknegte nie en daarom moet julle nie vir hulle kwaad word nie, want hulle bring net die onvervalste brood soos EK dit aan hulle gee. Julle kan verseker wees daarvan dat EK baie goed weet van elke mens se reaksie en elke gedagte teen MY brood is nie vir MY verborge nie. Maar weet ook dat EK alles vergewe en as julle MY om vergifnis kom vra, julle dit sal kry en dat EK ook weer aan jou die Lewensbrood sal aanbied. As MY skryfknegte díe was wat hierdie dinge uitgedink het, sou julle ‘n duidelike waarskuwing in julle binneste gevoel het, maar nou voel julle net ‘n onsekerheid en verwardheid. Dit is omdat julle nie glo dat EK weereens met julle wil spreek nie. Julle dink dat alles afgehandel is met die Bybel. Hoe ver verwyderd van die waarheid is julle dan nie? Dink julle dan ‘n aardse vader gee net eenkeer ‘n opdrag aan sy kinders en praat dan nooit weer met hulle nie? As ‘n aardse vader dit nie eers doen nie, wat nog te meer van MY? EK wil elke kind van MY styf teen MY Vaderbors vashou, maar julle is te onrein daarvoor en daarom bied EK julle die Lewensbrood van MY Woorde aan, sodat julle julleself kan reinig. Julle kry net een kans op aarde om tot by MY te kan kom en julle is besig om dit te verspeel en daarom moes EK weereens kom ingryp om julle tot MY te bekeer, ook omdat die einde so naby is. Julle moenie twyfel nie, omdat EK net liefde verkondig en vra. Ken julle die satan en sy werke? Julle sê weereens almal ja. Het julle gesien tot wat hy in staat is, net met MY kruisiging? Wat dink julle sal hy met julle maak as hy julle in die hande kry? Teen sy bors vasdruk en liefdeswoordjies in julle ore fluister? Definitief nie! Dis EK wat dit doen en daarom kan julle al baie mooi agterkom waarop EK probeer afstuur. Vind julle enige haat en nyd in MY boodskappe aan julle? Vind julle dat EK die een teen die ander opsteek of aan julle toestemming gee om uit te gaan en MY vyande uit te delg? Nee. En daarom is dit weereens ‘n bewys

dat dit EK is wat hier praat. Wat sê EK die hele tyd aan julle? Wees vir MY lief met jou hele hart, siel, gees en alles binne jou en jou naaste soos jouself. Is dit nie MY gebooie nie? As dit MY gebooie is, kan dit mos onmoontlik die satan se woord tegelyktydig wees, is dit nie? Nou waarom twyfel julle dan nog? En ‘n ander ding wat aan julle ‘n bewys moet wees van die egtheid van hierdie Lewensbrood van MY aan julle - dink julle MY skryfknegte kom sit hier voor die rekenaar en dink al hierdie wonderlike dinge uit? Wys MY die mens wat met soveel outoriteit kan spreek soos EK en EK sal julle die son gee. Dink julle MY skryfknegte is daartoe in staat om elke dag of nag hierdie boodskappe uit te dink? Sê MY, tot watter voordeel sal dit hulle strek, aangesien hulle nie ‘n sent hiervoor kry of wil hê nie? Hulle word beswadder en uitgekryt as valse mense met die leuengees in hulle, maar hulle het aan julle gesê dat hulle nie sal ophou om vir MY te skryf nie, al maak julle ook wat. Wie sal homself blootstel aan soveel vyandigheid vir sy plesier? Dink nie dat hulle ego’s daardeur gestreel word nie, aangesien daar net houe op hulle reën deur die wat hulle daarvoor verantwoordelik hou en dat hulle maar min liefde van die mense aan wie hulle dit bring, ontvang. Dit is ‘n ware seëning vir hulle, as hulle iemand vind wat na MY boodskappe wat hulle aan julle bring, luister. Maar wat hulle weer net so platslaan as daardie persoon sy rug op hulle keer, weens dinge wat hy nie verstaan nie en dan wil maak of hulle die een is wat valse boodskappe bring. Kom vra MY in die diepte van jou hart en EK sal jou sekerheid gee, omdat dit waarlik EK is wat hierdie boodskappe aan julle bring. Kom vra MY in alle nederigheid en EK sal dit aan jou duidelik maak wat jy nie verstaan nie en daarom alles verwerp. Maar moenie MY kom vra vir die antwoord wat jy wil hê nie. Kom vra MY vir die antwoord wat EK vir jou wil gee. Sonder voorwendsels moet jy na MY kom vir ‘n antwoord en jy sal ‘n reine antwoord kry. Maar pasop vir die leuengees binne jouself, wat jou verkeerde dinge laat sien as MY Woorde en daarom moet jy eers in baie diepe ootmoed en met vas en gebed aan MY kom vra en natuurlik moet jy regtig ‘n antwoord wíl hê wat van MY kom en nie uit jouself nie. Baie dinge is nog nie vir julle duidelik nie en wil julle dit daarom nie hê as antwoord nie, maar EK sê vir julle met MY eie mond, dat julle alles sal verstaan as julle dit net aan MY oorlaat en nie jouself probeer verhef en self die antwoorde soek nie. Laat dit aan MY oor en EK sal dit aan jou bekend maak op die regte tyd. En ook as jy nie antwoord kry wanneer jy wil nie - wag dan net op MY. MY antwoord sal nie uitbly nie en jy sal insig kry in die dinge wat jy nie verstaan nie. Maar moenie MY Woorde afmaak as leuens, net omdat jy dit nie verstaan nie. MY skryfknegte het ook baie dinge nie verstaan nie en was baie diep in die twyfel oor dit, maar EK het dit aan hulle bekend gemaak en hulle verstaan nou baie dinge duideliker, wat voorheen vir hulle ook ‘n kwelpunt was. Dink nie dat hulle nou alles weet of dat hulle dink hulle weet alles nie - hulle is baie deeglik bewus van hulle tekortkominge en min wysheid, maar doen net die werk wat EK aan hulle gegee het. Julle sal almal in die lig gestel word as julle julle net aan MY oorgee sonder hoogmoed en sonder dat julle bevooroordeeld is, terwyl julle nie MY Woorde verstaan nie. Dit is baie belangrik aan julle almal, insluitende MY skryfknegte wat MY Woord aan julle bring, sonder hoogmoed van gees. EK kan nie saam met ‘n gees van hoogmoed in een mens werk nie en dit is die teken dat hierdie van MY uitgaan, omdat MY skryfknegte nederig is en sonder ‘n hoë dunk van hulleself. Satans is vol hoogmoed. Kyk maar net om julle heen en julle sal moet saamstem daarmee dat hoogmoed aan die orde van die dag is en dat almal mekaar vertrap as gevolg daarvan.
EK het julle almal lief en trek nie die een voor die ander nie, maar MY skryfknegte het net eerste hulle opdragte van MY ontvang voor die ander. Wandel in MY weë en julle sal ook van MY `n opdrag ontvang en dit sal iets wees wat EK aan julle vra om vir MY te doen, al sal jy nie ook skryf nie. EK weet wat om aan wie te gee.
Amen

# HOOFSTUK 27

***24 Nov. 2007 02:06***

Dink nie dat julle nou al genoeg gedoen het aan julleself en voldoende geestelik gegroei het nie. Daar was met MY beliggaming op aarde talle mense wat MY gevolg het en sommiges het begin hoogmoedig raak omdat hulle MY herken het en die skrifgeleerdes en sommige gewone mense MY nie herken het nie. Hulle het begin dink dat hulle beter is as die ander wat MY nog gesoek het in die tempel en geskrifte. Ook was daar díe wat nederig gebly het omdat hulle besef het dat hulle niks uit hulleself is nie en dat alles wat hulle ontvang het, van MY afgekom het, en nie uit die feit dat hulle so goed was nie. Daar is vandag nog baie mense wat MY êrens langs die pad verloor het, sonder dat hulle dit besef het, omdat hulle hoogmoedig begin word het en begin neersien het op hulle broers wat nog vasgevang sit in die vangkloue van die kerk. Dit was ‘n groot genade en barmhartigheid van MY kant af om julle oë oop te maak vir die verkeerde op jou weg, en dit was nie omdat jyself so slim was nie. Dit het nou tyd geraak dat julle ophou om uit selfverheffing op hulle neer te sien, en in die proses sal EK julle in die kerke instuur om die mense daarin te bevry. Dit is ‘n baie moeilike taak soos julle self weet, omdat die mense verstok aan die leraar se woorde hang en julle baie moeilik tot hulle deur sal kan dring. Onthou - EK dwing niemand nie en daarom mag julle nie dwang op julle vasgevangde broers uitoefen nie en hulle sagkens na MY lei. Julle sal maar op die harde manier moet leer omdat julle hulle, uit hoogmoed, alreeds julle vyande gemaak het en daarom sal dit ‘n baie moeilike en stadige proses wees om hulle te oortuig. Hoe sal julle hulle oortuig sonder om hard te praat en sonder om hulle te verjaag? NET DEUR LIEFDE! Werk aan jouself om jouself tot liefde te omvorm. Dan sal jy hê: Geduld, sagmoedigheid, vriendelikheid, lydsaamheid, vrolikheid en al die ander mooi eienskappe van die liefde en wie sal julle dan nie in liefde en geduld kan aanhoor en oortuig word nie? Kyk maar om jou heen as jy in `n saal vol vreemde mense instap. Na wie sal jy eerste gaan vir geselskap of raad? Die een wat jou die vriendelikste gegroet het, natuurlik! Maar die een wat jou met hoogmoed en verhewendheid aangekyk het, sal jy so ver vermy soos die duiwel `n slypsteen, soos julle sê. Dit is `n sprekende bewys daarvan dat liefde die wapen is waarmee jy alle vyandigheid moet verslaan. Baie maal het jy iemand nie baie vriendelik behandel nie en dan is daardie persoon maar lugtig vir jou en probeer jou maar op allerhande maniere te vermy. Pas dan net die

beginsels van die liefde toe en jy sal `n merkbare verskil by hom/haar opmerk. Julle is so geneig om te dink dat EK nou klaar is met die kerke, omdat EK teen hulle uitvaar, maar daar sit nog baie van MY skape daarin vasgevang en dit is julle plig om hulle daaruit te gaan haal, want dit is soos `n skaap wat in `n doringdraad verstrik geraak het. Hy weet nie meer hoe om uit te kom nie en sal later maar net gaan lê en wag uit radeloosheid, terwyl hy aanhoudend blêr. Die geblêr van MY skape hoor julle egter nie, omdat net EK die harte ken. Maar nooit sal hulle na julle gaan vir hulp nie, omdat hulle alreeds in die verlede met strenge regverdigheid oor die kole gehaal is, omdat hulle nog in die drade verstrik gesit het. `n Skaap wat in doringdraad vassit, het `n vriendelike hulpvaardige hand nodig en nie iemand wat met felle geregtigheid op hom neerkom nie. Sou iemand op so `n manier een van MY skapies nader, sal hy MY skapie oombliklik verwilder en sodoende die kans verspeel om hom uit die draad te bevry. Wees egter nie bang as jy een van daardie streng "regverdige helpers" was nie. EK sal jou weereens na MY skaap toe stuur en jy sal hom maklik bevry, MITS jy jouself heeltemal aan MY oorgee en met liefde gaan skape vang.
Dit is nog ‘n les wat julle moes leer wat MY skryfkneg net moes neerskryf en wat op haar ook van toepassing is. Dink nie dat MY skryfknegte gevrywaar is van die dinge wat EK julle leer nie – allermins! Dit geld eerste vir hulle en dan vir julle! Moenie getroue navolgers wees van die “regverdiges” onder julle nie, want niemand is regverdig in MY oë nie, slegs die liefde regverdig jou en maak jou rein omdat EK liefde is, en net EK alleen kan reinig. Omdat EK julle baie liefhet, ten spyte van julle hoogmoed, gee EK julle weereens díe les wat julle al heel aan die begin verloor het in julle groot ywer vir MY.
Amen

# HOOFSTUK 28

***24 Nov. 2007 07:20***

En hier is nou weer iets vir die kleingelowiges. Nadat hulle MY liggaam van die kruis afgehaal het, was almal diep bedroef en niemand was vol vreugde nie. Alhoewel EK aan hulle gesê het dat hulle nie moet treur nie en dat EK ‘n stryd van MY eie het wat gestry móet word. Hulle was almal in hulle self gekeer en niemand was lus om te gesels nie. Toe daar meteens soldate aan die huisdeur hamer, was almal verskrik, en vreesbevange het hulle almal asof versteen gesit, omdat hulle gemeen het dat hulle weens MY, gevange geneem gaan word. Tussen hulle was ook ‘n klein seuntjie wat MY baie na aan die hart gelê het. Sy naam was Josöe. Hy is deur MY uit die dood opgewek en aan Cyrénius gegee om verder groot te maak. Hy was egter baie wys, omdat hy deur MYSELF geleer is en het niks aan wysheid en kennis kortgekom wat die grootmense gehad het nie. Josöe het met sy kop op Cyrènius se skoot gelê en was diep bedroef oor die gebeure, al het hy ook geweet wat die uiteinde sou wees. Julle wonder seker waarom dit nie ook in die Bybel opgeteken is nie. Die antwoord is pleinweg logies. Niemand sou geglo het dat ‘n twaalfjarige seun wat deur MY uit die dood opgewek is, kon wonderwerke doen en met die engele spreek nie, aangesien hy ‘n engel gehad het wat hom tot diens was. Die verhaal van Josöe sou dan so verdraaid die wêreld ingegaan het, dat EK dit nooit in die Bybel kon laat insit nie. Baie mense weet egter van hom, omdat hulle van hom gelees het in MY ander openbaringe wat deur Jakob Lorber vir MY geskryf is. Julle het nog nooit ‘n kind ontmoet met soveel breinkrag en intelligensie soos MY Josöe nie, maar dit beteken ook niks, omdat hy daardeur `n baie bedorwe kind geword het voor hy gesterf het en deur MY weer opgewek is, na een-en-'n-half-jaar. Leer julle kinders om MY lief te hê en nie hulle verstande tot op die letter te ontwikkel nie, want daardeur tree die hoogmoed in en niemand wat hoogmoedig is, kan deur MY geleer word nie. MY Josöe het met trane in sy mooi blou oë gelê en dink aan alles wat EK hom geleer het en hy was hartseer omdat hy nie by MY kon wees nie. Hy was in MY paradys waar hy deur MY engele geleer is van MY werke en was daarom nie bekommerd oor MY heengaan na `n ander wêreld nie, maar bloot oor die feit dat ons nie meer bymekaar

kon wees nie. Met die harde klop aan die deur het hy baie groot geskrik en het orent gespring en die deur oopgeruk, omdat hy gedink het dat dit dalk EK was wat vroeër uit die dood opgestaan het en dat dit die rede was waarom die soldate ons kom roep het. MY ander diensknegte en dissipels het groot geskrik toe hy die deur oopruk en het hom probeer keer, maar hy was te vinnig vir hulle. Dit het toe `n deurmekaarspul opgelewer wat mense in paniek na alle rigtings laat spat het in `n poging om weg te kom van die soldate. Meteens sien hulle almal in hulle verwardheid `n helder ligstraal en `n stem wat met hulle praat kon ook gehoor word. "Waarom vervolg julle MY kinders, en dit terwyl hulle oor My treur? Laat hulle staan en gaan terug vanwaar julle gekom het!", was die woorde wat die soldate in angs en verbystering laat vlug het. Maar MY mense het `n heerlike gesing vanuit die hemel waargeneem wat hulle almal tot kalmering gebring het. MY Josöe het in gejubel uitgebars en was nie meer hartseer oor die gebeure nie. Almal is met stom verbasing vervul en het in hulle harte gejuig en gesing, omdat hulle toe ook saam met Cyrènius bly gevoel het. Daar is toe ook baie om verskoning gevra aan Cyrènius, omdat hulle vroeër daardie aand gedink het dat hy mal was (Toe hy MY gesien het in die doderyk met MY helder lig om MY). Nodeloos om te sê, het alles vanaf daardie uur ook vir die Romeinse soldate verander, omdat hulle lewende getuies was van die feit dat EK werklik was wie EK gesê het EK is. Daardie aand is baie mense gered deur MY kinders, want die soldate het later teruggekom en aan hulle gevra om MY om genade te smeek, aangesien hulle verantwoordelik vir MY marteling was. Deur die skokkende gebeurtenis van My bulderende stem wat in hulle ore weerklink het, het elke demoon wat hulle beset het, op die vlug geslaan en in sak en as het hulle besef wie EK was en wat hulle gedoen het aan MY, die Ware Enige Koning van die Ewigheid af. Hulle het hulle swaarde van die wêreld verruil vir My Swaard van liefde en is deur MY Mense in MY weë geleer. Daar het `n geluk by die ongeluk plaasgevind, soos julle geneig is om te sê, en daarom wil EK dit ook aan julle voorhou om nie bekommerd te wees in `n tyd van nood nie, omdat EK julle wat MY liefhet se nood in "vrugbare grond" kan omskep as julle MY vra. Die "vrugbare grond" is dan ook bewerk deur die feit dat My mense op die tydstip van hulle nood deur My bygestaan is en My aangeroep het. Dit is nog `n bewys dat EK oral tegelyk is. EK was besig om Satan te oorwin en het terselfdertyd MY kinders op `n ander plek bygestaan. Wees daarom nooit meer bang nie, want EK is oral en altyd in beheer, en nie die wêreld of jou aanvallers nie. Gaan jou weg met vreugde en dink altyddeur aan MY, want EK IS die EEN wat maak en breek! In hierdie geval het EK MY mense se harte kalm gemaak en die soldate se doodsbande gebreek. Dit sit alles alleen in MY Mag en kan daarom nie deur `n mens gedoen word nie. Bring jou smarte en nood net na MY en julle sal juig en jubel omdat EK MAAK EN BREEK.

Met liefde aan julle vertel deur MY en My skryfkneg wat MY bo alles bemin.

Amen.

# HOOFSTUK 29

***25 Nov. 2007 05:33***

Daar kom ‘n tyd in elkeen se lewe wat hy ‘n keuse moet maak vir of teen MY en sy liefde vir MY gaan die deurslaggewende rol speel van sy keuse. Daar is díe onder julle wat MY werklik bo alles liefhet en vir hulle gaan die keuse maklik te make wees. Maar dan is daar ook díe onder julle wat MY nie werklik liefhet nie en sonder om te besef wat julle doe, gaan julle die verkeerde keuses maak. Neem nou maar ‘n voorbeeld van twee seuns wat op reis gaan na hulle grootouers. Altwee is baie bly om weer ‘n kans te kry om weer ‘n bietjie te gaan kuier en pak met groot haas en spoed in. Dan kom hulle ouers by hulle en vra dat hulle net ‘n dag of twee bly, as hulle nie omgee nie, om met iets te help. Die een seun sê dat hy bereid is om te bly vir ‘n dag of twee en die ander seun pak dadelik sy tas uit en besluit om te bly, omdat sy ouers hom nodiger het. Hy is bereid om sy kuiertjie op te offer om sy ouers by te staan. Watter een het nou ‘n goeie keuse gemaak en watter een die slegte keuse? Altwee was bereid om hulle plesier uit te stel, maar een het eintlik die korrekte keuse gemaak wat sy ouers die beste sal baat. So is dit ook met julle. EK gaan julle voor keuses stel wat vir julle baie moeilik gaan wees om te maak en julle gaan nie altyd weet watter een die beste is nie. Maar wanneer jy MY bo alles liefhet, sal jy die regte keuse oombliklik maak en deursien, omdat EK met MY Wysheid jou bystaan.
Julle almal moet besluit wat julle in die lewe wil hê en daarin is julle vry. EK mag geen dwang op julle uitoefen nie en dit is wat dit so moeilik maak vir My en MY engele wat julle moet oortuig om die regte keuses te maak. Dit gaan baie moeilike kwessies wees wat op julle weg gegooi word en julle sal baie leiding nodig hê om die regte ding te doen.
Dit sal so wees tydens die laaste geloofstryd op aarde en waar julle ‘n definitiewe keuse vir of teen MY sal moet maak. ‘n Felle stryd wat nog nooit op aarde sy gelyke gehad het nie. Julle almal sal moet geestelik groei om dit te kan deurstaan en dit is dan ook die ware rede dat EK weereens met julle probeer praat. Die onder julle wat MY Woorde van liefde en versterking weggooi as niksseggend of dit weggooi omdat dit alreeds in die Bybel staan, gaan ‘n baie harder tyd as MY ander kinders tegemoet wat, nadat hulle hierdie nuwe openbaringe van MY gelees het, ten volle versterk is en met die swaard in die hand sal hulle vir MY kan veg, met MY krag, omdat hulle nou al mooi weet hóe om te werk te gaan. Maar julle wat kies om net die Bybel te lees, sal nog nie mooi weet wat om presies te doen nie, aangesien daar nie soveel versterking daaruit kom nie. Nie genoeg vir die komende stryd nie, in elk geval. Die Bybel was genoeg vir vorige geslagte en in tye wat julle beleef het wat sonder gevaar was, maar nou staar julle ‘n baie gevaarlike tyd in die oë en julle sál nie oorleef net met die kennis wat die Bybel julle gee nie. Dit sê EK, Die Allerhoogste aan julle, kleingelowiges wat nog steeds halsstarrig bly vasklou aan MY Woorde vir vorige geslagte. Dit is dan ook waaroor die gelykenis van die 10 maagde gaan. Daar was vyf wat genoeg olie gehad het om hulle te dra in die tyd wat hulle moes wag op die bruidegom, en dan was daar die ander vyf wat ook genoeg olie gehad het vir ‘n kort tydjie, en op die mees kritieke tyd moes hulle besef dat hulle geen olie het nie en inderhaas moes hulle gaan soek, net om nêrens geholpe te kon raak nie. Wat het toe met hulle gebeur? Hulle is deur die bruidegom verwerp, omdat hulle te lui was, of te “wys” was om voor die tyd genoeg olie bymekaar te maak. Dit gaan die lot wees van almal wat nie nou MY Woorde van versterking wil aanneem nie en op die mees kritieke tyd (net soos die vyf onvoorbereide maagde), gaan hulle My Woorde van versterking nodig kry, en hulle gaan dan inderhaas soek na MY openbaringe, net om dit nêrens te vind nie. Dit sal julle diep berou omdat Ek alreeds in die verlede gesê het aan MY ander skryfkneg, dat julle My nóu in julle binneste moet soek, sodat julle almal MY stem nóu kan hoor, omdat daar ‘n tyd gaan kom dat niemand behalwe MYNE wat MY binne hulle kan hoor, gered sal kan word nie. En dit sal julle eie skuld

wees, net soos die vyf onvoorbereide maagde, omdat EK julle nóu roep en daar nog so ‘n klein rukkie tyd is om genoeg olie bymekaar te maak. Maar die eindtye is ook op hande en daarom roep EK julle nou weer uit die hoogte toe en nooi julle uit om julle oliekannetjies vol te kom maak voor dit te laat is. Die wat op MY roepstem ag gee, het niks om te vrees nie, maar julle wat nie wil nie, het net julleself te blameer as julle lampies doodgaan op die mees kritieke oomblik. Kom nóu na MY toe! Luister nóu na MY stem wat weer weerklink om julle te versterk. Sorg dat julle MY stem kan hoor, sodat EK julle presies kan sê wat om te doen. En wat meer is, in die tyd van nood en dood, beskryf in ***Maak en Breek***, sal EK die hele tyd hoorbaar wees aan elkeen wat hom kom versterk het met MY nuut aangebode Lewensbrood. EK sal met elkeen praat soos wat EK nóu met MY skryfknegte praat. EK wil met elkeen van julle nou praat en wag sodat julle vir MY die weg daarnatoe kan oopbaan. EK dwing niemand nie en daarom sal Ek julle ook nie dwing nie, maar MY roepstem weergalm oor die hele aarde, sodat MY kinders van oraloor na MY kan kom. Wanneer die geloofstryd gaan kom, sal daar nie meer tyd wees om te lees en te soek na MY Woorde, wat EK nou aan julle gee nie, omdat sekere toestande op die aarde gaan heers en julle dit nie met `n oog te siene gaan kry nie. Met leë hande en harte sal julle dan beswyk, omdat die Lewensbrood wat gedien het om julle te versterk, wat aangebied is aan julle deur MY skryfknegte, deur julle verwerp is. En waar sal julle dit dan weer vind om te eet? Dit was dan ook die simboliese betekenis van die manna in die woestyn wat deur MY aan die Israeliete aangebied is. Dit val letterlik uit die hemel op julle neer en al wat julle nou moet doen, is om dit te gryp en te lees. Julle is nou in hierdie tyd, op die dag voor die sabbat en net soos hulle op daardie dag `n dubbele porsie moes optel vir die sabbat, moet julle ook nou `n dubbele porsie van MY openbaringe, wat ook manna is, eet sodat julle sterk kan wees wanneer daar geen manna uit die hemel op julle neerreën nie. Julle weet wat gebeur het met die manna nadat almal opgetel het. Dit het gesmelt en kon nie weer gevind word om later weer geëet te word nie. Dit is presies wat ook met MY openbaringe gaan gebeur. Nêrens sal geskrifte te vinde wees vir iemand om te lees nie. Selfs díe wat dit nou lees, sal dit nie weer vind nie, maar hulle het dan hulle oliekannetjies alreeds daarmee gevul toe daar nog tyd was en sal daarom nie `n tekort aan MY Woord hê nie, wat hulle dan in daardie slegte tyd sal deurdra, omdat EK in MY volle glorie by hulle sal wees om die kannetjies vol te hou met MY Woorde van vertroosting wat Ek aan elkeen sal bring wanner hy dit nodig het. EK sal sigbaar aan hulle verskyn, - die wat hulle kannetjies sonder ophou gevul het met MY olie (in die vorm van MY nuwe openbaringe) en hulle sal die stryd dan met alle krag van MY kan stry, sonder om uitgeput te raak, terwyl die wat net genoeg gehad het vir die goeie tye, sleg daarvan af sal kom. Julle moet nou self besluit watter keuse julle sal maak. Kies julle om net die Bybel te lees, is dit goed genoeg vir nou en staar julle moeilike tye in die gesig. Maar die wat kies om hulleself versadig te maak met MY Lewensbrood, sal sterk wees tot op die einde en sal My wederkoms op die wolke sien. Wie het dan nou eintlik die goeie keuse gemaak? Julle moet maar self besluit.
Amen

# HOOFSTUK 30

***25 Nov. 2007 06:37***

Die van julle wat besluit het om My Lewensbrood verder te eet, kan nou ook verder lees.

Dit was ‘n bewoë dag vir My dissipels en die vrouens wat MY aardse lewe gedeel het, op die dag van My opstanding. Sonder vreugde het hulle na My graf aangestap gekom, sonder dat hulle regtig opgelet het waarheen hulle op pad was. Dit was eintlik maar deel van menswees, omdat hulle nie besef het dat EK werklik gaan opstaan nie. EK het aan hulle soveel tekens gewys terwyl EK in die doderyk besig was, dat hulle eintlik moes juig, maar sonder vreugde het hulle hulle weg gegaan na MY graf om MY liggaam te balsem en dit terwyl EK aan hulle gesê het dat EK die tempel, wat MY liggaam was, weer sou opbou. Met groot geween het hulle geloop en dink aan die marteling en die steil pad wat EK moes stap met die sware kruis op MY rug. Sonder om om hulle heen te kyk, het elkeen net voor hom in die pad gekyk. Daar was net ‘n paar vrouens teenwoordig en hulle het elkeen geloop en bid in hulle harte vir krag om weer My gebroke liggaam te kon aanskou. Sonder dat hulle besef het, het hulle by MY graf aangekom en wou net iemand vra om die groot steen voor die opening weg te rol sodat hulle kon ingaan. Maar dit was nie nodig nie, omdat die steen alreeds weg was en hulle ongestoord in die grafkamer kon inbeweeg. Hulle was nie ‘n bietjie verbaas daaroor nie en het gewonder wie hulle voorgespring het met die balseming van MY liggaam. Maar sonder om te dink, het hulle in beweeg om skielik tot stilstand te kom. My liggaam was weg! Al wat daar van My oor was, was die paar lappe wat daar gelê het en met groot skok het hulle almal buitentoe gestorm om uit te vind wat aan die gang was. Sonder om weereens te dink aan My woorde dat EK sou opstaan, het hulle begin soek na iemand wat daar besig was om te werk en wou net aan ‘n man wat daar gestaan het en vir hulle soos die tuinier gelyk het, vra of hy iets gesien het. Maria Magdalena het skielik voor MY kom staan en met ongeloof op haar gesig het sy na MY gekyk. Sy het geweet wie EK was, maar uit verbasing en skok was sy deurmekaar en vra MY toe of EK iets weet van haar Meester se liggaam wat nou weg was. Toe EK aan haar vra of sy MY dan nie herken nie, het sy eers tot haar sinne gekom en wou MY omhels en vasdruk teen haar bors. Maar omdat sy nog onreinheid in haar gehad het, is dit haar nie toegestaan nie, omdat dit haar dood sou beteken. EK was verheerlik en weer EEN met MY VADER en geen onreinheid kon naby MY standhou nie. Ek het die sonde en dood oorwin en niemand wat dit nog in hom geberg het, kon MY aanraak nie. Julle wonder seker wat die ander gedoen het toe hulle My vir die eerste keer gesien het en of hulle ook soos Maria Magdalena gereageer het. Kom EK vertel julle kortliks wat verder gebeur het. Nadat sy voor My op die grond neergeval het, het die ander vrouens ook op MY afgestorm en wou My ook vasdruk, maar het ook voor My voete geval, omdat hulle ook nog onrein was. In vreugde het hulle deurmekaar gelag en gehuil totdat daar van die omliggende mense begin vra het of hulle dronk was. Sonder om te weet wie EK was, het hulle maar net kopskuddend weggedraai en weggestap. Vandag gaan dit net so. Die wêreldmens wat niks aan My het nie, draai kopskuddend weg as een van MY kinders met groot vreugde van My getuig en dink ook maar dat hy/sy nie heeltemal “lekker” in die kop is nie. Maar sonder om te weet, draai hulle hulle rôe op die Lewe om die pad van die dood verder te stap. Verder as dit word daar nie eers weer aan My gedink nie en sonder jammerte in hulle harte vergeet hulle ook My

diensknegte, om na hulle lewens vol aardse plesier terug te keer. Die vrouens was so bly om My weer te sien en wou nie van My af weggaan nie. Hulle wou ook die mans laat weet het dat Ek opgestaan het, maar was bang dat EK weer weg sou wees as hulle terugkom. EK het hulle egter beveel om hulle te roep en hulle het hulle tegemoet gehardloop en met groot gejuig het My dissipels ook daar aangekom. Sover as wat hulle gehardloop het, het hulle geroep en geskreeu dat EK opgestaan het en die nuus het vinnig versprei, sodat almal wat MY geken en liefgehad het, na die graf toe gekom het. Daar het EK hulle almal toegespreek en om te verhoed dat almal op My afstorm en My vasgryp het EK in 'n helder lig gestaan wat so geblink het, dat almal 'n veilige afstand gehou het. EK het hulle almal versterk en aan hulle die wonderlikste goed getoon wat hulle nie aan iemand kon oorvertel nie, omdat dit geestelik van aard is en nie 'n gelyke op die aarde het nie. Daar is dan nie woorde om so iets aan iemand anders te beskryf nie. Julle almal sal ook getuies wees van MY wederkoms en EK sal aan julle almal ook alles toon wat EK aan MY mense getoon het en julle sal juig en bly wees en MY tegemoet hardloop en hierdie keer sal julle almal MY kan omhels omdat EK julle liggame gereinig het deur die kwaai stryd wat julle op aarde tydens die groot geloofstryd moes deurmaak en sonder smet of sonde sal julle dan almal in My arms in kan hardloop, sonder om die dood in die gesig te staar. Dit is die loon wat julle sal ontvang, omdat julle getrou aan MY gebly het, terwyl ander om julle geval het. Dink 'n bietjie na oor die ooreenkomste wat MY kinders tydens MY kruisiging moes deurmaak en wat julle nou ook sal moet deurmaak en dit sal julle harte verbly, omdat julle dan sal insien hoedat Ek julle almal weer sal kom haal, net soos wat EK sigbaar aan MYNE verskyn het na MY opstanding. Daarom spoor EK julle almal aan om MY lief te hê en aan MY getrou te bly, omdat julle vreugde dan oorvloedig sal wees by MY weersiens met julle. Moenie moed verloor nie en glo die dinge wat EK aan julle sê, want dit gaan vir julle die Lewe gee.
Amen

# HOOFSTUK 31

***26 Nov. 2007 06:29***

Dink julle dat EK, nadat EK opgestaan het uit die dood, nie meer op aarde was nie? In die Bybel staan daar dat EK nie sigbaar op die aarde was nie, behalwe aan die wat MY kon sien. Maar EK het hier en daar in die publiek verskyn en mense bearbei. Maar hulle het My nie as Gees waargeneem nie, maar as vlees, sonder om te weet wie EK was. Dit was mense wat nie van MY geweet het nie en My nog nooit voorheen gesien het nie, maar 'n brandende begeerte in hulle harte na Iemand groter as hulle gehad het, wat van ver af gekom het en in die tempel kom soek het na die GOD van die Israeliete, wat hulle uit die woestyn uitgelei het. Hulle was onder 'n wanindruk van MY en het kom soek na die Magtige Stem wat met Moses gepraat het. Hulle het kom soek na Iemand wat hulle kon red uit hulle verdrukkers se hande en het daarom ver gereis op soek na die tempel waar hulle gehoor het dat EK woon. EK het geweet dat hulle baie teleurgesteld sou moes omdraai nadat hulle deur die

tempel beroof sou gewees het en daarom het EK ‘n uitsondering gemaak, en as mens aan hulle verskyn wat MY nog nie vroeër ontmoet het nie. EK het hulle bearbei en in My dissipels se hande gelaat om hulle tot MY te bekeer en EK het aan almal verskyn wat MY liefgehad het. Daar was baie mense wat MY geken het weens My reise saam met MY dissipels en aan elkeen van hulle wat deur My aangeraak is, het EK gegaan om hulle te versterk. Terwyl van hulle nog nie gehoor het dat EK opgestaan het nie en met treurigheid hulle weg gegaan het, het EK skielik hier by hulle gepraat of skielik aan hulle verskyn. Sommiges het MY verwag, omdat EK dit voor MY kruisiging aan hulle gesê het en hulle was nie verbaas om MY te sien nie, maar baie verheug. Dit het hulle almal baie sterker gemaak en hulle het gevoel dat hulle vir MY ook sou sterf. Dit is presies wat EK ook van julle wil hê. EK wil julle volle oorgawe hê aan MY, julle Verlosser en Redder. EK wil hê dat julle ook bereid moet wees om vir MY te sterf en groot lyding vir MY ook te dra. Dit klink dalk vir julle nie reg nie of wreed, maar liefde betaal altyd die hoogste prys as hy daarom gevra word. EK het aan julle belowe dat EK julle sal beskerm, maar dit beteken nie dat julle nie swaar gaan kry nie. EK vind nie behae daarin dat julle moet ly nie, maar daar is so baie dinge wat met jou siel gebeur terwyl jy ly, dat julle dit soms nodig het. Wees maar net gerus, Ek is daar om julle te help en sal nooit dat julle so erg ly dat julle dit nie sal kan dra nie. EK het mos al aan julle gesê dat EK julle laste sal dra en daardeur verlig EK alle swaarkry. Al wat EK vra is dat julle bereid moet wees om ook vir MY te ly – as dit nodig is. Waar julle goed behandel word deur die mense, is dit ook ‘n seëning van MY aan julle en julle sal dan ook daar goeie arbeid in MY wingerd verrig. Maar moenie sekere plekke vermy omdat julle bang is om sleg behandel te word deur ander wat MY nie ken nie. EK help julle altyd en red julle uit tot die dag dat EK julle kom haal en as julle vir MY sterf, weet net dat EK nog steeds by julle is; dat Ek jou nog nooit verlaat het nie en dat EK jou sal vang voordat die bose ‘n oorhand oor jou siel kry. Wees liewer bereid om vir MY te sterf as dat jy maar ingee vir die bose en jou Ewige Lewe saam met My verloor. Ek het daarom ook aan al MY kinders verskyn, omdat EK geweet het dat hulle My versterking nodig het vir die komende tyd. Daar was geweldige beroeringe in daardie tyd nadat EK na die Hemele opgevaar het en Ek het nog steeds MY kinders bygestaan, al was EK nie meer vir hulle aardse oog sigbaar nie. Hulle is egter voor die tyd deur My verskyning aan hulle sodanig versterk, dat hulle die stryd wat gevolg het, met ope arms tegemoet gehardloop het en nie een van hulle is deur die bose oorval nie. Dit beteken nie dat hulle nie gesterf het aan die hand van MY en hulle vyande nie - dit beteken slegs dat hulle nie hulle liefde en geloof in MY opgegee het ter wille van aardse gewin nie. Dit is wat EK van julle ook vra en wees gerus – EK sal na julle ook kom - sigbaar vir julle aardse oog! EK sal julle ook kom versterk sodat julle die komende stryd in kan gaan en soos MY kinders in vorige eeue, die stryd kan oorwin deur die krag wat Ek aan julle sal gee deur MY versterkende Hand van Liefde. Julle is bekommerd oor die komende geloofstryd en weet nie heeltemal wat julle te wagte staan nie, maar EK sal julle lei en julle sál nie een verlore gaan wat MY in die diepte van sy hart dra nie, omdat EK nooit laat vaar die skape van My weide nie. Dit is tog ‘n bekende frase uit MY mond aan julle en tog bespeur EK nog vrees by julle. Daarom is sekere dinge nodig om julle te bevry van julle vrees en daarom sal EK ook sigbaar aan julle kom verskyn, en julle sal met geen bang haar meer op julle koppe vir MY regop staan en veg en die bose sal julle nie oorwin nie. Dit sal dalk aan die bose lyk of julle oorwin is, maar hulle sal ook diep binne hulle weet dat hulle verloor het. Hulle sal dan werkende hande wees wat satan se opdragte uitvoer en sonder dat hulle dit werklik geniet, sal daar van hulle wees wat ook na julle sal oorstap, omdat hulle julle vreugde sien. En met verlange sal hulle ook dit wil hê wat julle van My ontvang het. EK is genadig en daarom sal julle ook genade aan hulle betoon en hulle, wat hulleself aan MY oorgee, sal dan ook gered word. Dit is die waarheid en julle moet net glo, want nie een Woord wat EK spreek sal ongedaan wees nie. Wat Ek sê sal gebeur en julle sal lewende getuies daarvan wees. EK sal kom om julle te kom haal en julle sal jubel

en bly wees, omdat julle dan na MY sal gaan, waar Ek al julle trane sal afdroog en julle 'n nuwe lewe gee saam met MY waarvan julle nie eers gedroom het nie. Wees verseker dat die beloning vir julle getrouheid aan MY so groot is, dat julle dit nie sal kan verdra as EK julle nou moet sê nie. EK het MY aardse liggaam aan julle opgeoffer en daarom vra EK dieselfde aan julle. Net die bereidheid is vir MY genoeg en EK sal almal, wat nie vir MY sterf met sy aardse liggaam nie, kom haal op die wolke en hulle sal die nuwe aarde beërf en hulle sal die wat vir MY gesterf het, kan sien in die grootste geluksaligheid en vreugde en EK sal by julle almal wees. Saam sal Ek met julle wandel en EK sal sigbaar onder julle vertoef en niemand sal verlore gaan wat MY liefhet nie. Dit belowe EK aan julle, My getroue skapies wat EK baie liefhet. Wees maar gerus en eet MY Lewensbrood wat EK aan julle reik en wees tevrede met wat EK julle gee, want wat julle hierna gaan kry, oortref alles waaraan julle kan dink.
Amen

# HOOFSTUK 32

***26 Nov. 2007 07:30***

Julle wat nou die vorige hoofstuk gelees het, sal weet dat dit werklik die waarheid is wanneer dit gebeur en dit sal weer in julle binneste weerklink op die dag van nood. Julle sal weer My Stem hoor wat julle aan alles herinner en julle sal bly wees, omdat julle My Brood geëet het. Maar die wat met opgetrekte neuse liewer anderpad kyk sal nie so gelukkig wees nie en daarom nooi EK weereens almal uit om nader te kom en jouself te kom versterk met MY Lewensbrood, want EK weet wat julle nodig het vir die komende stryd. Moenie slim wees in julle eie oë nie en kom na My, sodat EK julle kan wys op die dinge wat julle nodig het. Julle wat weier om 'n versterking te neem voor julle vir My sal moet ly, sal dit níe maak nie en die bose sal julle oorwin en met groot hartseer sal julle in die verderf gestort word, omdat julle te hardkoppig was. Neem My Brood aan, wat julle die lewe gee en wees dankbaar daarvoor, omdat julle dit eintlik glad nie verdien nie. Maar ter wille van die onder julle wat op MY vertrou en nie op sy Bybelkennis nie, het EK weereens aan julle iets gebring om julle te versterk. Wees getrou aan My en dit beteken ook: Eet die Brood wat EK SELF aan julle gee. Julle weier My! Julle weier nie 'n mens nie. Dit is nie My skryfkneg se woorde nie, dit is MYNE. Julle wat dit nie wil glo nie, sal dit bitter berou, omdat julle dit nie ingeneem het nie en daarom nie weer daaraan herinner kan word nie. En as die stryd op sy felste is, sal julle versterking nodig hê en julle sal dit nie vind nie, omdat die versterking voor die tyd aan julle gebied is en julle dit geweier het. Wees nie meer hardkoppig nie en luister na MY Woorde! Wat kan dit jou skaad? Jy kan net daarby baat vind en dit sal jou red in die groot nood, omdat daar dan hongersnood sal heers wat liggaamlik en geestelik opgeneem moet word. Die Bybel is ook My Woord wat aan julle gegee is en al is daar baie foute in, het dit julle tot voor MY voete gebring waar julle MY ontmoet het en My leer ken het. Maar waarom wil julle nou niks meer eet wat deur MY aan julle aangebied word nie? 'n Kind sal alles eet wat sy aardse pa hom aanbied, maar julle weier om uit My Hand te eet en dit nog wat EK wéet julle nodig het. Daarom sal julle versmag in 'n tyd wat julle honger is en net MYNE wat My Brood geëet het, sal versadig bly en met krag sal hulle voortgaan in die donkerste en felste stryd wat nog ooit op aarde geheers het. Moenie dom wees nie en gehoorsaam My, julle Vader wat julle uit Liefde hierdie Lewensbrood aanbied. Dit is nie 'n bevel nie, omdat EK niemand dwing nie, maar 'n Liefdesroep aan julle vir wie EK baie lief is. En daarmee sluit EK nou hierdie hoofstuk af. Die wat nie verder wil eet nie, moet maar self probeer om brood in die hande te kry. Ek het gesê dat daar net een plek is waar hulle hierdie brood sal vind.

Amen.

# HOOFSTUK 33

***27 Nov. 2007 06:54***

Na ‘n sekere aantal dae het EK MY dissipels uitgevat na ‘n verafgeleë koppie en daar het EK met hulle gesit en hulle onderrig. EK was Een met MY VADER en dit was na MY opstanding. Daar was baie wat EK hulle nog wou wys en leer. Ons was alleen saam en daar was nie nuwe mense by wat nog bietjie onryp was om sekere dinge te verstaan nie. Dit was goed, aangesien EK aan hulle wou wys hoe MY verheerlikte liggaam gelyk het, sodat hulle saam met MY bly kon wees en geen vrees meer hoegenaamd kon oorhou nie.

EK het opgestaan en MYSELF aan hulle getoon en groot was die verbasing omdat EK hulle eers weer ‘n beeld van MY verminkte liggaam laat sien het. Direk na die beeld van MY liggaam, het EK hulle gewys hoedat EK in MY verheerlikte liggaam daaruit gesien het. Dit was vir hulle ‘n aansporing, omdat hulle geweet het dat hulle ook vir MY sou moes ly. EK het aan hulle gewys dat hulle niks te vrese het nie en hulle was vol moed en durf en met nog meer liefde vir My vervul. Dit was dan ook die doel daarvan om hulle te wys. EK wil julle ook aanspoor om nie bang te wees nie, omdat die komende tyd baie fel gaan wees en julle dikwels baie gepynig gaan word vir MY. EK wil julle wys dat julle ook niks te vrese het nie, omdat julle liggame tot niet gaan en net die verheerlikte siel dan sal oorbly. Die van julle wat wel oor sal bly om MY koms op die wolke te sien, sal ook versterking nodig hê, omdat julle alles om julle sal waarneem en dit nie ‘n mooi gesig sal wees nie. Wees nie bekommerd nie. EK sal julle uit alles uit red en julle sal deur MY gedra word, tot op die oomblik dat dit julle tyd is. Niks sal van julle afval nie en al klink die komende tyd buitengewoon wreed, sal julle dit tog kan verdra, omdat EK julle sterk maak en julle sodanig voor die tyd daarvan ingelig het en julle versterk het. Wees maar net gerus, as julle weer met MY verenig is, sal julle juig en dankbaar wees oor al die leed wat julle op aarde moes dra. Ek sál julle help en bystaan en julle sal MY kan sien tussen julle rondwandel terwyl die wêreld om julle My sal soek en nie vind nie. Dit is waarom EK nou sê: Soek MY terwyl EK nog te vinde is. Dit is dan ook waarom EK julle nou hierdie dinge leer en vertel, sodat julle daaraan herinner kan word op die tyd dat julle dit nodig het. Dit sal julle só sterk maak dat julle vorentoe sal beur op die swaar pad en die kruis sal dra wat EK julle opgelê het, sonder om moeg te word, maar die wat

nie versterk wil word nie, sal langs die pad oorval word en die roofdiere sal op hulle toesak. Wees rustig oor alles en bou aan julle verhouding met MY en julle sal weldra alles verstaan en ook waarom dit gebeur. Alles hang van julle liefde vir MY af en nou is die aangewese tyd om MY meer lief te kry, aangesien julle nie tyd sal kry om aan julle liefde vir MY te werk as die wolwe en jakkalse om julle draai nie. Dan is daar nie meer tyd vir vrees nie, omdat julle al klaar julle vrees moes aflê voor die groot stryd. Dit is dan ook waarom EK julle al hierdie dinge sê, want EK weet dat julle vreesagtig is. Sodra die vyand om julle heen gaan draai, sal julle net aan julle liefde vir MY moet dink en EK sal tussen julle wees om julle te versterk, en met nuwe moed sal julle verder gaan, en alles wat op julle weg kom, trotseer. Dit is dan ook MY Groot liefde vir julle, dat EK julle voor die tyd al van alles bewus maak, sodat julle weet wat julle te wagte staan, en solank daaraan kan aandag skenk en julle tekortkominge kan bewerk. Wees nie bevrees nie, want EK is met julle en al sou hulle julle aardse liggame skend, sal julle niks daardeur verloor nie, maar alles wen. EK sal julle beloon met nuwe verheerlikte liggame, waaroor julle so sal juig en niemand kan daardie liggaam van jou afneem of skend nie. Daarom moet julle nie ter wille van julle aardse liggame ingee nie, omdat EK die beste aan julle sal gee in ruil vir ‘n ou en geskende liggaam. Maar díe wat aan hulle aardse liggame bly vasklou, sal nie ‘n verheerlikte liggaam ontvang nie en sal dan bitter teleurgestel moet toekyk hoedat sy getroue broers beloon word. Dit sê Ek, nie om julle bang te maak nie, maar om julle voor te berei op die dinge wat nog gaan kom en waarvan julle getuies sal wees. Dit sê EK ook in alle liefde aan julle, MY liewe kinders vir wie EK MY aardse liggaam opgegee het.
Amen

# HOOFSTUK 34

***27 Nov. 2007 07:29***
Dit is in ‘n sekere mate al klaar vir julle ‘n lyding om al hierdie dinge te lees en nog aan te hou om MY te dien, aangesien julle nou alreeds bewus is van die toekomstige groot lyding. Dit is nie ‘n lekker onderwerp om oor te gesels nie en baie gaan aanstoot neem omdat EK julle so duidelik te kenne gee wat nog gaan gebeur, maar EK ag dit noodsaaklik, omdat EK weet wat julle nodig het, nog voordat julle daarna vra. EK is julle Vader wat julle baie lief het en daarom moet EK julle waarsku. Julle sal nie kan bly staan as EK niks aan julle sê nie en daarom word hierdie onderwerp aangeraak. Julle is MY uitverkorenes en daarom wil EK nie hê dat julle verlore gaan in die komende stryd nie. Gee hierdie, wat EK nou aan julle sê, ook aan ander, sodat hulle ook versterk kan word en moenie MY Lewensbrood van iemand weerhou nie. EK sal by julle almal kom besoeking doen en daarom wil EK nie hê dat daar iemand sal wees wat aan MY sê dat hy niks van MY brood te siene gekry het nie. Almal wat dit verwerp, het dit op sy eie gewete, maar sorg julle dat julle MY Brood uitdeel, want dit is julle opdrag van MY, julle Vader, wat nie een van SY kinders wil laat honger ly nie. Sou iemand nie wil eet nie, is dit nie MY of julle skuld nie, maar slegs die skuld van die een wat weier. Julle moet My aangesig nóu kom soek, omdat net EK die tye ken en julle nooit op ‘n dwaalspoor sal lei nie en nou ook weet dat julle na MY moet kom vir hulp, omdat die eindtye baie nader is as wat julle dink. Beskou dit eerder as ‘n waarskuwing, omdat Ek nie aan julle die toekoms bekend maak omdat Ek julle daardeur maar net wil vertel van iets wat gebeur nie, nee EK wil julle wakker maak, sodat julle om julle kan kyk en kan sien dat die einde in sig is. Julle is MY uitverkorenes en daarom wil EK nie hê een van julle verlore moet gaan nie. Julle geloof is nog so klein en daarom moet EK dit weereens aan julle sê dat julle MY moet liefhê, want die liefde vir MY sal julle sterk maak. EK wil julle lei en gelukkig maak, sodat julle altyd by MY kan wees en nie in die verderf ingaan nie. Wees net gerus en moenie dat die bose julle opjaag nie. Laat MY vrede in julle harte heers en wees nie bang nie, omdat EK, Die Allerhoogste met julle is en julle nooit sal verlaat

nie. Julle almal wat MY liefhet, sal MY sien en EK sal met julle lag en juig en jubel en in vrolikheid sal EK tussen julle wandel. Maar voor daardie dag aanbreek, sal julle eers `n bietjie swaar kry hier op aarde en julle sal moet kies tussen My en die wêreld. Kies julle MY, dan kies julle ook Die Ewige Lewe saam met MY, maar kies julle om ter wille van julle aardse liggame nie swaar te kry nie, sal julle nie `n baie lekker loon ontvang nie. Dit is die keuse wat julle sal moet maak en dit is ook die rede waarom EK julle leer om nie julle liggame teveel te behaag nie, omdat dit dan buitengewoon swaar sal wees om van jou liggaam te skei. Wees maar net vir My lief en alles sal duidelik word en alles wat julle nou nie verstaan nie, sal klokhelder in julle ore weerklink en julle sal alles verstaan. Dit word weereens aan julle gesê, omdat EK julle baie liefhet.
Amen.

# HOOFSTUK 35

***28 Nov. 2007 06:03***

Julle dink dat julle MY behaag deur net MY gebooie te doen en dat julle daardeur dan die Ewige Lewe sal beërwe, maar EK wil julle sê dat dit glad nie die geval is nie. Wat EK wil hê is 'n hart vol van liefde en vreugde vir MY, julle Vader. Deurdat iemand My liefhet, doen hy al klaar die gebooie en daarom vra EK net julle liefde. Wat baat die iemand dat hy goeie dade aan iemand anders gedoen het, maar in sy hart is daar nie 'n brandende liefde vir MY en vir die persoon aan wie hy goed gedoen het nie? Dit is vandag so verkeerdelik oorgedra en nou wil EK, julle Vader en Skepper dit weer aan julle bekend maak wat die werklike betekenis van liefde is. Julle almal dink dat net om iemand anders vriendelik en gasvry te behandel, dit nou genoeg is en dat jy nou MY gebooie nagekom het. Dit is nie so nie. Hoe het jou hart gevoel terwyl jy met hierdie kuiergas gesit en gesels het? Was dit ook vol vriendelikheid en het jy hom ook gasvry in jou hart opgeneem? Of was jy maar net uiterlik vriendelik? Julle uiterlike en innerlike moet ooreenstem en julle moet brandend van liefde voel, sodat julle nie deur die bose oorval kan word nie. EK wil aan julle 'n gelykenis vertel. Daar was 'n man wat op reis was na 'n vêr land en op sy reis kom hy 'n ou boemelaar tee. Die boemelaar vra hom toe om saam met hom te reis en hy stem toe in. Eers was hy maar redelik skugter en wou nie eintlik met die ou boemelaar gesels nie, maar die boemelaar het baie vriendelik met hom gesels en lateraan het hulle baie lekker gesels. Hulle kom toe by hulle eindbestemming uit. Hulle het nogal geheg geraak aan mekaar, aangesien dit 'n reis van 'n aantal maande was. Hulle het mekaar leer ken op die pad en die uiterlike van die boemelaar het glad nie ooreengekom met sy innerlike nie. Nadat hulle by 'n herberg ingegaan het, het die man op reis vir hom en die boemelaar vir die verblyf betaal, maar die herbergier was 'n man wat op die

uiterlike staatgemaak het en wou nie die boemelaar daar laat bly nie. Die man op reis het dan ook aan die boemelaar nuwe klere gegee sodat hy respektabel kon lyk en ewe skielik het die herbergier nie meer omgegee dat hy ook daar tuisgaan nie. Die man op reis en sy boemelaarvriend is met die beste kos en grootste gasvryheid behandel nadat die boemelaar netjies aangetrek was en ook gebad het. Sy vriend het nie 'n geldskaarste gehad nie en het alles vir hom ook betaal. Na hulle verblyf is hulle daar weg en die herbergier het ander mense in sy herberg geneem, maar tot sy bittere spyt kom hy agter dat daar van sy goue eetgerei weg is. Sy eerste gedagte was dat dit die boemelaar was en inderhaas word daar iemand met 'n perd agterna gestuur om hulle te soek. Hulle kon egter nêrens gevind word nie - wat die herbergier se vermoedens net nog groter laat word het. Eendag besluit die mees vername gas van die herbergier dat hy vir 'n dag of wat in die omgewing gaan deurbring en glad nie by die herberg gaan eet of tuisgaan nie, terwyl sy goed daar agterbly. Die herbergier laat sy kamer sluit sodat niemand daar kan inkom en sy besittings sou steel nie. Die herbergier was baie gesteld op sy goeie naam en wou nie dat daar slegte gerugte oor sy herberg versprei word nie, en sou iemand die vername gas kom beroof terwyl hy nie daar was nie, sou dit vir hom 'n groot skande gewees het. Maar die gas het nie teruggekeer nie en die herbergier het later maar sy besittings gaan haal om dit in 'n stoorkamer te bêre, omdat hy die kamer nodig gehad het.
Tot sy groot verbasing tref hy sy goue eetgerei saam met nog baie verlore artikels tussen sy klere aan. Sy klere was so gehawend dat jy nie jou vinger op 'n heel plekkie kon sit nie. Die kamer het gestink en was ontsettend vuil en die herbergier het met skok besef dat die "vername ryk man" niks anders as die grootste voordoener was nie. Hy is lelik om die bos gelei deur die man se enigste ordentlike pak klere en die geldbeurs wat hy rondgedra het. Hy het dan ook besef dat hierdie die swendelaar was wat al baie lank deur almal gesoek word vir diefstal en moord. Daar het hy besef dat uiterlike niks is nie. Die swendelaar is deur hom soos 'n koning behandel, omdat hy gedink het dat hy ryk was en 'n gesiene man, maar die arme boemelaar wat regtig nie 'n heenkome gehad het nie, is nie vriendelik deur hom ontvang nie. Skaam het hy nagedink oor sy ontvangs van mense en het besef dat hy mense met die grootse "liefde" ontvang wanneer hulle goed lyk in sy oë.
Dit is waarvan EK praat en EK wil hê dat julle altyd ongeveins moet wees. Ongeveinsde liefde sien nie die persoon voor jou raak nie, maar sy innerlike. Ook sal julle "deur" 'n mens wat hier voor julle staan kan kyk en ten spyte van sy mooi uiterlike, sal julle dan sy korrupte binnekant kan sien. Sulke mense moet julle dan ook met die grootste liefde behandel en dit sal dan ook 'n verandering in daardie persoon meebring, omdat die liefde die grootste wapen is. Julle is baie geneig om mense te beoordeel op hulle uiterlike, sonder dat julle die innerlike ken en daarom sê EK weereens aan julle dat daar dalk net 'n engel voor jou staan en jy weet dit nie. Moenie mense goed behandel omdat jy moet nie - dit moet vir jou 'n liefde wees en al hoe jy dit sal regkry, is om MY bo alles lief te hê. EK gee alles wat jy nodig het op jou aardse pad en dit sluit geestelike goedere in. As julle MY liefhet bo enigiets anders sal julle omvorm word tot liefde en julle sal ander mense met opregte liefde behandel en daar sal geen geveinsdheid meer in jou binnekant wees nie. Dit is die les wat EK julle wil leer en julle moet ag gee op MY lesse, sodat dit nie net verby julle gaan nie. As julle MY op aarde kon sien, sou van julle MY dalk glad nie herken het nie, en julle sou MY nie so hartlik behandel het as wanneer julle sou geweet het dat dit EK was nie. EK was eenvoudig van voorkoms, sonder enige versiersels en mooi klere en niemand sou Die Groot, Ewige Skepper in My liggaam gesoek het nie. Dit moet so wees met julle ook. Ek wil geen versiersels hê nie, omdat uiterlike versiering net dien om 'n slegte innerlike weg te steek. Wees eenvoudig soos EK en wees opreg soos EK en wees vir MY lief bo alles en julle sal almal wat op julle pad kom, met ware liefde behandel en dit sal julle tot groot loon strek.
Amen.

# HOOFSTUK 36

***27 Nov. 2007 07:50***

Dit was twee dae na My opstanding en ‘n pragtige sonskyndag. Ek het aan My dissipels verskyn waar hulle besig was om vis te vang en hulle het My gesien staan op die strand. ’n Skielike verlange na My het hulle almal oorval, aangesien hulle nie kon uitmaak of dit werklik EK was wat daar op die strand gestaan het nie. Hulle het almal in My rigting gekyk en My Petrus is deur ‘n sware emosie oorval wat hom gedryf het om na My te hardloop. Hy was nog in die skuitjie en het sommer oorboord gespring in sy haas om by MY te kom. Sonder om te dink, het hy aangespartel gekom na waar Ek gestaan het. `n Baie groot liefde het My hart vervul vir hierdie man wat sommer alles net so gelos het vir MY en selfs deur diep water na MY aangeswem gekom het. EK het hom tegemoet gekom en hom uit die water gehaal waar EK hom styf teen MY bors gedruk het. Hy is deur MY gereinig en daarom kon EK hom vashou. Geen sonde het meer aan hom gekleef nie en deur My bloed is hy skoongewas van al sy sondes. Petrus is ook die eerste een wat so deur MY gereinig is. Die ander het ook so gou as moontlik na MY gekom en het MY ook vasgegryp in liefde. Dit was egter MY Petrus wat alles net so gelos het en oorboord gespring het vir MY en dit is wat EK van julle almal wil hê. As julle alles net so los en MY met ope arms vasgryp, sonder julle aardse gedagtes, sal julle ook so deur My vasgegryp word soos hy en julle sal gereinig wees van al julle sondes. Geen mens wat op so `n manier na MY soek, sal met leë hande weggestuur word nie en sy hart sal vol van MY wees. EK sal hom so vervul soos wat Petrus se arms vol was toe hy MY vasgegryp het en EK sal sy hart en sy arms vol maak. Gereinig deur MY bloed sal hy dan gereed wees om saam met MY te sit en Ek sal soos `n broer met hom gesels. EK het saam met MY dissipels op die strand gesit en hulle het vir MY `n vis gegee om te eet. So wil EK met julle ook gesels en EK wil julle harte as offers hê. Bied MY jou hart aan en jy sal nooit versadig word van MY nie. EK sal nooit van jou af weggaan nie. Jy sal My altyd in jou binneste hê waar EK vir My `n tempel berei het. Sonder dat jy ooit van MY geskei is, sal ons dan gesels en EK sal jou in alles inwy. Jy sal MY volheid in jou hê en al slaan die storms om jou, sal jy so vas soos `n rots staan omdat EK by jou is. EK is nie `n mens wat jou sal versaak nie. Geen slegte praatjies oor jou sal MY van besluit laat verander oor jou nie. Geen slegte tye sal maak dat EK van jou af weggaan soos `n mooiweersvriend nie. En niks wat jy doen sal MY jou laat verlaat nie, omdat EK alles van jou af weet. EK weet wanneer jy deur ander mense valslik beskuldig word. EK weet wat jy in jou hart voel, al lyk jou uiterlike anders. Dit is waarom dit onnodig is om MY uiterlik te aanbid, omdat dit net die mense om jou behaag. Jy moet MY in die diepte van jou hart aanbid en EK sal jou aansien en EK sal jou liefhê net soos jy is. Jy hoef nie aan te pas sodat EK jou moet liefhê nie. EK het al MY kinders uniek gemaak en is daarom vir elkeen lief net soos wat hy is. Die sonde is uitgesluit en word deur MY alleen vergewe, maar die persoonlikheid bly net soos wat EK jou geskape het. Dit is My woorde aan julle wat MY Liefde broodnodig het in hierdie tyd. Geen mens kan sê dat hy MY nie nodig het nie, omdat EK Die Een is wat alles onderhou, maar julle wat MY liefhet, besef dit en soek bewustelik na MY Liefde en sal nie onversadig van MY af weggaan nie, omdat EK julle met Liefde vervul en die hele tyd by julle is. Julle sal dan ook vervul voel en MY nabyheid voel. EK is waar liefde is, omdat EK Liefde is en julle sal MY voel waar julle kom en `n gevoel van naasteliefde heers. Daar sal dan ook vrede heers tussen MY mense en ook in elkeen se hart wat MY liefhet. Sonder liefde sal daar nie vrede wees nie en daarom is daar nie vrede op die wêreld nie, omdat die mense nie na MY soek nie en daarom ook nie liefde in hulle het nie. Maar tussen MY kinders sal daar

samehorigheid wees. Hulle sal almal saam dieselfde voel, omdat EK in elkeen se hart werk en daar teenwoordig is. Dit is dan ook die rede dat EK julle aanspoor om MY lief te hê, sodat julle vrede kan hê binne en tussen broeders. Die wêreldse vrede is `n valse vrede en soek nie daarna nie, omdat dit nêrens te vinde is nie. Al waar daar ware vrede heers, is in MY ryk waar EK die heeltyd is. As EK in jou hart is, is MY ryk ook daar en EK sal julle almal, wat MY vrede in julle harte ronddra, na MY ryk van vrede vat met MY wederkoms. Strewe dan na liefde, en vrede sal ook bygevoeg word, sodat julle hemel op aarde kan hê. Tussen broeders sal daar dan nie tweestryd wees nie en niemand sal die ander een wil benadeel nie. Daar sal nie rusie wees nie en die een sal die ander in liefde dra en ontvang. Dit is wat EK vir julle gee om te doen aan mekaar en dit is tog nie so moeilik nie! Wees eerstens vir MY lief, laat alles net so staan vir My, offer MY julle harte en wees vir mekaar lief en julle sal alles hê wat julle nodig het, omdat EK dit alles aan julle sal gee. Ook die ewige lewe sal julle beërwe en by MY sal julle dan altyd wees. Dit geld ook vir die komende tyd waartydens julle baie swaar gaan hê. Julle almal sal deur My gedra word deur julle liefde vir MY in julle harte. Dink net gedurig aan MY en wees MY gehoorsaam, sodat die bose nie ‘n oorhand oor jou kan hê nie en jy sal gered word.
Amen

# HOOFSTUK 37

***28 Nov. 2007 10:49***

Geeneen van julle wat vandag leef sal verstaan as EK aan julle verduidelik hoe EK gelyk het na MY kruisiging en marteling nie. Die verskeurde liggaam wat van die kruis afgehaal is, was onherkenbaar vermink en dit word ook so deur My kneg Jesaja beskryf deurdat hy sê dat EK geen mens meer was nie. Julle sal ril as julle kon sien hoe EK gelyk het en die haat van Satan jeens MY kon duidelik gesien word in MY marteling. Dit is wie Satan is - ‘n moordenaar wat nie net liggame vermoor nie, maar ook siele. En hy het gepoog om My te breek, terwyl hy geweet het dat hy dit nooit sal kan regkry nie. Julle is in hierdie tyd in baie groot nood en julle is salig onbewus daarvan. Julle lei julle lewens sonder om eers daaraan te dink dat hy regtig soos ‘n brullende leeu rondom julle rondsluip. Julle almal verkeer in baie groot gevaar en net EK kan julle red. EK wil hê dat julle aanhoudend moet bid, omdat dit julle enigste redding is. EK het al by baie geleenthede gesê dat julle moet waak en bid, sodat julle nie oorval kan word nie. Die geringste dingetjie wat julle verkeerd doen, gee hom ‘n kans om op julle neer te kom. As julle daaroor nadink, sal julle besef dat dit die

waarheid is. Hoe dikwels het ‘n klein oortreding julle nie al hoe slegter en slegter laat voel nie, totdat jy later baie vêr van MY verwyderd voel. Dit is net waar hy sy voet in die deur wil sit, sodat jy die deur nie weer toe kry nie. Maar EK sê weereens aan julle: Soek na MY sonder ophou, bid sonder ophou en wees My gehoorsaam, sodat die ou slang nie ‘n houvas op julle kan hê nie. Dit word gesê aan julle, nie om julle bang te maak nie, maar omdat EK alles om julle kan waarneem wat julle nog nie kan sien nie weens julle blindheid. Toets My woorde volgende keer wanneer jy weer vergeet het om gedurig op jou hoede te wees en kyk of EK reg is wanneer EK sê dat ‘n klein dingetjie kan lei tot iets groters. Julle dink dikwels dat niks julle kan oorkom nie, omdat EK met julle is. Dit is die waarheid, maar as julle nie ook self iets doen om die bose weg te hou nie, kan EK niks doen nie, omdat EK julle julle vryheid gegee het. Wanneer julle dan soek vir probleme, is dit dan net julle eie skuld en daarom sê EK; WAAK EN BID, sodat julle nie oorval kan word nie. Wees altyd vol van MY lof en sing ‘n lied vir MY in jou hart en jy sal sterk wees en die versoeking voor die tyd kan raaksien. As julle MY die hele tyd in julle gedagtes het, sal julle nie deur die duiwel versoek kan word nie en niemand sal dan in sy slaggat val nie. Dit is so naby aan die einde en daarom wil hy nou sy aanvalle verskerp om soveel as moontlik siele saam met hom in die verderf in te sleep. Veral julle wat nou al deur MY vry gemaak is van verkeerde leerstellings, is vir hom ‘n groot doring wat hom baie pynig. En ook almal wat MY brood eet, sal hy nie met rus laat nie, as julle hom net ‘n halwe kans gee. Daarom moedig EK julle so aan om nie slap te lê nie, omdat dit julle weer dae sal vat om regop te kom na een van sy aanvalle. EK is hier en beskerm julle teen hom, maar julle moet ook ‘n poging aanwend om van hom vry te bly, deur gehoorsaamheid aan MY, deur liefde in julle harte en deur goeie dade te doen. Kortom, doen alles wat EK julle al gesê het en julle sal nie oorval word nie. Hy het MY nie eers uitgelos nie en het MY herhaalde kere versoek, waarom sal hy julle uitlos? Julle is tog nie groter as EK nie en dit is vir hom ‘n groot uitdaging om julle tot ‘n val te bring. Maar bly by MY – dag en nag – en niks sal van julle afval nie. Nie eers ‘n haar sal van julle afval, as dit nie MY wil is nie. EK het julle so lief en sê dit aan julle omdat EK julle nie sal verlaat of verloor nie, maar die keuse is nog steeds in jou eie hande of jy by MY wil bly of deur Satan verlei word. Laat eieliefde vêr van julle af wees en hy sal julle nie kan bykom nie. Selfsug (ook eieliefde) is een van sy groot punte wat hy probeer om julle tot ‘n val te bring. Dan is vrees ook nog iets wat een van sy wapens is. Moenie vrees nie! EK is hier by jou en jy sal niks oorkom nie! Al gebeur daar iets met jou, is EK nog steeds in beheer en kan maak en breek soos EK wil. Hy is ondergeskik aan MY en kan daarom nie besluit wat die uiteinde gaan wees nie. Net EK kan besluit hoe EK ‘n saak kan laat eindig, en vertroue in My laat altyd die beste dinge gebeur en jy sal bly wees in plaas van huil. Dit is MY versterkende woorde aan julle. Eet MY brood wat EK weereens aan julle bied en wees versterk daardeur!
Amen.

# HOOFSTUK 38

***29 Nov. 207 06:43***

Julle is My uitverkore kinders in wie EK ‘n welbehae het, en vir wie EK ook aan die kruis gesterf het en daarom wil EK julle inlig van alles wat daar gebeur het, en ook daarna met MY opstanding en hemelvaart. Julle sal baie daarby kan leer, aangesien julle baie dinge nog nie weet nie. Die geestelike sy is nog nie eers aangeraak nie en daar is nie genoeg bladsye in die hele wêreld om alles saam te vat wat werklik gebeur het nie. Die geestelike betekenis van MY kruisiging alleen, sal ten minste ‘n honderd boeke alleen kan dek. Daarom is dit noodsaaklik dat julle julle so gou as moontlik met MY verenig, sodat EK julle alles in die Gees kan ingee en julle dit alles oombliklik sal verstaan. Sodra julle een word met MY, sal alles vir julle so duidelik soos die helder dag word, en julle sal juig oor al My wonders. Laat EK julle net een

ou “klein dingetjie” vertel sodat julle ‘n begrip kan kry van wat EK bedoel as EK sê dat daar teveel is om te noem. Toe EK MY laaste asem uitgeblaas het, is daar van MY Gees ook oor die mense wat om die kruis gestaan het, uitgeblaas. Dit het meegebring dat hulle MY toe later herken het. Dit was dan ook die geestelike betekenis van die blinde oor wie EK geblaas het, en hy toe siende geword het. Julle het dit nie geweet nie, né? Wat is daar nog wat EK julle kan vertel? Nog vele sulke “klein dingetjies” wat gebeur het en dan ook die “groot“ dinge wat julle nie nou sal verstaan nie. Met MY opstanding het almal MY lig gesien en was so verbaas en bly daaroor. Dit kon ook nie oorgedra word nie, omdat dit geestelik van aard was. Julle het ook al self in julle binneste ‘n lig ervaar sonder om dit te sien en kon dit ook nie oordra nie. Dit is dan nou ook die betekenis daarvan - EK het aan hulle ‘n sigbare lig getoon wat julle as geestelik ervaar in julle binneste. Alles rondom julle moet dan ook uit ‘n geestelike oogpunt ook bekyk word. Sonder om MY lief te hê is dit nie moontlik nie en sal julle dit nie begryp nie. Dit is dan ook waarom EK julle aanspoor om MY lief te kry, sodat EK julle in al MY groot geheime kan inwy. Julle sal eers dan kan verstaan waarvan EK praat en sal alles kan waarneem. Wees geestelik voorbereid daarop, want daar is baie van julle wat nou hier lees wat nie meer vêr van daardie punt af is nie. Kyk om jou heen en jy sal moet erken dat alles wat jy sien, nie net die dooie materie kan wees nie. Julle weet al van MY skeppingsleer en daarom hoef EK dit nie weer te verduidelik nie, maar julle het nog baie om te leer daarvan. Net die gelowiges kan egter daarvan geleer word, aangesien daar ‘n weerstand te bespeur is by die ongelowige en EK hulle nooit sal dwing om te glo nie. Die geloof is iets waaraan elkeen self moet werk en EK sal aan elkeen die krag daarvoor gee, as hy dit begeer. Julle kyk na MY skepping met liggaamlike oë en kan nie die wonder daarin raaksien nie, omdat julle nog te ongelowig is, maar konsentreer net op My terwyl jy na dinge om jou kyk en EK sal jou geestesoog oopmaak, sodra EK genoeg liefde vir MY in jou binneste bespeur. Julle sal ook elkeen die geestelike betekenis van alles bekend gemaak word in jou hart, terwyl jy daarna kyk. Daar is nie net een betekenis vir alles nie en julle sal vir ewig kan besig bly, deur net die verskillende betekenisse van een klein blommetjie te oordink. Die kleinste blommetjie bevat heelalle, as dit net met die geestesoog gesien word. Julle sal verstom staan as julle net julle eie siel kon sien. Die siel bestaan uit miljoene geestesdeeltjies en dit is so pragtig, dat julle sonder woorde sou staan en staar vir eeue aanmekaar as julle kon. Dit en nog baie meer sal EK aan julle kan wys, as julle MY net lief genoeg het. Die liefde is alles, omdat EK die Ewige Liefde Self is en net EK kan julle in al My geheime inwy. Soek daarom daarna om een met MY te word, sodat EK julle alles kan wys en julle nog groter kan word in julle liefde vir MY. Die Liefde maak julle groot, en as julle met MY Liefde vervul is, sal niks julle onder kan kry nie, omdat julle vol van MY krag is, deurdat EK die hele tyd teenwoordig is in die vorm van Liefde. Wees maar net gerus en streef na die liefde, sodat julle alle kwaad kan oorwin en een met MY kan word. Sodoende sal julle in al My skeppingswonders ingewy word. Al MY Liefde aan My soekende kinders.
Amen.

## HOOFSTUK 39

***30 Nov. 2007 09:06***
Daar is nog baie dinge waarvan julle niks weet nie wat in en op hierdie aardbodem gebeur het en nog steeds gebeur. Een hiervan is die werking van My Gees in julle binneste. Nou sal julle vra: Waarom moet ons weet hoe U GEES werk? Ons is te klein en swak en nietig om enigiets van U Geestelik werking te verstaan. Maar omdat EK Liefde vir MY by julle bespeur sal EK dit aan julle duidelik maak sover dit moontlik is in julle aardse liggame. Hoe My GEES in elk van julle werk, is iets waaroor baie mense al gewonder het en daar is baie bespiegelinge. Julle sal moet erken dat EK

wel besig is om onder julle volk te werk as julle net na elkeen kyk. Elke mens het `n ander siel en persoonlikheid, wat MY werking dan ook verskillend laat geskied. Sommiges het `n baie meer liefdevolle geaardheid as ander en kan daarom dan ook meer geleer word, omdat Ek liefde is. Die wat nie so `n liefdevolle geaardheid het nie, sal dan ook op `n ander manier deur MY geleer word. Dit is dan wanneer EK mense op so iemand se pad stuur om hom te leer om ander te help en by te staan. Die liefdevolles sal dan ook uit hulle eie uit mense help en het nie altyd nodig dat daar iemand spesiaal op hulle pad gestuur word nie. As daar iemand is wat baie ongeduldig is, stuur EK vir hom baie meer toetse in geduld as vir die meer geduldiges onder julle. Sou daar iemand wees wat My baie soek, sal EK MY dan ook anders aan hom openbaar as aan die een wat MY net wil ken in sy nood. EK het almal lief, net soos wat EK hulle gemaak het, en sal daarom met elkeen in die besonder werk op die manier wat EK nodig ag. Dit is hoekom julle nie vinger na mekaar moet wys nie, omdat daar baie dinge op julle pad kom wat deur MY gestuur is, en wat julle dinge moet leer. Moenie na iemand kyk en beoordelings fel omdat daar iets met hom gebeur het en hy deur My iets geleer word nie. EK moet partykeer iets oor iemand bring wat nie lekker is nie, en dan is almal baie geneig om te sê dat daardie persoon dit oorgekom het weens sy groot sonde teen MY. Dit is nie altyd die geval nie en julle moet liewer stilbly oor `n ander wat deur MY geleer word. Julle het almal swak punte wat uitgewerk moet word en deur MY werking sorg EK dat EK julle reinig. Pas dan liewer op dat jy nie die volgende persoon is wat deur MY geleer moet word op `n "slegter manier" as jou broer wat nou `n moeilike tyd deurgegaan het nie. Daar was ‘n man wat altyd in MY weë gewandel het en My altyd gesoek het. EK het MYSELF dan ook aan hom openbaar in die vorm van drome. Hy het ook daarin geglo dat EK hom nooit sal los nie, maar het tog `n bietjie meer van homself gedink as wat nodig was, omdat hy MY al geken het, terwyl sy buurman MY nog nie geken het nie. Die buurman daarenteen was ‘n baie ongeduldige man met tye en het ook nie tot My gebid nie. Daar kom toe ‘n tyd dat EK moes ingryp omdat die man se siel op die afdraande pad was. EK het ‘n groot siekte oor sy enigste seun gebring wat hy baie liefgehad het, en in sy nood het hy gaan hulp soek by sy buurman wat hom aangesê het om direk na MY te kom om hulp. Hy het na MY gekom, maar was heeltemal ongelowig en het dit maar net gedoen uit radeloosheid. Die seun is na ‘n lang siekbed oorlede en die man was stukkend. Sy buurman het hom op sy foute gewys waarna hy huistoe is om homself heeltemal aan MY oor te gee. Daarna het nog baie ander duur lesse gevolg, tot EK hom heeltemal gereinig het en hy suiwer by MY voete kom staan het. EK het hom met MY GEES vervul en hy het ‘n baie groot werk vir MY gedoen. Die man aan wie EK MY eerste openbaar het in drome was stom verbaas dat Ek hom nie eerste met MY GEES vervul het nie, aangesien hy eerste na MY gesoek het, en was baie ongelukkig daaroor en het ‘n bietjie gekrenk in sy eer gevoel, omdat hy nie die voorste een was nie. Hy is deur My ook ‘n les geleer en dit was dat hy nie homself bo iemand anders moes verhef wat MY nog nie geken het nie. Julle is almal nog baie geneig om so te dink, en daarom wil EK aan julle wys dat julle in alle nederigheid na MY moet kom en julleself voor MY voete gooi, sodat EK julle ook so kan reinig soos die man wat baie vêr van My gestaan het. Hy is deur My begenadig, omdat hy nederig was en nie hoogmoedig geword het nie. Moenie dink dat EK iemand straf as daar iets slegs oor sy pad kom nie. Dit is MY manier om julle te reinig en julle sal net die voordele daarin sien wanneer EK klaar is met julle reiniging. Dit is weens MY groot Liefde vir julle dat EK julle skoon was sodat julle, gereinig deur MY bloed, styf teen MY bors vasgedruk kan word. EK kom weer op die wolke om julle almal te kom haal en wil nie dat daar een van julle agterbly nie en dit is dan ook die rede dat dinge oor jou pad kom. Julle verstaan dikwels nie waarom dit gebeur nie en dink dat EK julle verlaat het, maar EK is hier by julle om julle deur elke krisis te dra. Gee net alles aan My bekwame hande oor en dit sal vir julle ten goede meewerk, al lyk dit nie op hierdie stadium so nie. Die man wie se seun gesterf het, het ook nie gedink dat daar iets goeds uit kon kom nie, maar EK het hom gewys wat

die voordele daarvan was dat hy sy seun verloor het en hy was dankbaar en het gejuig toe hy, met My verenig, kon sien hoe gelukkig sy seun was. Die swaar las wat hy moes dra, het dan ook gesorg dat hy en sy seun weer bymekaar was nadat hy ook deur My kom haal is. Sonder al die swaar was dit nie vir hom moontlik om daar te kom nie, aangesien hy nog teveel foute gehad het wat die pad vir hom baie langer sou gemaak het. Daarom sê EK dat julle die swaar pad moet aandurf wat EK julle toesê sodat julle, ten volle gereinig, na MY kan kom. EK gee nie dieselfde las aan almal nie en dikwels het een ‘n swaarder las as ‘n ander om te dra, maar dit kom weereens in by wat EK vroeër gesê het, dat mense se verskillende geaardhede, verskillende werkinge deur MY GEES tot gevolg het.
Amen

# HOOFSTUK 40

***1 Des. 2007 06: 17***

Dikwels is daar dinge wat julle nie verstaan nie en dan maak julle dit af as onnodig om te verstaan. Julle dink baiekeer dat dit julle nie geoorloof is om alles te weet nie. Op hierdie stadium op die aardbodem ís daar dinge wat aan julle bekend gemaak sal word as julle daarna vra. Vra julle nie daarna nie, sal dit nie aan julle bekend gemaak word nie, omdat julle nog steeds die weg na MY sal kan vind sonder daardie kennis. Weet dat EK elkeen se hart ken en dat EK alles aan daardie persoon bekend sal maak wat MY in alle liefde en deemoed kom vra. Julle is MY uitverkore kinders en Ek wil julle nie in die duister laat nie en sal julle in al MY geheime inwy, sodra die regte tyd aangebreek het. Die tyd is dan ook nou reg om julle weer iets nuuts te leer. In MY leërmagte is daar baie verskillende engele wat aangestel is oor verskillende dinge. Hulle is dan ook verantwoordelik daarvoor om julle te lei en op te pas en sal verskillende dinge om julle laat plaasvind waarvan julle nie eers bewus is nie. So kry ‘n mens baie verskillende werkinge onder My engele en hulle almal is baie gretig om MY te dien, aangesien hulle al heeltemal tot liefde omvorm is. Nie éen van hulle is ledig nie en daar word hard gewerk, en met vreugde doen hulle wat EK hulle vra. Daar heers dan ook altyd die grootste vrede en vreugde onder My engele, omdat EK teenwoordig is in elke een van hulle. Die engele wat Ek aanstel om julle te bewaar is dan ook die sterk engele onder hulle, omdat satansmagte dan ook baie krag vereis om teen te sit. Hulle (satansmagte) is buitengewoon hardvogtig en sal nie na iemand luister wat nie deur My gestuur is nie. MY engele sal deur MY gestuur word om julle te beskerm in alle nood en julle sal uitgered word sonder enige mensehulp. Mensehulp is van nul en gener waarde, omdat ‘n mens nie teen die bose kan veg uit homself uit nie. Baie keer is julle deur MY engele beskerm, sonder dat julle eers bewus was van enige gevaar en daarom is dit nodig om MY altyd te herdenk, omdat julle nie eers weet wat EK alles vir julle doen nie. Sommiges van julle was al in doodsgevaar en het slegs deur My beskerming anderkant uitgekom. Daar is van julle wat wel ‘n aanvoeling het vir hierdie dinge en sal duidelik voel dat “iets nie reg is nie”. Daar word dan vurig gebid en dít is julle redding. Die geveg in die geestelike wêreld is dan ook aan die gang en julle is salig onbewus daarvan. Daar is mense wat al My engele aanskou het en wat uit vrees vir hulle wou weghardloop, maar EK sê vir julle

dat julle niks het om te vrees nie, aangesien hulle net liefde is wat uit MY uitgegaan het. As EK net liefde is, sal MY engeleskare beslis nie anders wees nie. Vrees hulle nie maar dank MY omdat EK julle met MY magtige hand beskerm. Wees vir My lief en julle sal ook die engele kan aanskou sonder om hulle te vrees. EK is julle altyd naby en beskerm julle sonder dat julle MY eers vir elke klein dingetjie hoef te kom vra. As julle My moes kom vra vir beskerming elke keer wat jy die gevaar voel, sou julle al lankal uitgewis gewees het, omdat daar elke sekonde bose gevaar om julle dreig, en julle dit nie eers weet nie. Elke mens het dan ook sy spesiale skare engele om hom te beskerm en op die regte pad te lei. MY engele mag egter geen dwang op julle uitoefen nie en sal daarom maar net probeer om julle sagkens op die regte weg te lei. Sodra julle heeltemal Een met MY geword het, sal julle dan ook in staat wees, deur My GEES, om My engele te aanskou en julle sal juig oor die skoonheid van ‘n enkele engel. Daar word dikwels na iemand verwys as ‘n engel, en dit is dan ook baie keer die waarheid, omdat daardie persoon in werklikheid ‘n engel in mensevorm is. Sonder dat julle daarvan bewus is, is daar baie mense om julle wat engele is en wat die vleeslikheid kom aanneem het, sodat hulle MY kinders hier op aarde kan kom bystaan en help. Dit is dan ook die rede dat sekere mense buitengewoon baie hulpvaardig is, en wat uit hulle pad sal gaan om ander te help. Sonder om eers self te weet van hulle oeroorsprong, sal hulle net genoop voel om ander by te staan met hulp op alle gebiede. Sulke mense is dan ook baie yl gesaai in hierdie tyd. Daar is ook engele in menseliggame wat glad nie bewus is van hulle roeping op aarde nie, en sal baie dikwels op verkeerde weë wandel waaruit EK hulle sal moet gaan haal. Hulle het dan ook ‘n buitengewone swaar las wat hulle moet dra, soos ons man in die vorige hoofstuk. Dit is alles deel van MY Groot plan om van MY verlore kinders terug te bring en dit is waarom sekere mense geroepe en gedryf voel om ‘n sekere ding vir MY te doen. As jy so voel, moet jy dit aan MY kom opdra, en EK sal jou wys wat jy moet doen. EK is die Een wat jou daartoe geroep het, en My GEES en My engele werk dan op jou in om jou sovêr te lei om dit te doen waarvoor jy bewustelik na die aarde gekom het. Met die geboorte van ‘n nuwe baba is alles uit sy geheue gewis en is hy net ‘n gewone mens in sy eie oë. Daar is van My aartsengele nou teenwoordig en hulle sit tussen julle sonder dat hulle dit self weet. Maar daar kom ‘n dag en dit is nie vêr nie, dat EK hulle elkeen gaan roep om vir MY die taak te volbring waarvoor hulle spesiaal na die aarde gekom het. Satan is baie uitgeslape en herken ook hierdie mense as My engele en sal dan met felheid op hulle neerkom as hy net die kans gegun word. Maar EK beskerm hulle, sodat niks hulle oorkom nie. Hoogmoed is sy grootste wapen en daarom sal hy MY engele probeer aanval met hoogmoed sodat hulle tot ‘n val kom en nie meer diensbaar vir MY kan wees nie. Dit is dan ook waarom EK julle waarsku teen die hoogmoed en julle tot nederigheid aanspoor. Wees maar net gerus - gee alles in MY hande oor en EK sal julle beskerm. Daarvoor is net ‘n gedagte van MY genoeg en dan het EK miljoene der miljoene engele tot MY beskikking sodat julle bewaar kan word. Vrees nie die bose nie, omdat slegs een van My engele genoeg is om ‘n hele leërmag van hulle te kan verslaan. Dit is dan My woorde aan julle wat deur MY gestuur is na die aarde met ‘n spesiale roeping.
Amen.

# HOOFSTUK 41

***1 Des. 2007 07:05***

EK het julle nou van MY engele vertel en wil julle dan ook nou van hulle werking vertel. Daar is verskillende ordes in MY engeleleër en elkeen het `n ander taak gekry om te volvoer. Julle as mense het verskille in persoonlikhede en MY engele het ook hulle verskille. Dit is ook die verskille in hulle persoonlikhede wat hulle dan sekere werke laat doen bv. `n meer sagte engel sal dan ook met `n meer rustige werk besig wees. `n Sagter engel sal in die kinderryk werk, of iets anders doen wat by hom pas. Dan is daar die meer "geharde" engel en hy sal bv. in die hel in kan gaan en daar werk. Geen engel van My is onmagtig nie en sal daarom ook alles kan doen wat EK aan hulle gee om te doen. Dit is net hulle verskille wat maak dat hulle dit meer geniet om op seker plekke te werk. EK gee ook aan hulle `n keuse, sodat elkeen My kan dien op die gebied wat vir hom die beste sal werk en wat ooreenkom met sy persoonlikheid. EK dwing geen engel van MY nie en hulle doen alles vrywillig en uit liefde vir MY. Daar is ook verskillende hoeveelhede van kennis en wysheid wat aan hulle toegeken word en hoe liewer `n engel My het, hoe hoër sal hy styg in MY ryk. Hulle het My so lief dat hulle altyd na meer streef, omdat dit hulle dan ook nader aan My bring. EK stuur hulle dan ook uit om dinge vir MY te doen en sodoende werk hulle hulleself dan ook op om met meer vertrou te word. Dit is dan hoe dit in My engeleryk is en julle sal later meer hieroor vertel word. Dit is dan nou ook genoeg om hierdie te weet en ook dat EK julle 24 uur van die dag onder bewaking het deur My engele wat alles sal doen uit oorgrote liefde vir My en julle.
Amen

# HOOFSTUK 42

***2 Des. 2007 05:10***

Nou dat EK julle van MY engele vertel het, is daar dan nog iets anders wat EK ook aan julle wil openbaar. Terwyl julle om julle kyk en hoegenaamd niks van die geesteswêreld om julle sien nie, wil EK julle aanraai om MY uit die diepte van julle harte lief te hê sodat julle geestesoë kan oopgaan en julle alles sal kan verstaan wat EK nou aan julle gaan verduidelik. Geen oog het dit nog ooit gesien terwyl hy gelewe het nie en dit is totaal verborge vir almal wat nog in `n liggaam vasgevang sit. Julle kan nie verstaan waarom die son jou vel brand nie. Daar is baie biologiese verklarings daarvoor en die helfte daarvan is sommer bog. Die geleerdes is glad nie sover vooruit as wat hulle dink nie. EK, as Skepper en Vader van alles, kan aan hulle wys dat hulle teorieë verkeerd is. Maar EK sal dit nie nou doen nie, aangesien dit nie nou ter sprake is nie. Wat wel nou ter sprake is, is die feit dat die geestelike faktor, wat verantwoordelik is vir die verbruining van jou vel, direk uit MY Vaderhand aan julle gegee word. As julle sou kon sien, sou julle miljoene fladderende miniatuur "vissies" kon sien wat direk op jou vel duik en hulleself daarin wurm. Hierdie vissies beweeg dan al deur julle velle tot in die bloedstroom en vandaar tot in die hart. Dit het dan tot gevolg dat die mens begin bewus raak van sy omgewing en hy begin oplet na My skepping. Hierdie “vissies” laat dan ook die hart verbly om sodoende tot lof aan My oor te gaan. Dit is dan ook waarom ‘n mens vrolik voel as die son skyn en ‘n bietjie bedruk voel as dit reën, alhoewel hulle tydens bewolkte weer ook teenwoordig is. Hulle bewegings is dan net ‘n bietjie traer en dit het dan ook tot gevolg dat ‘n mens nie dadelik tot lof oorgaan nie. Dit is dan ook die rede dat die bose wegbly van die lig en ook omdat hulle dit vrees. Hulle wil nie vrolik voel en tot lof aan My aangehits word nie. As ‘n mens dan ook in lande kom waar die son baie

min skyn, sal jy dan ook minder vriendelikheid vind en die mense sal ook meer bedruk wees. Dit is ook waarom julle hier in Suid-Afrika nog na My vra en soek. Weet julle waarom EK hierdie brokkie aan julle vertel? Die rede dat EK hierdie aan julle vertel is nie omdat EK wil hê dat julle meer kennis moet besit as die wêreldling, sodat julle hulle kan troef nie, maar omdat EK wil hê dat julle MY elke dag daarbuite moet kom soek en sodoende meer van My GEES te ontvang. Dit beteken nie dat julle die heeltyd buite moet wees nie, maar Ek wil hê dat julle aan MY daarbuite 'n loflied sing, sodat julle kan voel hoedat EK julle versterk deur die son wat op julle velle skyn. Dit sal julle 'n klein versterking gee en julle sal dan verder kan gaan met julle dagtaak met hernude krag. Julle is nou stom verbaas oor hierdie inligting en selfs MY skrywer twyfel aan hierdie woorde van My, maar EK raai julle aan om dit te probeer en julle sal krag daaruit put. Sing 'n lied tot MY in julle harte terwyl julle in die son staan en MY skepping bewonder. Dit sal julle oë oopmaak vir baie dinge en julle sal dan ook deur MY nuwe dinge geleer word. Hierdie is maar net 'n praktiese riglyn om julle te versterk en sodoende nader aan MY te bring. Dink hieroor na en kom soek My Aangesig op en EK sal julle die waarheid hiervan vertel. Julle is almal nog klein in die geloof en het elke versterking nodig wat julle van My af ontvang. EK sal julle met MY GEES versterk en julle sal uitgaan en MY werk volbring wat EK aan julle opdra. Dit is net 'n klein waarheid wat EK nou aan julle bekend gemaak het en gaan toets My aan MY Woord en kyk of jy versterk voel daardeur. Julle sal verbaas wees oor wat dit aan jou binneste doen - om MY in die natuur en skepping te aanbid. EK wil aan julle nog sulke klein waarhede onthul en sal dit ook doen sodra die tyd reg is. Gaan en gaan toets My vandag en julle sal geestelik versterk voel.
Amen.

# HOOFSTUK 43

***3 Des. 2007 05:48***

O, Jahshua, ek het U lief
Ja U is My hartedief
Op U skoot wil ek graag sit
Ek wil my arms om U sit
O, Jahshua druk my
O, Jahshua soen my
O, Jahshua hou my
En dra my altyddeur.

Dit is 'n liedjie wat baie van julle vir MY in julle harte sing. EK ken elkeen se hart en weet presies wat elkeen dink. Julle wat hierdie liedjie al baie aan My gesing het, het MY werklik lief en sal nooit deur MY verlaat word nie. EK sal julle altyd bystaan en in tye wat julle moeilik vind, sal EK getrou aan julle MY krag skenk. EK sal julle elke dag met krag versterk - julle moet MY net elke dag in liefde kom vra. En sing hierdie liedjie in julle harte aan MY en EK sal julle nooit verlaat nie. Wees nie bevrees vir die mense wat julle in boosaardigheid aankyk nie. Hulle is blind in hulle ywer vir My en kan niks raaksien behalwe hulleself nie. Hulle soek ook na My, maar met halwe harte en sonder dat hulle dit besef is hulle eie ego's nog baie groot. Hulle soek na MY omdat hulle hoop om krag van My te ontvang sodat hulle die ander kan vergeld. Wees maar net gerus, Ek sal hulle nooit die oorhand oor julle gee nie en hulle sal

julle nooit kan onderkry nie. EK sal julle die krag daarvoor gee, sodat julle in uiterste naasteliefde nog steeds MY Woord aan hulle kan bring. Hulle sal later moet erken dat julle definitief krag van MY ontvang, omdat julle nie mismoedig word nie. Julle het nog ‘n entjie om te stap hier op aarde en sal daarom nog met baie ander mense te doene kry aan wie julle My Woord moet bring. Van hulle sal dit met blydskap herken vir wat dit is, maar daar sal baie wees wat julle daaroor sal veroordeel. Wees maar net nie bang daarvoor nie, want geen mens kan doen wat EK hom nie toelaat om te doen nie. Hulle sal die hande aan julle slaan, maar wees nie bang daarvoor nie, omdat EK elkeen wat ‘n hand teen julle sal lig, self sal slaan en hy sal daarvan weet. EK wil almal na MY trek, sodat almal gered kan word, maar baie weier halsstarrig om nader te kom. Hulle is tevrede om My daar van vêr af te sien werk en stel nie regtig belang om nader te kom nie. Die wat wel nader aan MY kom word dan deur hulle veroordeel en sleg gemaak. Moenie bekommerd wees as julle vals beskuldig word nie. EK is ook valslik beskuldig dat EK met die hulp van satan MY wonderwerke verrig het. Baie van die wat julle nou “slaan”, sal na julle terugkom en met oop oë sal hulle dan erken dat hulle verkeerd was. Daardie dag moet julle dan saam met hulle juig en bly wees, omdat nog een sy weg na MY gevind het. Julle moet ten alle tye My Liefde in julle harte hê en nooit mag julle liefde verkoel nie, omdat dit dan ‘n vastrapplek vir satan sal wees. Liefdeloosheid hoort nie tussen My kinders nie en sal nie deur My geduld word nie. Wees altyddeur bly, omdat julle vir MY moet ly, want die een wat vir MY ly, sal ‘n wonderlike loon ontvang. EK sal julle nie vergeet wat vir My getuig nie en julle sal deur My bekend gemaak word en julle werke sal voor julle wees, sodat almal kan sien, julle het My gedien.
Amen

# HOOFSTUK 44

***3 Des. 2007 06:08***

Julle wat na die eenwording met My streef, sál met My een word en julle sal dan juig, omdat julle al klaar hemel op aarde sal hê. Julle geestesoë sal te alle tye oop wees, sodat julle alles sal kan deursien en deurvors. Wees maar net getrou en kom soek MY Aangesig permanent op, sodat julle met krag vervul kan word. Dit is die loon wat julle sal ontvang as julle met MY een sal word - alle natuurwette sal julle gehoorsaam en met My krag sal alles gebeur wat julle wil. Julle wil sal dan heeltemal MY wil wees en sodoende sal julle dan geen sonde meer op aarde doen nie. Julle is dan in `n staat van volmaaktheid en geen bose mag sal dan meer oor julle kan heers nie. Dit sal dan wees soos die tyd dat EK op aarde was en julle sal dieselfde dinge as EK kan doen en nog groter, soos wat Ek aan julle gesê het in die Bybel. Wees net getrou op julle poste en bely MY Naam skaamteloos aan almal waar EK jou sê om te praat. Wees nie vir My skaam nie en EK sal MY ook nie vir jou skaam nie. Julle het nog baie om te doen vir MY en daarom sal EK self sorg dra dat julle die beste versorg word, omdat EK julle baie lief het. Julle het almal met MY `n ooreenkoms aangegaan en julle almal sal julle ooreenkoms met My nakom. Wees nie bang dat julle sal val

nie, want EK het julle almal styf in MY Vaderarms en niemand kan julle daaruit ruk nie, nie eers die mees bose satan nie. Geen stormwind, geen woeste seestroom, geen tornado en geen ander natuurkrag sal julle vernietig nie, omdat EK julle vashou. As die tyd van hierdie groot natuurkatastrofes aanbreek, sal julle almal veilig deur my bewaar word en niemand sal verlore gaan nie. Julle het nog werk om onder julle broers te doen en sal daarom nie nou al by MY opgeneem word nie. Aan die einde van tye sal julle almal getrou op My koms moet wag, en die onder julle wat wel voor MY koms by MY opgeneem sal word, sal nie `n kleiner loon ontvang, omdat jy voor die tyd al weggeruk is nie. Julle sal almal mekaar kan sien en daar sal die grootste vreugde denkbaar heers. Wees bly, omdat julle vir My sal moet ly, want julle loon sal groot wees. Niemand wat julle skade aan wil rig sal dit kan regkry nie, behalwe wanneer EK dit toelaat, en EK sal julle beskerm, maar wanneer julle tyd gekom het om na MY te gaan, sal julle dit ook voor die tyd weet, en julle sal dan bly wees, omdat iemand sal kom om jou van jou aardse bestaan te verlos. Julle sal bly wees om vir MY te ly, omdat julle die hele tyd met MY in verbinding sal wees, en MY sal aanskou, en julle begeerte sal na MY wees. EK sal nie julle begeerte onvervuld laat nie en sal julle daarom ook na MY bring, waar julle in vrede en geluk aan My Vaderbors sal lê. Daarom sê EK dat julle na die wedergeboorte moet streef, sodat julle alles sal kan verdra en nie langs die pad verlore raak en moeg word nie. As julle die hele tyd met MY in verbinding is, sal julle kragte julle nooit verlaat nie, want die een wat My die hele tyd voor oë het, sal alle krag besit wat hy nodig het en nog baie meer. Dit sê EK aan julle almal wat aan MY hierdie lied sing in julle harte en julle sal bly wees omdat julle deur My uitgekies is om vir MY op aarde te ly en te getuig.
Amen

# HOOFSTUK 45

***3 Des. 2007 06:42***

Die mense wat MY liefhet, sal altyd deur My bewaar word en sal nooit uit MY Hand val nie. Hulle sal altyd deur MY gedra word, soos wat My dissipels deur My gedra is nadat EK opgevaar het na die hemel. Terwyl EK aan die kruis gehang het, en die woorde gesê het wat opgeteken staan in die Bybel, het menige mens wat daar gestaan het, probeer hoor wat Ek sê, aangesien EK sag gepraat het. Hulle wou hoor wat EK sê uit nuuskierigheid en nie omdat hulle in MY Woorde as sulks belang gestel het nie. Hulle kon egter nie mooi hoor nie en het van MY Woorde `n bespotting gemaak. Daar is gespot tot vervelens toe en iemand het My selfs nageboots terwyl EK aan die kruis gehang het. Die spotters het lekker gelag totdat EK gesterf het en het hulle gehaas om hulleself papdronk te drink oor My kruisiging. Dit was vir hulle iets om te vier en sonder skroom het hulle met alles wat My aangaan, gespot. Nadat

hulle hulleself dronk gedrink het, is hulle na My dissipels om hulle ook in hegtenis te kom neem. Hulle het nog nie genoeg gelag nie en wou nog meer pret hê, maar sonder dat hulle dit geweet het, het hulle hulle vasgeloop in My mag. Dit was daardie soldate wat aan My dissipels se deur kom klop het en met My mag te doen gekry het, soos dit beskryf is in `n vorige hoofstuk. Julle sal ook met sulke mense te doen kry en hulle sal met julle die spot dryf, maar wees nie bevrees of hartseer daaroor nie, omdat daar `n goeie kans is dat hulle ook nog gered kan word. Hulle is ook vandag so, net soos in daardie tyd, en probeer hoor wat EK nou aan julle sê, maar is nie daartoe in staat nie, omdat My stem sag is en net die wat My liefhet My stem kan hoor. Wees nie bekommerd oor die dronkaards nie, want hulle sal ook nog `n geleentheid kry om na MY te kom. Met `n groot gejuig sal hulle wakker gemaak word en in hulle angs en nood sal hulle van hulle boosheid bevry word. Dit is wat vir die spotters ook voorlê en niemand wat EK roep, sal vir altyd sy ore kan toestop nie. As EK roep, sal hulle een of ander tyd moet hoor, - al is dit eers in `n volgende verlossingsperiode. MY stem is sag, maar almal wat van goeie wil is, kan MY hoor sonder om te vrees dat My stem sal stil raak. My stem sal slegs stil raak op die vasgestelde tyd en net die wat MY alreeds voor die tyd kon hoor, sal MY dan kan hoor. Tevergeefs sal die dowes dan probeer hoor, maar EK sal MY ore dan vir hulle hulpgeroep toestop. Kom nou na MY en kom luister na MY stem, omdat die tyd baie naby is en julle sal huil omdat dit stil is in julle binneste. EK sál met almal praat wat My stem wil hoor en daar is nie net `n sekere groepie uitverkorenes met wie EK sal praat nie. Almal wat My soek, sal MY stem in hulle binneste kan hoor en eendragtig sal hulle dan saamstaan, omdat EK nooit verdeeldheid tussen broers sal veroorsaak nie. Met ander woorde; EK sal aan elkeen presies dieselfde sê en niemand sal anders ingelig word as `n ander nie. In MY ewige orde lê eendragtigheid en daar sal nie tweedrag tussen MYNE heers nie. Soos een man sal hulle opstaan en dieselfde doen en weet, omdat MY stem in elkeen se hart weerklink. Streef daarna, sodat satan nie sy kloue in julle kan slaan en julle dan verkeerde dinge sal doen "in MY Naam" nie. Julle wat alreeds My stem kan hoor is deur MY begenadig, nie omdat julle spesiaal is of beter as julle naaste nie, maar omdat EK `n spesifieke doel vir julle het. Julle moet solank My werk onder julle broers doen en hulle aanwakker om na My Stem te soek soos wat julle na My Stem gesoek het. Almal sal dan op die regte tyd deur My aangespreek word en niemand sal deur MY vergeet word nie. Dit is MY Woorde díe en nie 'n mens s'n nie. Wees getroos, julle wat nog na MY Stem soek, want EK sal na julle almal ook kom.
Amen

## HOOFSTUK 46

***4 Des. 2007 06:53***

Julle almal wat MY Lewende Woord lees, sal weet dat die volgende waar en eg is. Daar was 'n man wat na MY kom vra het en hy wou weet wat hy moes doen om die ewige lewe te beërwe. EK het aan hom gesê dat hy al sy goed moes verkoop en aan die armes gee en dat hy MY moes volg. Dit was teveel gevra aan hom en hy het hartseer weggedraai en teruggegaan na sy aardse goedere waaraan sy hart so verkleef was. Dit is dan ook waarom baie van die mense wat MY Woord verwerp, dan hulle rûe op MY draai. Die aardse verlokkinge is dan heeltemal te groot en

hartseer draai hulle dan weg, omdat hulle nie daarvan afskeid kan neem nie. Dit is dan vir hulle ‘n groot bron van bekommernis en verdriet, want wat sal dan van hulle aardse goedere word as hulle dit aan iemand anders moet afgee? Baie is ook nie soseer gepla oor byvoorbeeld die huisraad nie, maar meer oor sy “stokperdjie”. Dit sal hulle bitter berou omdat hulle nie eendag hulle ou aardse plesiertjies kan saamvat nie. Die aardse plesiertjies weeg dan ook baie swaarder as EK en dit trek hulle tot in die diepte van die aarde in af. Daaruit sal hulle nie kan kom nie, voordat EK hulle self daaruit gaan haal en hulle gewillig alles net so los. Hulle klou dikwels so aan hulle aardse plesiertjies vas soos ‘n padda aan ‘n boomstomp wat besig is om in die rivier af te dryf op pad na die groot waterval wat net om die draai lê. Hierdie boomstomp is sy redding en hy besef nie dat hy maar net na die wal kan swem vir redding nie. Nee, hy klou aan hierdie stuk ding vas wat hom net vir nou red. Maar sonder om te besef, dryf hierdie ding met hom na die dood. Los alles en volg MY, was MY woorde aan baie mense en net ‘n paar het gehoor gegee daarop. En dit is wat EK ook vandag aan julle wil sê: Sny af van julle aardse goedere en ook van alle ander plesiertjies wat julle van MY aftrek. Dit vul julle harte mat groot plesier en dan is dit vir MY baie moeilik om tot julle deur te dring. As julle vol is van julle eie dinge, kan EK nie kom met MY GEES en julle vul nie, omdat daar dan teveel onreinhede in julle binneste is. EK deel nie julle harte met dinge van die wêreld nie. EK wil alleen Heerser wees in julle harte en daarom vra EK weer aan julle om daaraan te dink en stil te gaan sit en te dink of daar nie dalk iets in jou lewe is wat MY plek vul nie. Dit hoef nie noodwendig ‘n aardse ding te wees nie. Dit kan jou huisgesin ook wees. Baie mense het hulle kinders meer lief as vir MY en sal daarom dan ook die verkeerde keuses maak in die tyd wat kom. EK waarsku julle weer dat die tyd baie sleg gaan wees en dat julle buitengewoon swaar sal kry. Die groot geloofstryd wat voorlê gaan sorg dra dat menige mens MY verlaat uit vrees dat hy sy aardse plesier of genot gaan verloor. As EK jou kinders vra en jy weier MY, is jy nog te lief vir jou kinders. As EK jou man of vrou vra en jy weier MY, is jy nog te lief vir hom/ haar. Los alles en volg MY met jou hele hart. Julle dink deur MY net elke dag te smeek vir bewaring dat julle siele al gereed is vir die komende tyd. Dit is nie so nie en met leedwese gaan julle die tyd tegemoet. Kom na My, sodat EK julle kan reinig en dit gaan vir julle swaar wees, maar EK sal julle almal deur alles dra en julle sal heel en vol van MY GEES anderkant uitkom. Sny alles af wat nie pas nie, dit is, los alles wat nog ‘n groter plek as EK in julle harte vul. Los alle behaging van die vlees en dra sorg vir julle siele. As jy besig is met MY dinge, moet jy geen begeerte na enigiets anders hê nie. Nie kos nie, nie enige vorm van plesier nie, niks nie, net vir MY. En EK sal jou alles gee wat jy nodig het. Dit is dan ook wat die groot trek uit Egipte beteken het. Die Israeliete moes alles agterlaat wat hulle in Egipte gebind het. Hulle moes net met hulle besittings uittrek. Dit beteken dat hulle nie enigiets moes oorhou van die land/ aarde nie. Net so ook met julle. Hou net die nodigste dinge uit en los al die ander onnodighede. EK het aan hulle kos voorsien in die woestyn waardeur hulle moes trek en EK het hulle op die pad na die beloofde land gereinig. Al die onreinheid het in die woestyn agtergebly en net die reinste het die beloofde land binnegegaan. Dit moet met julle ook so wees. Los alles en “trek” na MY. Die pad gaan verlate en swaar wees - net soos die woestyn. Daar gaan baie dinge van julle afgehaal en verwyder word op die pad. Al die onreinheid wat nog aan julle vaskleef sal EK stadig maar seker uit julle uithaal - net soos wat EK al die onreines en onsuiweres tussen hulle uitgehaal het. Die ander volke se mense wat tussen hulle was, moes uit. Dit stel al julle wêreldse dinge voor en dit moet ook uit julle uit. Daar was later ook geen voedsel meer nie en EK het aan hulle voorsien. Julle sal later ook net op MY moet staatmaak vir julle geestelike voedsel wat elke dag op tyd sal kom. Moenie terug verlang na die kospotte van Egipte nie, want daarin lê die verderf. Moenie terug verlang na die aardse genot en plesier wat julle op die pad verloor het nie, want EK sal jou dan oorgee aan jou begeertes en jy sal dan ook langs die pad na MY, verlore gaan. EK sal aan julle kos en water voorsien m. a. w. EK sal aan julle net die

nodigste gee, sodat julle kan oorleef hier op die aarde, maar moenie dink EK het aan hulle allerhande aardse plesiertjies gegee nie. Julle sal dan ook genoeg hê om van te leef sodat julle die aardse bestaan kan voltooi, maar EK sal niemand stinkryk maak sodat hy in weelde sy weg kan gaan nie. EK sal julle almal lei tot in MY Vaderhuis en niemand wat na MY alleen kyk, sal verlore gaan nie. Daarvoor sal EK sorg dra. Julle almal wat op weg is na MY, is nou ook in die woestyn van julle lewens en EK is besig om julle te reinig, maar wees nie hartseer oor die dinge wat jy langs die pad verloor nie, omdat EK jou dan baie meer sal gee in ruil daarvoor. Almal van julle het nog dinge wat nie by die Beloofde Land (MY koninkryk) pas nie en sal daarvan moet afsien, voordat julle MY Beloofde Land bereik. Maar wees nie daaroor hartseer nie, omdat die een wat omkyk, MY nie werd is nie. EK wil julle almal in MY Land verwelkom en wil nie een langs die pad verloor nie en daarom sê EK aan julle dat julle moet werk maak aan julleself. Hier is geen oordeel in MY Woorde nie, net liefde, wat julle na MY wil trek en julle reinig sodat EK julle teen MY Vaderbors kan vashou. Soos reeds in van die vorige hoofstukke gesê is, kon EK geen onreine teen MY vasdruk nie, maar as julle vrywillig kom om deur MY gereinig te word, sal EK julle reinig, maar EK sal alles afsny wat nie pas nie! Wees daarom nie hardkoppig nie en los die aardse dinge vanself, sodat dit vir julle minder pynlik sal wees as wanneer EK dit self moet kom verwyder. Julle almal het nog sondes en daarom spoor EK julle aan om dit te los. EK het julle lief en sal alles doen om julle tot MY te bekeer en teen MY Bors vas te hou. As julle nie julle dinge wat julle behaag los nie, kan EK julle nie teen MY Bors druk nie en julle sal alles mis, net soos die Israeliete wat nie na MY kneg Moses wou luister nie en langs die pad omgekom het. MY kneg Moses was My stem wat hulle gelei het en daar was die onder die volk wat nie na hom wou luister nie en het langs die pad verlore gegaan. Luister dan nou ook na MY stem, sodat julle die Beloofde Land kan beërf en julle salig kan wees in MY Land waar MY Liefde heers. Dit sê EK aan julle, nie om julle te veroordeel nie, maar om julle na MY te trek en julle te reinig.
Amen.

# HOOFSTUK 47

***5 Des. 2007 05: 52***

Aan almal wat MY Woord eet wil EK sê, julle sal genoeg krag ontvang vir die komende tyd en EK sal julle almal deurdra as ander om jou beswyk van vrees. Wees nie bevrees nie en moenie wankel in julle geloof nie, want dan sal julle nie staande bly nie. EK wil nie een sien verlore gaan nie en sal julle daarom weer en weer aanspreek deur MY openbaringe. Elkeen van julle moet MY vra in alle nederigheid dat EK met jou ook praat en EK sál kom en jou ook aanraak sodat jy MY stem kan hoor. Wees maar net gerus as jy MY al wel gevra het en jy nog nie MY Stem kan hoor nie. EK het nie van jou vergeet nie en sál na jou kom. Julle moet net leer om op MY te wag, maar almal wat nou hier lees en dit met sy hele hart begeer, sal deur MY aangespreek word. Dit is 'n verkeerde ding om te glo dat net MY skryfknegte hierdie voorreg het en dat EK net met hulle spreek. Julle is almal My uitverkorenes en Ek wil almal teen MY bors vasdruk. Laat net alle aardse dinge na en kom na MY, sodat EK julle kan reinig. Dit is; lê alle aardse begeertes af soos: Televisie kyk, na aardse musiek luister, sportsoorte wat die oorhand oor julle het, tydskrifte wat nie MY Naam alle eer gee nie en alle wêreldse plesiere waar EK nie gedenk word nie. Wat EK wil hê is dat julle aanhoudend moet bid soos wat EK in MY Woord, die Bybel sê. Hoe kan julle sonder ophou bid wanneer julle sit en televisie kyk of aardse tydskrifte lees, of na wêreldse musiek luister? EK wil nie hê dat julle nou in afsondering moet gaan leef nie, maar dat julle julle siele vir MY afsonder. Wat se loon sal julle kan ontvang as julle alle aardse dinge afgelê het deur heeltemal in afsondering te leef? Geen loon nie, omdat julle aan versoekings en beproewings blootgestel moet word en sodoende alles dan eers oorwin. Daarom sal EK nie die aardse dinge om julle wegvat nie. Julle moet dit self oorwin deur volharding in die geloof. Hoe volhard mens in die geloof? Net deur die allesoorheersende liefde vir MY.
Amen

# HOOFSTUK 48

***5 Des. 2007 06:12***

EK het nou klaar gepraat oor die aardse dinge wat julle moet aflê en daardeur wil EK sê dat julle nou regtig aan julleself moet werk sodat jou siel kan groei en jy met MY een kan word. EK kan nie een met wêreldse onreinheid word nie en sal dit alles tot as verbrand, die dag met MY wederkoms. Gee alle eer aan MY, julle Liefdevolle Vader wat al hierdie dinge aan julle bekend maak, sodat julle gereinig en skoon voor MY kan staan en EK met MY GEES julle kan vervul. Vrees nie die komende tyd nie. Dit het EK al by herhaalde kere gesê en EK sê dit weer aan julle vreesagtiges wat nog baie bang is vir die dood. EK het die dood oorwin en sal julle almal by die hande vat en deur alles dra. Daar was `n man genaamd Paulus Toronto. Hy het in die donker Middeleeue geleef en het MY baie liefgehad. Paulus het die gewoonte gehad om MY skaamteloos te bely in `n tyd dat die mense My knegte vermoor het. Dit was baie stormagtige tye gewees en niemand wat MY liefgehad het, kon openlik van MY getuig nie. Julle sal een van die dae dieselfde beleef. Paulus het een warm somersdag aangestap gekom na die stad waar naby hy gebly het. Met `n groot gejuig het daar `n skare mense na hom aangehardloop gekom en hy het uit die pad gestaan sodat hulle kon verbykom. Maar hulle het hom omring en aan hom gevra vir beskerming, omdat hulle hom geken het en geweet het dat hy `n man van wonderwerke was. Hy was heeltemal een met MY en kon alles doen wat EK ook in die vlees kon doen. Paulus het aan hulle gevra wat dit was wat hulle wou hê, al het EK dit aan hom bekend gemaak nog lank voordat dit gebeur het. Paulus was nie bekommerd nie, aangesien hy geweet het dat die owerhede hierdie mense en ook vir hom wou vermoor. Hulle was verbouereerd en wou vlug na die berge, maar Paulus

het hulle gekalmeer en het hulle gerus gestel en in MY Naam almal aangespreek. Hulle was almal arm mense wat baie honger gehad het en vir dae lank nie `n ordentlike bord kos gehad het nie. Toe hulle dan by die rykes gaan kos steel het, is hulle uitgevang en het weggehardloop. Sommiges is gevang en sommer net daar in die straat, ten aanskoue van die klipharde rykes, om die lewe gebring. Die wat wel losgekom het, is reguit na Paulus waar hulle gehoop het om skuiling te vind. Net daar in die grondpad het hy hulle laat sit en aan hulle MY brood gegee. EK het sy gebede verhoor en daar het letterlik brood vanuit die hemel op hulle gereën. Dit het saggies om hulle neergeval en hulle kon hulleself daarmee versadig sodat hulle, versterk daardeur, na MY Lewende Brood kon luister. Dit was ‘n groot wonderwerk wat deur al wat daar teenwoordig was, aanskou is en hulle het almal daardie dag hulle harte aan MY gegee. Die owerhede was nog op jag na hierdie arme mense en het hot en haar rondgehardloop op soek na hulle. Op dieselfde pad waar hulle gesit het, is die soldate dan ook verby sonder om hulle te sien. Dit het dan ook ‘n groot gejuig afgegee wat wel deur hulle gehoor is. Hoe meer hulle gesoek het in die rigting vanwaar die gejuig gekom het, hoe minder het hulle die armes gesien. Dit het natuurlik ook paniek onder die soldate veroorsaak en hulle is met ‘n groot gejuig weer terug na die stad waar hulle self, deur die koning se bevel, vermoor is, omdat hulle, gedryf deur vrees, geweier het om weer na die armes te gaan soek. Paulus het MY Naam uitgedra sonder om te vrees vir die owerhede of die koning en daardeur het hy baie ander gered en is hulle almal by MY opgeneem en kon hulle ook hulle naastes help wat in ‘n baie slegte tyd op die aarde geleef het. Dit sal ook julle deel wees en in die diepste aardse duister sal julle vir MY arbei en sal julle mense uit die kloue van die dood ruk, sodat hulle gered kan word. Sonder vrees vir die dood sal julle die toekoms ingaan, al is alles duister om julle. EK is julle Lig en Ek sal vir julle die pad verlig wat julle moet gaan. Julle is swak en kan nie nou verstaan wat dit alles sal behels nie, maar julle sal bly wees en juig daaroor, die dag wanneer EK met julle sal spreek en alles aan julle bekend maak. Wees net nóu al vir MY lief sodat EK julle kan vervul met MY GEES. Dit sal julle krag wees en julle sal kan aangaan sonder enige vrese. EK skenk dit aan almal wat MY liefhet.
Amen.

# HOOFSTUK 49

***6 Des. 2007 06:09***

Nadat EK opgestaan het uit die graf, en al MY dissipels en mense van My opstanding bewus was, het Ek aan hulle almal gesê dat EK weer sal kom op die wolke en dat elke oog MY sal sien. Hulle was baie bly hieroor en het gedink dat Ek nog in hulle tyd weer sal kom. Maar hulle het MY verkeerd verstaan en het gewag op ‘n fisiese verskyning van MY terwyl hulle nog op aarde was. Deur die jare heen, het Ek aan al MY knegte gesê dat die einde van tye aangebreek het. Hulle het dan ook gedink dat dit binnekort MY wederkoms sal wees en het die mense dan ook so vertel. Wat hulle verkeerd gedoen het, is om al MY Woorde letterlik op te neem en nie geestelik nie. EK praat altyd in die Gees en sal julle sê wanneer Ek praat van dinge wat letterlik gaan gebeur. Hierdie boeke wat deur MY skryfknegte aan julle gebring word is alles deur MY aan hulle gedikteer. Baie hiervan is ook geestelik en dan is hier baie dinge wat EK aan julle sê wat julle letterlik en in die vlees moet verstaan. Een hiervan is dat die einde van tye regtig aangebreek het en dat julle almal wat nou hier lees nog MY wederkoms sal sien. Julle sien dit nou deur hierdie openbarings wat EK aan julle bring, maar julle sal ook MY verskyning sien wanneer EK julle kom haal en die aarde die oordeel ontvang. Julle sal MY koms sien, so seker as wat Ek leef en julle sal die laaste geslag wees wat op hierdie aardbodem wandel. Dit sê EK, julle Koning en Vader wat nooit vir julle sal lieg nie. Dit moet julle glo,

omdat dit die waarheid is en nie omdat julle verplig voel daartoe nie. EK sal nooit vir julle onwaarhede vertel nie en julle sal nie deur MY skryfknegte mislei word nie, omdat hulle MY baie liefhet en net hier neerpen wat Ek aan hulle gee. Glo dat julle die laaste nageslag is wat hier sal wees en wees bly daaroor, omdat die aarde met die mense daarop buitengewoon bedorwe geraak het. EK sal kom om alles te reinig, sodat die volgende geslagte dan op ‘n gereinigde aardbodem kan leef. Die nuwe aarde sal buitengewoon mooi wees en EK sal nuwe dinge doen, en julle sal nie hierdie aarde herken nie, omdat EK haar totaal en al sal vernuwe. EK sal nuwe dinge doen wat ongekend en vreemd vir julle is. Hier sal nuwe skeppings wees wat julle nie ken nie en in vreugde sal almal hulle weg gaan, sonder enige hartseer, moeite of verdriet. Die geslagte van die nuwe aarde sal heeltemal in verbinding staan met almal wat reeds vooraf na MY gegaan het. En hulle sal MY kan aanskou, omdat hulle dan heeltemal rein sal wees. Nuwe skeppinge sal dan hier wees, waarvan julle nou nie eers ‘n idee het nie en julle sal daaroor juig, omdat EK julle buitengewoon sal seën. Geen mens het nog ooit so iets gesien nie en julle sal almal stom van verbasing wees as EK dit aan julle sou bekend maak. Maar dit sal EK nie nou doen nie, omdat die wat dit sal hoor en nie in MY kring van geliefde kinders staan nie, hulle daaroor sal vervies en MY uittart deur die spot daarmee te dryf, en dit sal EK nie toelaat nie. Wees julle maar net gerus en vertrou MY Woord dat die nuwe aarde onuitspreeklik mooi sal wees en net die reines van gees sal daarop kan wandel. Daar sal geen sonde heers nie en EK self sal hulle Leier en Koning wees. Dit is tog wat julle almal wil hê, nie waar nie? Julle almal wil hê dat EK alleen julle Koning en Regeerder op aarde moet wees. Dit sal dan ook so wees en met vreugde sal julle elke dag, die hele dag deur MY lof bring en sing tot eer van MY Naam. Julle sal nie hoef te sweet om julle brood te verdien nie en salig sal julle wees tot in lengte van dae. Daar sal geen siekte wees nie. Geen bakleiery nie en geeneen sal sy naaste leed aandoen nie, omdat die grootste liefde denkbaar tussen almal sal heers. Maar julle wat nou hier lees en glo, moet werk maak aan julleself, sodat julle ten volle gereinig ook deur My na die nuwe aarde gedra kan word, nadat hierdie ou aarde met sy slegte dinge tot niet gegaan het. Julle almal sal dit aanskou en julle sal juig wanneer EK MY Woord gestand doen. Maar baie van julle wat nou hier lees sal ook in die komende geloofstryd deur MY opgeneem word, voordat die einde aangebreek het, waarin EK dan hierdie ou aarde sal verbrand en aan die wat MY koms verwag, ‘n nuwe aarde sal gee. Julle wat by MY opgeneem word voor die tyd, sal ook deur MY geseën word en julle sal julle loon ontvang, omdat julle getrou gebly het aan MY tot EK julle kom haal het. EK sal baie kom haal en met blydskap sal hulle dan hulle lewens in MY Hande gee en saam met MY sal hulle dan ook die ryk ingaan wat EK vir hulle, wat MY getrou gebly het, berei het. Maar vir die wat hier agterbly en tot op die einde getrou sal bly aan MY, is daar ‘n ander plek berei, waar hulle dan sal wag op MY nuwe aarde wat EK aan hulle sal gee. EK sal hulle almal wegvoer na ‘n plek wat vir hulle berei is en daar sal hulle dan vertoef totdat die nuwe aarde voltooi is. EK sal hulle dan self weer na die aarde lei, en daar sal groot blydskap heers wanneer hulle dan die vernuwe aarde self sal aanskou. Dit alles sal díe aanskou wat op MY bly wag en getrou bevind word.

Wees nie bevrees vir die wat die liggaam kan skend nie, want hulle kan julle siele niks doen nie. Julle sal almal van julle vrees vir die dood genees word en sonder enige vrees sal julle dan My Woord kan uitdra aan die wat nog daar buite is en MY nie verwag nie.

EK sal aan julle ‘n nuwe ding doen wanneer EK julle almal bymekaar gebring het en Ek sal vir julle iemand uit die dood opwek sodat julle niks meer sal vrees nie. Hy sal julle vertel van sy ondervindinge in die hiernamaals en julle sal nie meer bang wees vir die dood nie. Almal van julle wat nou hier lees en dit glo sal gered word, al word julle deur MY opgeneem voordat die aarde verbrand en EK MYNE hier kom haal. Die wat nou alreeds gegaan het, staan julle in die gees by en MY dissipels en apostels is julle die hele tyd naby en versterk julle in die gees. Dit is EK wat aan julle krag gee

sodat julle kan aangaan en nie moeg word nie. Wees maar net gerus, al lyk dit of die hele wêreld om jou wil vergaan. EK is van alles bewus en sal julle nooit verlaat nie. Julle is almal in MY Hande. Vertrou MY met alles al lyk dit soms moeilik en swaar. Wees altyddeur bly omdat die satan nie 'n hart vol blydskap kan verdra nie en hy op die vlug sal slaan, die oomblik wanneer daar aan MY lof toegesing word. EK sal julle red en beskerm en bewaar sodat julle die stryd vir MY sal stry en oorwin. Glo net vas, dat dit wat EK aan julle sê deur MY skryfknegte, die waarheid is. Bou op MY julle huise en wandel op MY, want Ek is die Rots waarop julle moet bou en die Weg waarop julle moet wandel. Daar is geeneen soos EK nie en geen ander paadjie lei na MY nie. Geen leerstellings van mense nie, geen onderhouding van wette nie en nog minder vermoeiende bestudering van die Bybel en geskrifte nie. Dit is net EK wat julle kan bevry en op die regte pad lei. Gee alles aan My oor en Ek sal julle rig. Dit wat vir jou `n bron van kommer en hartseer is, moet net in MY Hande gegee word en EK sal jou hartseer in die grootste vreugde verander. Dit alles en nog veel meer belowe EK aan julle wat MY liefhet en getrou op MY koms wag. Dit is ook MY woorde aan julle wat nou hier lees. Julle sal nie een woord hiervan ontdaan sien nie en EK sál MY Woorde gestand doen. Dit is dan ook al vir vandag.
Amen

# HOOFSTUK 50

***6 Des 2007 07:32***

EK verseker julle van MY liefde elke dag en wil julle ook daarmee te kenne gee dat julle MY ook moet liefhê. Wees MY getrou in alle opsigte en luister wanneer EK julle roep. Laat Mammon haar eie gang gaan en dink aan MY. Kom vra My wat julle te doen staan en doen dan dit wat EK julle sê. Moenie julle hoop op 'n dooie materialistiese god sit nie en vertrou op MY om vir julle die weg oop te baan. Baie van julle wat nou hier lees, het My al baie lief, maar is ook nog te besig met julle aardse goed. Mammon sal altyd probeer om julle van My weg te hou en sy sal julle gedagtes sodanig besig hou, dat julle nie tyd of kans het om aan MY te dink nie. EK wil julle hele harte hê en nie halwe harte nie. Jy dien My met 'n halwe hart wanneer jy jouself te besig hou met aardse dinge. Daar is werk wat gedoen moet word sodat

julle kan bly leef, EK weet, maar bly getrou aan My en dink aan MY terwyl jy jou aardse gang gaan. EK sal vir julle sorg en julle sal nie broodgebrek hê nie, maak nie saak of dit so lyk nie. Julle is baie keer onder die indruk dat julle MY dien terwyl julle besig is met julle aardse dinge, maar dit is nie die geval nie. EK wil hê dat julle die hele tyd moet bid en waak teen satan se aanvalle, en hoe kan julle dit dan doen terwyl jou hart besig is met aardse goed? Gee alles aan My oor en EK sal julle weë gelyk maak. Moenie bekommerd wees oor jou geldsake nie. EK gee wánneer en hóeveel nodig is en enige bekommernis daaroor is totaal en al onnodig. As Ek aan die Israeliete in die woestyn hulle daaglikse brood kon gee, sal EK dit seker na al die jare nog steeds kan doen? Verseker en gewis! Julle moet MY met álles vertrou en nie net met sekere dinge nie. EK is altyd julle Vader, nie net wanneer EK julle bewaar nie. EK is ook die broodwinner in jou huis. Die Versorger wat julle elke dag van alles voorsien. Wees nie bevrees wanneer die wêreld om jou druk op jou probeer uitoefen nie en vertrou op MY. Gee die wêreldse druk aan My en EK sal dit vir jou uitsorteer, sonder dat jy daaroor na hoef te dink. Dit is ‘n belangrike ding wat julle moet begin besef en dit is dat julle nie die aanvalle van satan sal kan weerstaan as julle gedagtes besig is met die aardse nie. Dit is dan ook waarom Ek julle aanraai om op te hou met aardse plesiere en genot. Dit hou julle so besig dat julle nie die satan en sy magte sien aankom nie en sonder enige weerstand sal hy julle dan onderkry. Julle sal weet wanneer hy julle aangeval het. Enige neerdrukkende gevoel wat in julle harte heers is direk van hom afkomstig. Woede, vrees, enige vorm van depressie, is nie van MY afkomstig nie en dit is die teken dat dit van hom af kom. Hy sal julle afbreek tot julle geen verweer meer het nie en al julle geloof in My sal hy probeer afbreek. Dit is dan ook waarom EK julle sê om MY bo alles lief te hê sodat hy julle nie kan oorval nie. Julle sal nie MY koninkryk kan beërwe as julle teveel aandag aan die wêreldse gee nie, omdat dit dan julle aandag heeltemal van My afneem. Gee alles in MY Hande, wil Ek julle weer sê en moet oor niks bekommerd wees nie, want EK is die Een wat maak en breek.
Amen.

# HOOFSTUK 51

***6 Des. 2007 10:41***

Ek spreek tot elkeen van julle wat na MY wil luister. Met die wat nie na My Stem wil luister nie, het Ek nou genoeg gespreek en sal in die vervolg ook nie na julle luister as julle MY aanroep in die nood nie. Dit sal vir julle verskriklik wees, in die opsig dat julle dan algehele stilte van My kant af sal ontvang. Hulle wat wel na MY wil luister sal nou die volgende stukkie brood ontvang. Die man wat die wedloop volbring, is `n man so reg na My hart; iemand wat nie tou opgooi nie en aanhou totdat alles verby

is. Daar gaan tye wees dat julle voel om op te hou met MY werk, omdat dit baie moeilik sal wees vir julle, maar EK wil julle aanspoor om aan te hou tot op die einde. Julle weet nie wat hierna vir julle wag nie en sal baie spyt wees as julle dan kon sien wat julle verbeur het. Alles is die moeite werd, want EK is alles. EK is julle erfporsie en julle sal die hele tyd saam met MY kan deurbring. Werp daarom alles in die stryd, sodat julle MY kan beërwe en gelukkig en salig kan wees in die tyd wat hierna vir julle aanbreek. Gee MY julle alles en moenie dat satan julle tot ander insigte bring nie. Hy is die vader van leuens en sal altyd aan julle verkeerde beelde van dinge gee. Julle sal verkeerde indrukke kry van dinge wat deur hom aan julle gewys word as julle nie julle hele harte aan MY gee nie en so subtiel soos wat hy is, sal julle dan niks verkeerds agterkom nie. Alles wat satan aan die mens wys, lyk altyd reg, maar daar is iets heel verkeerds aan dit. Vir die wêreldling lyk wêreldse ontspanning na net nog `n manier om uit te rus. Wat is nou verkeerd om `n aand voor die televisie deur te bring? Dit hou ten minste die kinders uit die kwaad en uit die strate uit, nie waar nie? Sien julle nou hoe subtiel hy te werk gaan om julle te verlei? Dit klínk reg, maar is in der waarheid vêr van die waarheid verwyderd. As julle by MY bly, sal alle gevare van `n sogenaamde "onskuldige" ding aan julle uitgewys word en julle sal dit verbygaan sonder om in satan se vangkuil gevang te word. Dink die hele dag aan MY en julle sal deur `n slagveld van sy vanggate stap. EK sal julle getrou bewaar en nie een van julle sal verlore gaan nie. Dit sê EK aan almal wat na My soek en nie mooi weet wat hom nou te doen staan nie. As jy `n aardse ding wil doen, kom vra MY eers, sodat EK jou die regte weg kan wys, en as dit dan reg is in MY oë, sal EK dit vir jou seën sodat jy goeie vrugte daarvan pluk. Maar luister na MY Stem en gaan nie voort met iets as jy `n duidelike waarskuwing van MY kant af ontvang het nie. Dit is MY gewisse Woorde aan julle wat vandag aan iets twyfel.
Amen

## HOOFSTUK 52

***7 Des. 2007 06: 41***

Almal is MY uitverkorenes, wat na MY kom om seëning te ontvang. EK praat nie van

die wêreldling wat met `n aardse gebed na MY kom om verhoor te word nie. Dit is `n gruwel in MY oë en sal nie deur MY verhoor word nie. Maar julle wat MY liefhet, is MY ware uitverkorenes en daar sit nog baie van julle vasgevang in verkeerde dinge. Hulle weet baie diep in hulle harte dat hulle nie op die regte spoor is nie, maar hulle weet ook nie hoe om reg te kom nie. Hulle almal sal deur MY op die regte pad gelei word deur julle wat MY nou al liefhet. Op elke een van julle wat nou hier lees se lewenspad sal daar iemand kom wat deur julle bearbei moet word en EK sal daardie persoon/persone aan julle uitwys. Julle moet My vissies vang en nie een laat wegkom nie, aangesien daardie vissie dan in die verderf sal gaan, as jy nie van jou kant af moeite doen om hom te probeer raak vang nie. Dit sál moeite van julle kant af verg, maar EK sal julle die krag en alles wat nog nodig daarvoor is, skenk. Gee dit net aan MY oor en Ek sal jou pad gelyk maak en jou vissie sal jy vang. Wees net gerus as jy al wel met jou vissie probeer het en dit op die oog af vir jou lyk of hy gaan wegkom. Dra dit aan MY op en MY Gees sal daardie vissie ook bewerk waar jy nie meer kan nie. Moenie jouself blameer as jy alles gedoen het wat EK aan jou beveel het en die vissie swem weg nie. Baie maal sal die vissie baie diep gaan nadink oor wat jy aan hom vertel het en sal dan later heel uit sy eie na MY kom. Dit is dan deur jou toedoen dat hy na MY gekom het en dit sal dan vir jou tot wins gereken word. Julle is baie keer geneig om moed te verloor wanneer julle met mense praat en dit op die oog af lyk of hulle nie werklik luister of aandag gee nie. Moenie daaroor bekommerd wees nie. My Gees werk waar julle nie kan sien nie en daar sal beroeringe in daardie persoon se siel kom waarvan jy nie eers bewus is nie. Hou net aan met MY Woord en julle sal die vrugte daarvan pluk. Onthou dat MY ryk nie van hier is nie en dat julle eers die werklike vrugte hierna sal pluk. Dit sê EK aan almal wat nou voel dat hy nêrens kom met die uitdra van My Woord nie. EK sien alles raak en sal nie één van My uitverkorenes laat verlore gaan nie. Wees julle net getrou, sodat julle nie skuld daaraan sal hê as een nie gered word nie. Dra My Woord uit aan almal wat EK jou sal aanwys en jy sal nie spyt wees daaroor nie. Die liefde wat julle vir My het in julle harte, sal julle lei om ook ander lief te hê en bekommerd te voel oor hulle geestelike welstand. Daar is vandag baie geestelike nood en dit is baie donker in die wêreld. Daar is baie ander wat na MY Lig smag en wat nie weet waar om dit in die hande te kry nie. Julle wat dit alreeds het, moet nie suinig daarmee wees nie en dit aan ander uitdeel. Dit sal dan ook vir julle vermeerder. Dit werk soos die weduwee se kruik wat deur My profeet Elisa vol gehou is. Hoe meer lig jy uitdra, hoe meer word jou lig. Dit is MY Liefde, want Liefde en Lig kan nie geskei word nie. Dit is een. Dra My Liefde aan ander uit en jy sal met Liefde oorlaai word. Ook in ander woorde gesê: Dra My Woord uit en MY Gees sal in jou vermeerder. Wees nie bang om uitgelag of uitgeskel te word nie. Dit was MY lot op aarde ook, toe EK in die vlees was. Dit sál met julle ook gebeur, omdat julle MY diensknegte is en julle nie beter as EK is nie. My diensknegte is nog altyd deur die wêreld verstoot en bespot en selfs vermoor om hulle tog net stil te kry. Maar moenie ophou nie, want julle loon hierna is buitengewoon groot. Dit wat Ek vir julle berei het, is so wonderlik dat julle dit nie nou kan dra nie en julle sal dood neerslaan as julle selfs net ‘n titseltjie daarvan kon sien. Vrees nie die mense wat julle kan doodmaak nie, maar wees vir MY lief, omdat EK die EEN is wat julle kan red, of in die verderf stort. Julle sal almal op die regte tyd deur MY kom haal word en nie een sal verlore gaan nie. EK is die perfekte maaier, en die perfekte insamelaar en nie een koringkorrel sal op die dorsvloer agterbly nie. Julle mense is baie keer bang, omdat die tyd min raak, dat daar van julle geliefdes sal agterbly, maar EK verseker julle dat almal deur My gered sal word wat in MY Boek opgeskryf staan. Nie een sal agterbly nie. Dit verseker EK julle en spoor julle aan om te werk, omdat julle harde arbeid MY help om die koring in die skuur te kry. EK is die EEN wat julle die krag gee en die weg wys en al wat EK van julle vra is bereidheid en geloof in MY. Wees lief vir MY met jou hele hart en niks sal jou stuit nie. Nie eers die liggaamlike dood nie en met groot vreugde sal jy dan MY ryk wat EK vir julle berei het ingaan. Amen.

# HOOFSTUK 53

***8 Des. 2007 16:14***

EK roep na almal en EK praat sag sodat niemand skrik nie. Ek roep ook hard sodat almal MY kan hoor. Daarmee wil EK te kenne gee dat almal wat graag wil, MY Stem in sy binnekant sal kan hoor. Luister mooi of jy nie dalk al MY Stem in jou kan hoor nie. Ignoreer jy MY nie dalk nie? EK beveel nie aan almal om te skryf nie, maar EK praat met almal wat My wil hoor. Luister net fyn en EK sal jou antwoord. Dit is hoe EK met elkeen wil praat. Sag, sodat net jy MY binne jou kan hoor, maar hard genoeg sodat jy MY nie kan mis nie as jy luister. EK het almal van julle, My uitverkore volk, lief en begeer om in julle harte erken te word. EK bring geen oordeel oor julle nie. Die wat nie na MY wil luister nie, bring die oordeel oor hulleself en sal net hulleself te blameer hê as hulle in die oordeel kom. Luister baie goed na My Stem en niemand sal verlore gaan nie. As EK julle roep moet julle kom en hoe sal julle dan weet as MY Stem stil is binne jou?

As almal om jou gaan waar EK hulle heen stuur en net jy bly oor? EK sal julle almal; bymekaarbring en net die wat MY kan hoor sal gaan op MY bevel. Soek na MY Stem sodat jy nie agterbly nie. EK roep julle almal en verlang na die tweegesprek met elke een van julle wat hier lees. Dit sal vir jou ongelooflike versterking gee en jy sal baie wysheid van MY ontvang. EK sal jou antwoord op elke vraag wat jy MY vra en jy sal weet wat om te doen. Nooit sal jy weer ‘n verkeerde besluit kan maak wanneer jy MY vra en EK jou antwoord in ‘n duidelike Stem in jou hart nie. Wees bly hieroor omdat dit nie aan vorige geslagte bekend gemaak is nie en bittermin MY so kon hoor. Julle hele volk sou MY so kon hoor as julle net ‘n begeerte daartoe gehad het. Nou nooi EK julle almal uit om so na MY te soek sodat EK met julle tweegesprekke kan hou. Nooit sal jy weer alleen voel soos nou nie en jy sal versadig voel omdat die Lewende Brood die hele tyd besig is om jou te vul. Soek dag en nag daarna en jy sal My hoor. Ek wil met elke een praat wat MY liefhet. Dit is die sleutel tot MY hoorbare Stem in jou binneste- liefde. Dit is die sleutel wat elke ingang na MY oopsluit sodat jy kan ingaan en alles aanskou wat EK aan julle belowe het. Dink dag en nag met liefde aan MY en EK sal jou alles gee wat jou hart begeer. Jy sal nie meer begeertes hê na aardse dinge en glorie nie en sal daarom ook nie daarvoor vra nie. Jou begeerte sal wees om een met MY te word en dit sál aan jou gegee word. Eenheid met MY is die toppunt wat jy kan bereik hier op aarde want dan beteken dit dat jy geestelik wedergebore is en My te alle tye kan aanskou. Wat ‘n groot vreugde moet dit nie wees vir die wat MY werklik liefhet nie? Om die heletyd in MY teenwoordigheid te wees terwyl jy in ‘n aardse liggaam is. Dit is dan ook waarom EK julle aanspoor om My binne julle te soek sodat julle die komende tye kan ingaan sonder enige vrees vir enige dreiging. Niks sal jou dan bang kan maak nie en jy sal dapper die donkerte ingaan want jy is die hele tyd van MY by jou bewus. Geen bose mag sal jou dan kan onderkry nie en Ek sal jou lei en jy sal My kan sien. Dit is hoe julle dan ook vir My sal stry en hoe julle sal oorleef sonder om te val. Satan sal julle nie met enige dreigement tot oorgawe kan dwing nie omdat julle sterker as hy sal wees. Al lyk dit vir die omstanders of julle die onderspit delf, sal hulle verbaas staan en kyk hoe julle nie ingee nie en in vreugde die gees aan My teruggee. Dink hieroor na en kom soek My met groter erns sodat EK een met julle kan word en julle die stryd kan oorwin.

Amen

# HOOFSTUK 54

***8 Des. 2007 16: 40***

Julle wonder seker waarom EK in hierdie boek so baie van die komende stryd praat, terwyl dit eintlik oor MY kruisiging gaan. Dit is omdat julle almal ook julle kruisiging tegemoet gaan. Julle gaan 'n baie moeilike tyd tegemoet en dit is te vergelyk met MY kruisiging. 'n Sware steil pad lê vir julle voor en net soos wat Ek voorbereidings moes doen om die My kruisiging tegemoet te kon gaan, net so moet julle ook voorbereidings doen vir die pad wat julle sal moet stap om tot by MY te kan kom. Almal van julle wat nóu hier is, is met 'n doel hier en dit was MY plan dat julle nou in hierdie tyd op die aardbodem moes wees. Julle het 'n ooreenkoms met MY gesluit om hier te wees en julle naaste in die nood te help, want die einde is in sig. Julle nood en lyding gaan baie ander red en tot ander insigte bring, wat gaan meebring dat hulle uit die satan se kloue ontruk word. Dit lyk miskien vir julle onregverdig dat julle moet ly sodat ander gered kan word, maar het EK nie vir julle gely nie? EK het die ganse mensdom se sonde op MY skouers gedra en sodoende kan elkeen van MY volk gered word as hy graag wil. Julle naasteliefde moet so groot wees dat julle ook ter wille van hulle sal ly. Dit vra EK van julle tot redding van julle broers. Laat EK vir julle vertel van die ooreenkoms wat julle met My aangegaan het. EK het aan julle almal wat bymekaar was vertel van die einde van die aarde waarin nog 'n verlossingsperiode aangebreek het en ook aan julle die hele situasie uitgelê. Julle was almal bewus van die satansmag wat op aarde heers en ook van die swakheid van die mens. EK het dan gesê dat EK julle nodig het om vir MY te arbei hier op aarde en dat dit beteken dat julle almal weer 'n mensgedaante sal moes aanneem, om julle naaste wat nou hier is, te kom help. Julle het ingestem omdat julle MY baie lief gehad het en ook omdat julle naastes julle baie na aan die hart gelê het. Geeneen van julle is gedwing daartoe nie, dit was 'n besluit wat julle self gemaak het uit liefde vir MY en julle broers hier op aarde. Julle was almal as verheerlikte engele by MY en het alles prysgegee sodat julle weer swak kon word in die liggaam van 'n mens sodat julle die mense op aarde kan help. EK sê dit aan julle omdat dit die waarheid is en omdat EK julle wil herinner daaraan. Die tyd het buitengewoon boos geword en daarom het dit tyd geword dat EK moes ingryp en julle was deel daarvan. Gaan nou en gaan dink hieroor na en dink dan ook hoedat jy deur jou lyding, ander kan help om by MY uit te kom in 'n tyd wat baie duister en donker is. Daar het nog nooit so 'n slegte tyd op aarde geheers soos nou nie en dit bring dan ook mee dat EK die aarde nie meer vir baie langer kan spaar nie. EK moet 'n vernuwing laat plaasvind sodat die opregtes van hart weer kan leef in 'n plek waar EK die alleen Heerser is. Die boosheid moet gebind word en in die poel van vuur gewerp word en dit is nou die tyd daarvoor. Maar wees gerus, MY kinders, EK weet dat julle swak is in die vorm van 'n mens, dat julle niks van julle ooreenkoms met MY onthou nie en het begrip daarvoor en daarom kom EK nou na julle in die vorm van hierdie openbarings wat EK aan julle deur MY skryfknegte gee en gee dit aan julle met liefde uit MY Vaderhart. Dink nie dat dit nie waar is nie, omdat dit net is wat satan wil hê. Hy is buitengewoon boos en sal julle wil afbreek tot op die grond waar hy julle dan wil vertrap en tot niet maak sodat julle MY nie kan dien nie. Daarom maan EK julle om by MY te bly sodat julle vry van hom sal bly. Dit sê EK in liefde aan julle, MY getroue diensknegte en diensmaagde.

Amen.

# HOOFSTUK 55

***9 Des. 2007 05:34***

Uit die vorige hoofstuk kon julle aflei dat julle nie per ongeluk hier op aarde is nie en dit laat julle wonder waarom julle voorouers dan op daardie tydstip op aarde moes wees en so ook die mense in die donker Middeleeue ensovoorts. Maar EK wil julle net sê dat daar 'n doel is met alles en almal. EK het geweet wanneer om wie en op watter tydstip iemand op aarde te laat wees. Dit klink miskien nou vir julle snaaks, maar elkeen het 'n persoonlikheidstrek wat hom die mees geskikste maak vir 'n sekere tyd op aarde. Alle tye was nie ewe moeilik of maklik nie en daarom moes EK mense kies wat op daardie tydstip die beste hier gepas het, sodat dit die mees bevorderlikste kon wees vir sy siel. Met elke moeilike tyd het EK dan ook van MY engelwesens tussen die mense ingestuur om hulle tot MY te bekeer en hulle te lei na MY, hulle enigste Verlosser en Vriend. Dit is dan ook waarom EK julle van MY kneg Paulus Toronto vertel het, sodat julle kan verstaan dat EK nie die mense net aan hulle lot oorgelaat het nie. Maar in hierdie tyd waarin julle leef is baie meer engelwesens nodig, omdat dit 'n baie meer bedorwe tyd is en satan baie meer listig is omdat hy die einde sien naderkom. Wees julle almal maar net gerus en moenie dat enigiets julle ontstel nie, want EK is ten volle in beheer en sal julle nooit verlaat nie. Julle sal deur MY gehelp word, want EK is elke sekonde van jou lewe by jou en sien alles raak. Nie een van MY kinders sal verlore gaan nie en daarom wil EK julle versterk vir die tyd wat kom. Bly by MY en EK sal julle nog baie onbekende dinge bekend maak sodat julle alles sal verstaan. EK het julle al verlos en sal dit weer doen sodat julle MY weer kan aanskou en salig wees. Lank, lank gelede was julle almal by MY en daar het die grootste geluk en liefde denkbaar geheers en EK sal julle weer daarna terugvoer. Hou nog net 'n klein bietjie uit op hierdie bedorwe aardbodem. Hou nog net 'n klein bietjie uit ter wille van julle broers en susters in die nood en EK sal julle almal kom haal en julle loon aan julle gee.
Amen.

# HOOFSTUK 56

***10 Des. 2007 07:24***

Kyk om julle heen. Is MY skepping nie mooi nie? Julle sal nou almal sê dat julle dit al baie gesien het en dat julle al daaraan gewoond is. EK wil julle aandag weer daarop vestig en aan julle vra om MY in MY skepping te soek met julle hele harte. EK is voorwaar orals en nie net in MY skepping nie, maar wat Ek wil hê is dat julle meer moet oplet na die dinge rondom julle. EK het alles met die noukeurigste presisie gemaak en niks is onvolmaak of afgeskeep nie. Julle sit nou en dink en wonder waarop EK wil afstuur, maar EK wil aan julle bekend maak dat julle ook so presies soos EK moet wees in julle geestelike lewens. Laat niks julle ontgaan nie. Lewe net vir MY. Gaan soek in julle binneste vir foute en stel dit reg sodat julle volmaak bevind kan word net soos MY werke. EK wil julle geestelik volmaak hê, sodat EK julle met MY GEES kan vul en julle na MY kan kom sonder enige sondes in julle binneste. EK het julle lief en wil julle nie laat verlore gaan nie en daarom spoor EK julle aan sodat julle net aan MY kan dink en alle handelinge MY welgevallig kan wees. Hoe meer julle julle gedagtes aan MY sal wy, hoe meer sal julle MY Stem kan hoor en nader aan MY kan beweeg. Gee julle liefde uitsluitlik aan MY en EK sal weer aan julle teruggee sodat julle dit weer aan julle naastes kan uitdeel. Hoe meer liefde julle aan

MY gee, hoe meer liefde sal julle terug ontvang om uit te deel. Julle sal hiervan kan getuig sodra julle MY begin liefkry. Geeneen is soos EK en EK sal julle nooit mislei nie. Glo elke woord wat EK aan julle bring en handel daarvolgens. Julle het elkeen ‘n baie belangrike werk wat vir julle voorlê en EK wil julle daarvoor gereed kry, sodat julle uiters presies sal handel in MY opdragte aan julle. Gee alles aan My oor en vertrou op MY sodat EK dit kan rig soos wat Ek weet die beste is. As julle dit elke keer uit MY Hande kom neem, kan EK dit nie die beste rig nie, omdat jy dit self wil rig. Hê MY net lief en EK sal alles aan jou duidelik maak sodat jy nie meer sal twyfel nie. Julle sal die waarheid hierin raaksien sodra julle liefde vir MY groei.
Amen.

# HOOFSTUK 57

***11 Des. 2007 06: 42***

Geeneen van julle is al volmaak nie en daarom is dit vir MY nodig om julle kort-kort daaraan te herinner sodat julle daaraan kan werk om een met MY te word. Dink gedurig aan MY en julle sál een met MY word. EK wil hê dat julle dit nou moet onthou, sodat EK dit nie weer hoef te sê nie. Na MY kruisiging is daar baie onder die gewone volk gepraat oor MY en almal het oor My begin wonder. Niemand het MY kruisiging ongesiens by hom laat verbygaan nie. Baie van die mense is dan ook gered as gevolg van alles wat hulle aanskou het, terwyl hulle voor MY kruisiging ongelowig teenoor MY gestaan het. Hulle het net nie geglo dat hierdie eenvoudige man wat oral rondgeloop het, Die Ewige Elohim van Israel kon wees nie, en het altyd na ‘n groot teken gesoek wat natuurlik nooit gekom het tydens MY verblyf op aarde nie. Ten spyte van MY wonderwerke wat EK verrig het, kon hulle nogtans nie glo nie. Nadat EK gekruisig is en daar baie ander tekens ook plaasgevind het, het sekeres onder hulle wel begin glo dat EK die Verlosser was. Dit was egter dan ook te laat vir hulle en hulle moes maar tevrede wees met die gerugte en verhale wat hulle van MY gehoor het. Van hulle het MY regtig begin liefkry, en was bitter spyt dat hulle die geleentheid laat verbygaan het waartydens hulle MY in lewende lywe kon ontmoet het. Dit was egter nie te laat vir hulle om deur My gered te word nie, want EK verwelkom elke sondaarhart wat na MY kom met ope arms. Sekeres van hulle het dan ook vir My gesterf in die groot stryd wat daarna op hulle gewag het, omdat hulle ook heeltemal met MY GEES vervul geraak het. Julle mense moet nooit ‘n ander blinde vergeet en dink dat hy nie ‘n kans staan om na MY te kom nie. Julle ken nie hulle harte nie en mag daarom ook nie ‘n oordeel fel nie. EK alleen ken elke hart en weet wie dan nog ook ‘n kans staan om gered te word. Die kleinste kansie sal EK nie by iemand laat verbygaan sodat hy gered kan word nie. Al is dit op die einde van sy lewe, of op die laaste oomblik net voor MY wederkoms. Doen alles in julle vermoë om MY Woord uit te dra, sodat niemand kan sê dat hulle niks daarvan weet nie. Deur julle lyding en sterwe sal baie ook deur julle oortuig word van die Enigste, Ware Elohim wat bestaan. In ‘n donker tydperk sal julle vir MY moet skyn, sodat julle ‘n liggie op die pad kan wees vir baie ander wat nie die weg na MY ken nie. Julle sal nie mag slap lê nie en die hele tyd moet skyn. Werk sonder om te rus, sodat die duisternis julle nie dalk oorval, sodra jy in ‘n staat van rus verkeer nie. EK sal julle die krag daarvoor gee en julle sal tot op die einde vir MY kan werk. Onthou, dit was die ooreenkoms wat julle met MY gesluit het, dat julle na die aarde sal kom om MYNE te help, sodat hulle nog gered kan word voor die einde. EK het aan julle belowe om julle van krag te voorsien sodat julle sal kan aangaan en nie moeg word nie. Al wat julle gedurig moet doen is om julle krag by MY te kom haal deur ware gebed, en ‘n hegte verhouding met MY.
Amen

# HOOFSTUK 58

***11 Des. 2007 07: 19***

Dit is die groot teken wat julle moet verwag, wat julle sal aandui dat MY koms om die draai is. ’n Man sal vir MY opstaan, wat My voorloper sal wees. Hy sal opstaan en in MY Naam begin getuig. Hy sal nie deur iemand stilgemaak kan word nie en nie eers die dood of dreigemente met die dood sal hom die swye kan oplê nie. Hy sal MY voorbrand wees en sal MY wederkoms luid aan almal verkondig. Niks sal hom keer as hy eers begin het nie. Op hierdie oomblik is hy nog stil, maar MY GEES sal oor hom vaardig word en hy sal in ‘n ander mens “verander”. Die wat hom nou al ken, sal nie kan sê dat dit dieselfde persoon is nie en sal verbaas staan en toekyk hoedat hy MY Woord aan almal uitdra. EK het julle so lief, MY kinders en stuur daarom aan julle almal ‘n teken sodat julle seker kan wees dat MY koms voor die deur is. Baie van julle dink dat MY koms ten minste nog 100 jaar op Hom sal laat wag, maar EK sê julle dat julle die pot vêr mis sit. Julle almal wat nog hier lees en MY Woord met smaak (liefde) eet, sal MY koms aanskou. Baie van julle sal wel in die groot geloofstryd omkom, maar die geloofstryd gaan MY koms met ‘n paar jaar vooruit. Net ‘n paar jaar sal julle moet uithou onder die Antichris en sal julle moet ly vir MY. EK het julle egter MY ondersteuning belowe en sal julle met MY liefde deur alles dra. Julle sal self stom van verbasing staan wanneer julle sien uit watter gevare EK julle gaan red. Die van julle wat wel vir MY en julle naastes gaan sterf, sal ook deur MY gedra word, sodat die dood vir julle geen dreiging inhou nie. EK sal julle sodanig van krag voorsien dat julle sal voortgaan tot op die heel einde van julle lewens. EK sal met MY engele kom en julle (die wat gaan sterf) by die hand vat en uit die aardse liggaam uit dra. Geen pyn sal daar wees nie en die omstanders wat dit dan waarneem sal dan ‘n ommekeer maak na MY en die Antichris dan soos ‘n warm patat los. Julle sterwe sal hulle tot ander insigte bring, omdat EK dan ook sekere mense, wat julle dood aanskou, se geestesoë op daardie oomblik sal oopmaak, sodat hulle julle heengaan saam met MY sal waarneem. Dit sal hulle heeltemal onkant vang en met volle oorgawe sal hulle MY dan begin aanroep om ook deur MY gered te word. Verstaan julle nou waarom EK sê dat julle lyding ander sal red? Vertrou net heeltemal op MY sodat julle nie wankel en val nie. Gee al julle vrese in MY Hande oor en dink nie meer daaraan nie, omdat dit julle niks baat nie. EK alleen kan red, beskerm, bewaar, behoed en alle hartseer tot niet maak.
Amen.

# HOOFSTUK 59

***11 Des. 2007 07:43***

Die vorige hoofstuk was vir sekeres van julle baie skokkend, maar Ek wil hê dat julle baie mooi daaroor gaan nadink of julle daarvoor kans sien of nie. Sien julle nog nie kans daarvoor nie, is julle saak met MY nog nie in orde nie, en moet julle baie nader aan MY beweeg sodat Ek julle met krag kan omvou. Die van julle wat die toekoms, al is dit hoe donker, met ope arms tegemoet gaan, sal nog meer krag van MY ontvang, sodat julle baie vinniger met MY een sal word. Die eenwording met MY sal geskied wanneer julle dit die minste verwag en daarom moet julle alles in die stryd werp daarvoor. Glo net absoluut dat julle met MY sal verenig en begeer dit met jou hele hart en EK sal jou tegemoet hardloop sodat jy met MY vervul kan word. Hier is nog niemand wat heeltemal met MY een is nie, maar EK weet dat daar baie is wat daarna hunker en dit in die diepte van hulle wesens begeer. Dit sal dan ook gebeur en met groot lof sal julle almal dan slaag en heeltemal een met MY word. Dit is die beste wat jy vir jouself kan begeer op hierdie aarde en niks anders is so edel soos dit nie, omdat die eenwording met MY baie ander sal red. EK het by ‘n vorige geleentheid aan ‘n ander skryfkneg gesê dat die eenwording met MY iemand in staat stel om alles in en om hom tot lewe te wek en dit is die waarheid. Julle wat met MY een sal word, sal almal om julle tot lewe in MY wek sodat hulle met nuwe krag na MY sal soek tot hulle MY vind. Daarom is dit baie belangrik om na die eenwording met MY te streef, sodat jy jou naaste kan help. Julle sal dan heeltemal vernuwe voor My staan en alles in en om julle met die gees kan aanskou. Die aardse met sy doodsdreigemente sal dan vir julle nie meer iets wees waarvoor jy bang hoef te wees nie, omdat jy dan die ewigheid om jou sien. Wie kan dan nog aan ‘n aardse liggaam vasklou en sodoende die dood aanhang? Almal wat een met MY geword het, sal dan ook die skeiding met die liggaam (aardse dood) met ope arms aangryp en die geleentheid tegemoet hardloop, want dan is die tyd ook daar om heeltemal oor te gaan na die geesteswêreld wat jy dan al lankal kan waarneem. Julle wat een met MY is, sal dan ook ‘n begeerte hê om so gou as moontlik van die aardse liggaam te skei, maar sal nog moet bly totdat EK julle roep om uit te tree. Dit sal ‘n dag wees waarop julle sal juig en tot volle blydskap sal oorgaan. Dit is dan ook hoe julle tot op die einde sterk sal staan vir MY en die baie mense om julle wat nog gered moet word. Dit is die enigste weg waarop julle moet wandel, omdat EK die weg is, en as julle een met MY is, sal julle die hele tyd op MY wandel. Vergeet nie hierdie woorde van MY nie, wat

aan julle gegee word om julle nou al te versterk en bou daarop, omdat EK dit aan julle gesê het en EK die rots is waarop julle moet bou. EK het julle lief en sal daarom nooit vir julle onwaarhede vertel nie. EK versterk julle nóu sodat julle die regte keuse sal maak.
Amen, My kind, amen.

# HOOFSTUK 60

***12 Des. 2007 07:24***
Hierdie is dan nou die werk wat aan julle belowe is soos deur MY skryfkneg opgeteken in die "**Johannes Evangelie Boek 11"**. Daar is voorwaar nog baie wat kortkom en dit sal nog aan julle bekend gemaak word in komende tye wanneer julle ryper en meer ontvanklik daarvoor is. EK is Die Almagtige, die Ewige en die Enigste. Wie na My kom uit liefde, sál deur My met liefde opgeneem word. Koester geen vrees vir My nie, maar wees net vir My lief. Dit is al wat Ek wil hê. Jou liefde vir My sal jou reinig en skoon was, sodat jy `n welgevallige hart sal hê wat deur MY gevul sal word. EK is die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde. Niemand kan na My kom sonder die liefde nie. Die liefde is die Alfa en die Omega want Ek is Liefde. EK is ook die Weg, die Waarheid en die Lewe. Niemand kom na Die Vader behalwe deur My nie. EK is die Vader en hoe kan julle na MY kom sonder Liefde? Soek na My in die diepte van jou hart. Soek na My in liefde en Ek sal jou met MY liefde vervul sodat jy vernuwe voor MY sal staan. Geen mens kan na MY kom sonder liefde nie. Dit moet julle nou onthou. Die liefde is die belangrikste en gaan ondersoek jou hart of daar genoeg liefde is vir MY en jou naaste. Dit is My Woorde aan julle voor My wederkoms wat nie meer baie vêr is nie. Alles wat Ek aan julle sê, sê Ek met Liefde. Dit is die einde van hierdie boek. Daar sal nog baie openbarings aan julle gemaak word deur My skryfknegte, sodat julle nie kan sê dat julle nie geweet het nie. Eet, sodat julle versadig kan word en gereed kan wees vir die groot stryd wat voorlê. Maak julle oliekannetjies vol, want die nag gaan buitengewoon duister wees. Net EK kan julle oliekannetjies volmaak, maar julle moet kom vra daarvoor. Dink aan MY met al die liefde in jou hart en Ek sal jou vul.
Amen.

***12 Des. 2007 07:38***
Dink aan My in die tyd van nood
Want die tyd van nood is baie groot
Dink aan My voor die tyd van nood

Sodat Ek kan gee die daaglikse brood
Dink nóu aan MY
Sodat EK jou bevry
Van jou sonde, hel en dood.

EK kan alleen red
Weet dat dit waar is
Dat EK altyd daar is
En nooit sal EK julle verlaat
EK bewaar julle van alle kwaad
Gee net alles in My Hande oor
Dan sal julle niks verloor
En julle sal MY sien kom
As EK kom pluk MY blom
Waarvan julle deel is

Wees bly
Want die tyd is naby
En elkeen wat MY verwag
Sal My sien in al MY prag

Die liefde is die sleutel om tot MY te kom
Sodat jy ook deel kan wees van MY blom.

Soek MY aangesig altyddeur
Sodat jy MY kan vind
Want jy is MY kind
Wat verlore was
En honger was

Vind jou weg weer terug na MY
EK is altyd naby
En lei jou weer terug na MY Vaderhuis
Waar jy altyd sal woon aan MY sy.                    Amen.